# ’N KULTUURHISTORIESE PERSPEKTIEF OP PLAASTOERISME: GEVALLESTUDIES VAN DIE PLASE SOUTPAN EN SEWEFONTEIN IN DIE GROTER CALVINIA- EN NIEUWOUDTVILLE-DISTRIK

**MARA VISSER (nèè Theron)**

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Lettere en Sosiale Wetenskappe, Departement Geskiedenis, aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Dr M Burden

Maart 2010

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 22 Februarie 2010

Kopiereg © 2010 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

# SUMMARY

Farm tourism is a fast growing industry in South Africa and internationally. It not only supplements farmers' income, but can also contribute to social and economic developments in rural areas.

Before farm tourism can be implemented it is important to evaluate a farm and its surrounding district to assess whether it can be a successful enterprise. Certain norms are applied in the process of assessment.

An assessment was done of the farms Soutpan and Sewefontein, and also the districts of Calvinia and Nieuwoudtville. The location of the farms and surrounding areas were evaluated according to climate, ecology and geology. Tourist attractions on the farms and surrounding areas were also evaluated.

The study offers a cultural historical perspective on farm tourism: the history of the farms and their owners is discussed, as well as the architecture with regard to style, the materials and building methods. Daily life and farm activities of the nineteenth and twentieth centuries are investigated. This includes aspects of intangible culture, such as word art (including place names and names of persons), as well as weatherlore.

Tested against the system of norms, it would be possible to run a farm tourism industry on Soutpan, because there are several attractions to entice tourists to the farm. The Karoo topography and isolation of the farm will however not be acceptable to all tourists. A few of the farm buildings are derelict and extensive capital investment will be needed to repair them. Extensive marketing will also be necessary to successfully advertise and run the farm as a tourist venture. Sewefontein, on the other hand, complies to all the relevant norms and has already been established as a successful farm tourism enterprise.

# OPSOMMING

Plaastoerisme is in Suid-Afrika en in die buiteland ‘n snelgroeiende bedryf. Dit vul nie net die boer se inkomste aan nie, maar kan ook ‘n suksesvolle bydrae lewer tot die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van plattelandse streke.

Alvorens plaastoerisme bedryf word, is dit belangrik om ‘n waardebepaling van ‘n plaas en die omgewing waarin dit geleë is, te maak, om te bepaal of plaastoerisme suksesvol bedryf sal kan word. Dié waardebepaling word aan die hand van sekere norme gedoen.

‘n Waardebepaling van die plase Soutpan en Sewefontein en die Calvinia- en Nieuwoudtville-omgewings is gedoen. Die ligging van die plase en die omgewing is geëvalueer ten opsigte van klimaat, plantegroei en geologie, terwyl toeriste-aantreklikhede op die plase en in die omgewing ook ondersoek is.

Die studie bied ‘n kultuurhistoriese perspektief op plaastoerisme: die geskiedenis van die plase en hulle eienaars is bespreek, asook die argitektuur in terme van styl, boumateriaal en boumetodes. Die daaglikse lewe en plaasaktiwiteite van die negentiende en twintigste eeu is ondersoek. Dit sluit aspekte van geestelike kultuur soos volkswoordkuns (onder meer plekname en persoonsname) en volksweerkunde in.

Getoets aan die normesisteem sou dit wel moontlik wees om plaastoerisme op Soutpan te bedryf aangesien daar heelwat aantreklikhede is wat toeriste daarheen sou kon lok. Die Karoo-topografie en afgesonderheid van die plaas sal egter nie by alle toeriste byval vind nie. Van die geboue op die plaas is reeds vervalle en groot kapitale inset en intensiewe bemarking sal nodig wees om plaastoerisme suksesvol te bedryf. Sewefontein voldoen goed aan die normesisteem en plaastoerisme kan, en word reeds, suksesvol daar bedryf.

**Hierdie werk word opgedra aan my ouers:**

**Petrus Lodevicus (Pieter) Theron**

**en Irene Angeline Josephine Theron (nèè Schmidt)**

# BEDANKINGS

Hiermee wil ek graag dankie sê aan die volgende persone sonder wie hierdie studie nie moontlik sou wees nie:

- Tant Kotie en wyle oom Kosie Boltman, vir julle volgehoue entoesiasme en die talle kere wat julle saam met my na Sewefontein gegaan het. Niks was ooit te veel moeite vir julle nie.
- Gerhard Boltman, vir die magdom van kennis oor Soutpan wat hy met my gedeel het en die tyd wat hy aan my afgestaan het.
- Hanna Boltman, vir haar vriendelikheid, gasvryheid en bereidwilligheid om altyd verblyf aan my te verskaf as ek Calvinia besoek het.
- Dr Matilda Burden, vir haar volgehoue aanmoediging en bekwame leiding.
- Al die informante wat tyd aan my afgestaan het en met geduld en entoesiasme hulle kennis met my gedeel het.
- Frikkie, my man, vir hulp met die foto's.
- Irene en Mareli, my dogters, vir hulle belangstelling en aanmoediging om my studie te voltooi.
- Die Goeie Gewer, vir krag en genade.

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| | **Inleiding** | **1** |
| | Probleemformulering | 1 |
| | Doel van die ondersoek | 1 |
| | Terreinafbakening | 2 |
| | Navorsingsmetodologie en evaluering van bronne | 2 |
| | Spelling van plekname | 5 |
| **1** | **Hoofstuk 1: Plaastoerisme** | |
| 1.1 | Inleiding | 6 |
| 1.2 | Konseptualisering van die begrip *plaastoerisme* | 7 |
| 1.3 | Rede hoekom plaastoerisme bedryf word | 8 |
| | 1.3.1 Ekonomies | 9 |
| | 1.3.2 Benutting van natuurlike hulpbronne | 9 |
| | 1.3.3 Opvoeding op sosio-kulturele vlak | 9 |
| | 1.3.4 Bewaring en benutting van geboue | 9 |
| | 1.3.5 Sosiale kontak | 10 |
| 1.4 | Redes hoekom toeriste plase besoek | 10 |
| | 1.4.1 Bekostigbaarheid | 10 |
| | 1.4.2 Opvoedkundig | 10 |
| | 1.4.3 Dienslewering | 10 |
| | 1.4.4 Natuurbelewing | 11 |
| 1.5 | Plaastoerisme in die buiteland | 11 |
| | 1.5.1 Inleidend | 11 |
| | 1.5.2 Frankryk | 12 |
| | 1.5.2.1 Bemarking | 12 |
| | 1.5.2.2 Fondse | 12 |
| | 1.5.2.3 Gradering | 13 |
| | 1.5.3 Duitsland | 13 |

1.5.3.1.Bemarking 14
1.5.3.2 Fondse 14
1.5.3.3 Gradering 14
1.5.4 Swede 14
1.5.5 Engeland 15
1.5.5.1 Bemarking 15
1.5.5.2 Fondse 16
1.6 Rol van plaastoerisme in Suid-Afrika 16
1.7 Rol van plaastoerisme in Calvinia en Nieuwoudtville 17
1.8 Waardebepaling van ‘n plaas 20
1.8.1 Regionale karakteristieke 20
1.8.1.1 Natuurlike skoonheid van omgewing 20
1.8.1.2 Kulturele en sosiale karakteristieke 20
1.8.1.3 Sport en ontspanningsfasiliteite 21
1.8.1.4 Kommersiële fasiliteite 21
1.8.1.5 Openbare infrastruktuur 21
1.8.1.6 Houding teenoor toeriste 22
1.8.1.7 Toeganklikheid tot ‘n streek 22
1.8.1.8 Bestaande infrastruktuur vir toerisme 22
1.8.2 Kenmerke van plaas 22
1.8.2.1 Natuurlike eienskappe van plaas 22
1.8.2.2 Geboue en kulturele artefakte 23
1 8.2.3 Infrastruktuur en menslike hulpbronne 23
1.9 Problematiek rondom plaastoerisme 23
1.9.1 Fondse 24
1.9.2 Restourasie of opknapping van geboue 25
1.9.3 Akkommodasie 25
1.9.3.1 Fasiliteite 25
1.9.3.2 Gradering 26
1.9.4 Administrasie 26
1.9.5 Bemarking 27
1.9.5.1 Publisiteit 28

1.9.5.2 Advertensie 28
1.9.5.3 Spesiale aanbiedinge 28
1.9.5.4 Persoonlike kontak 29
1.9.6 Voorsiening van ontspanningsgeriewe 30
1.9.7 Negatiewe aspekte van plaastoerisme 30
1.9.7.1 Ekonomies 30
1.9.7.2 Fisies 30
1.9.7.3 Sosio-kultureel 31
1.9.7.4 Polities 31
1.10 Samevatting 31

**2 Hoofstuk 2: Calvinia 33**
2.1 Ligging 33
2.2 Geografie 34
2.2.1 Klimaat 34
2.2.2 Plantegroei 34
2.3 Historiese agtergrond 35
2.3.1 Geskiedenis van die area 36
2.3.1.1 Boesmans 36
2.3.1.2 Khoi 37
2.3.1.3 Blanke veeboere 38
2.4 Besienswaardighede 40
2.4.1 Blomme 40
2.4.2 Akkerendam Natuurreservaat 41
2.4.3 Calvinia Museum 42
2.4.4 Groot posbus 43
2.4.5 NG Moederkerk 43
2.4.6 Die Hantamhuis 44
2.4.7 Die Dorphuis 45
2.4.8 Karoo Boekehuis 45
2.4.9 Huis, Waterstraat 35 46
2.4.10 Carmel Villa 47

| | | |
|---|---|---|
| **3** | **Hoofstuk 3: Nieuwoudtville** | **50** |
| 3.1 | Ligging | 50 |
| 3.2 | Geografie | 50 |
| | 3.2.1 Klimaat | 50 |
| | 3.2.2 Geologie | 51 |
| | 3.2.3 Plantegroei | 52 |
| 3.3 | Historiese agtergrond | 53 |
| 3.4 | Besienswaardighede | 56 |
| | 3.4.1 Blomme | 56 |
| | 3.4.2 Nieuwoudtville Veldblomreservaat | 57 |
| | 3.4.3 Gletserspore | 58 |
| | 3.4.4 Nieuwoudtville waterval | 59 |
| | 3.4.5 Kokerboomwoud | 59 |
| | 3.4.6 Oorlogskloofnatuurreservaat | 60 |
| | 3.4.7 Nederduits Gereformeerde Kerk | 61 |
| | 3.4.8 Pastorie | 62 |
| | 3.4.9 Blake se huis | 64 |
| | 3.4.10 Ander besienswaardighede | 64 |
| 3.5 | Samevatting | 64 |
| **4** | **Hoofstuk 4: Die plaas Soutpan** | **66** |
| 4.1 | Geografie van Soutpan | 66 |
| | 4.1.1 Geologie | 66 |
| | 4.1.2 Klimaat en plantegroei | 66 |
| 4.2 | Geskiedenis van die plaas | 68 |
| | 4.2.1 Eienaars | 68 |
| | 4.2.2 Die Theron-familie | 74 |
| | 4.2.3 Die Boltman-familie | 75 |
| 4.3 | Boukuns van die omgewing | 78 |
| | 4.3.1 Pioniersboukuns | 78 |
| | 4.3.2 Klip- en kleihuise | 79 |
| 4.4 | Boumetodes van die omgewing | 81 |

4.4.1 Dakke 81
4.4.2 Mure 82
4.4.3 Vloere 83
4.4.4 Houtwerk 83
4.5 Die opstal en werf van Soutpan 84
4.5.1 Lettie Briers se huis (A) 84
4.5.2 Lelik gewel (B) 87
4.5.3 Woonhuis van Theunis en Jonas (C) 87
4.5.4 Skooltjie (D) 88
4.5.5 Waenhuis (E) 91
4.5.6 Melkkamer (F) 91
4.5.7 Annie se kamer (G) 93
4.5.8 Woonhuis (H) 93
4.5.9 Jan Slaai se huis (I) 99
4.5.10 Meulhuis (J) 100
4.5.11 Boy se waenhuis (K) 100
4.5.12 Kraal en kalwerhok (L & M) 102
4.5.13 Smidswinkel (N) 102
4.5.14 Palvie se kamer (O) 104
4.5.15 Kafhok en perdestal (P & Q) 104
4.6 Daaglikse lewe op Soutpan 105
4.6.1 Agtergrond 105
4.6.2 Plaasaktiwiteite 106
4.6.3 Anglo-Boereoorlog 108
4.6.4 Geestelike kultuur 110
4.6.4 1 Dood en begrafnis 110
4.6.4.2 Onderwys 111
4.6.4.3 Volkswoordkuns 112
4.6.4.3.1 Plekname 112
4.6.4.3.2 Persoonsname 113
4.6.4.4 Geloof 113
4.6.4.4.1 Formele godsdiens 113

4.6.3.4.2 Volksgeloof 115

4.7 Samevatting 115

**5 Hoofstuk 5: Die plaas Sewefontein 118**

5.1 Ligging van Sewefontein 118

5.2 Geografie 118

5.2.1 Klimaat en plantegroei 118

5.2.2 Geologie 118

5.3 Geskiedenis van die plaas 121

5.3.1 Eienaars 121

5.3.2 Die Nel-familie 123

5.3.3 Die Boltman-familie 126

5.4 Boukuns van die omgewing 128

5.5 Die opstal en werf van Sewefontein 128

5.5.1 Woonhuis (A) 128

5.5.2 Waenhuis, kafhok en trapvloer (B) 135

5.5.3 Hoenderhok (C) 138

5.5.4 Bakoond en seeppot (D) 138

5.5.5 Onderwyser se huis (E) 139

5.5.6 Stalle (F) 139

5.5.7 Murasie (G) 143

5.5.8 Skooltjie (H) 143

5.6 Daaglikse lewe op Sewefontein 145

5.6.1 Agtergrond 145

5.6.2 Plaasaktiwiteite 147

5.6.3 Geestelike kultuur 149

5.6.3.1 Lewensiklus 150

5.6.3.1.1 Geboorte en doop 150

5.6.3.1.2 Huwelik 150

5.6.3.1.3 Dood en begrafnis 151

5.6.3.2 Onderwys 152

5.6.3.3 Volkswoordkuns 155

5.6.3.3.1 Plekname 155
5.6.3.3.2 Persoonsname 155
5.6.3.4 Geloof 156
5.6.3.4.1 Kerkgeloof 156
5.6.3.4.2 Volksgeloof 156
5.6.3.5 Volkswetenskap 157
5.6.3.5.1 Volksgeneeskunde 157
5.6.3.5.2 Volksweerkunde 158
5.7 Samevatting 160

**6 Hoofstuk 6: Toepassing van die normesisteem 162**
6.1 Inleiding 162
6.2 Regionale norme 162
6.2.1 Natuurlike skoonheid van die omgewing 162
6.2.2 Kulturele en sosiale karakteristieke 164
6.2.3 Sport en ontspanningsfasiliteite 167
6.2.4 Kommersiële fasiliteite 168
6.2.5 Openbare infrastruktuur 169
6.2.6 Houding teenoor toeriste 170
6.2.7 Toeganklikheid tot ‘n streek 171
6.2.8 Bestaande infrastruktuur vir toerisme 171
6.3 Kenmerke van die betrokke plase 172
6.3.1 Natuurlike eienskappe van die plase 172
6.3.2 Geboue en kulturele artefakte 173
6.3.3 Infrastruktuur en menslike hulpbronne 174
6.4 Voorstelle ten opsigte van die plase se gebruik as gasteplase 175

**7 Hoofstuk 7: Evaluering 178**

**Bronne 182**

# INLEIDING

## Probleemformulering

Plaastoerisme word oorsee en ook in Suid-Afrika as 'n goeie bron van inkomste vir die boer of eienaar van 'n plaas beskou. Voordat die boer egter onkostes aangaan om sy plaas oop te stel vir plaastoerisme is dit belangrik om te bepaal of die plaas hom werklik leen tot die plaastoerisme bedryf. Vrae soos die volgende moet gevra word: is daar werklik aantreklikhede op die plaas wat toeriste daarheen sal lok? Indien wel, wat is daardie aantreklikhede? Is daar aantreklikhede wat in die eerste plek toeriste na die omgewing sal lok, want toeriste kom na 'n spesifieke omgewing en soek daarna verblyf. Indien die plaas en die omgewing aan die vereistes vir die bedryf van plaastoerisme voldoen, het die eienaar van die plaas die ingesteldheid om plaastoerisme volhoubaar te bedryf?

Die twee plase Soutpan en Sewefontein in die Calvinia- en Nieuwoudtville-distrikte onderskeidelik, dien as gevallestudies in 'n poging om bogenoemde vrae aan te spreek. In albei gevalle word die huise op die plase nie meer bewoon nie en is die eienaars in dieselfde dilemma as baie ander plaaseienaars. Moet die geboue geleidelik vervalle raak, of kan daar aan 'n manier gedink word om die geboue te probeer bewaar? In hierdie geval is plaastoerisme een van die wyses waarop gepoog kan word om die historiese geboue op die twee plase te bewaar en met die inkomste wat deur plaastoerisme gegenereer word, in stand te hou.

## Doel van die ondersoek

Met die studie word gepoog om twee plase met 'n soortgelyke geskiedenis en wat in dieselfde streek geleë is, te vergelyk as potensiële bestemmings vir plaastoerisme. Spesifieke doelwitte vir die studie is die volgende:

- om die plase se ligging te evalueer aan die hand van klimaat, plantegroei en geologie
- om die argitektuur van die geboue te evalueer ten opsigte van die styl van die geboue, die boumateriaal, asook die boumetodes wat gebruik is

- om sekere aspekte van nie-tasbare kultuur te ontleed
- om ‘n sisteem van norme vir plaastoerisme daar te stel.

**Terreinafbakening**

Die twee plase wat vergelyk word, is Soutpan wat ongeveer tagtig kilometer vanaf Calvinia in die Hantam-Karoo geleë is en Sewefontein wat in die omgewing van Nieuwoudtville op die Bokkeveldplato lê. Albei val geografies in die Noord-Kaap.

Die argitektuur wat bespreek word, is die van al die geboue op die twee plase asook in ‘n mindere mate van sekere historiese geboue op die dorpe Calvinia en Nieuwoudtville.

Die tydperk wat gedek word, is vanaf die agttiende eeu toe die trekboere die gebied binnegedring het tot teenswoordig. Die meeste geboue op die twee plase dateer uit die negentiende eeu alhoewel sommige aanbousels uit die twintigste eeu het.

Nie alle aspekte van kultuur word bespreek nie, aangesien dit so ‘n wye veld dek. Sekere aspekte van nie-tasbare kultuur word wel ontleed omdat dit ook ‘n belangrike inherente deel van kultuur vorm wat gewoonlik agterweë gelaat word by analises van plaastoerisme. Die aspekte van nie-tasbare kultuur wat bespreek word, is hoofsaaklik soos dit in die negentiende en twintigste eeu ervaar is en in sommige gevalle tans nog ervaar word.

Om die sukses van plaastoerisme vir die twee plase te bepaal, word die plase getoets aan bepaalde norme wat tans vir plaastoerisme daargestel word.

**Navorsingsmetodologie en evaluering van bronne**

In die toerismebedryf word gewoonlik klem geplaas op die stoflike kultuur. Om ‘n volledige kultuurhistoriese perspektief op plaastoerisme te kry, is dit belangrik dat ‘n holistiese benadering gevolg word, daarom is daar ten opsigte van navorsingsmetodologie gebruik gemaak van die Burden-model. Met behulp van dié model kan kultuurhistorici hulleself oriënteer binne hul eie vakgebied en hulle spesifieke terreine van navorsing binne die raamwerk van Kultuurgeskiedenis in perspektief stel. Die model bied ‘n

oorkoepelende beeld van die inhoud van die vakgebied, en dui die verskillende dimensies of vlakke waarbinne kultuurgeskiedenis opereer, aan (Burden 2000:15-16).

Die model bestaan uit drie asse wat mekaar reghoekig sny en wat omring word deur 'n sirkel wat van die geheel 'n bal maak. Buite-om is nog twee sirkels wat die sfere van die natuurlike en die bonatuurlike voorstel. Punt A op die vertikale as verteenwoordig *geestelike kultuur* (nie-tasbare) en punt B *stoflike kultuur* (tasbare). Punt C verteenwoordig *patrisiër kultuur* en punt D *volkskultuur*. Punt E verwys na *tradisionele kultuur* en punt F na *eietydse kultuur* (Burden 2000:20,23,25).

Deurgetrek na 'n praktiese vlak en soos toegepas in hierdie studie, omsluit A studieterreine wat onder meer die volgende behels: geloof, genealogie, lewensvorme en woordkuns. Van die terreine wat deur B gedek word is: bedrywe en ambagte, boukuns, interieur, vervoer en voedsel en drank. Patrisiër kultuur verwys na kultuurgoedere wat tot stand gebring is deur persone wat die geleentheid tot akademiese skoling gehad het (Burden 2000:22-23). Dokumentasie van formele boukuns soos die kerke en Victoriaanse huise is voorbeelde van patrisiër kultuur. Daarteenoor staan volkskultuur waar individue of groepe kultuurprodukte skep waarvoor hulle nie formele, akademiese opleiding ontvang het nie. Die plaasgeboue, volkswoordkuns en volksgeloof wat gedokumenteer is, verteenwoordig hierdie kultuur.

Die term tradisioneel verteenwoordig 'n voorwerp, 'n gebruik, 'n idee, of 'n stuk taal wat reeds deur die gemeenskap aanvaar is en as 'n tradisie van een geslag na 'n ander oorgegee word. Eietyds verwys na moderne of hedendaagse verskynsels wat nog nie as tradisies erken word nie (Burden 2000:25). Tradisionele boumetodes soos vir opgekleide mure wat tans nog by restourasie van geboue gebruik word en taalgebruik soos die *klippe is gedres*, wat tans nog gebesig word, is voorbeelde van tradisionele kultuur wat in die moderne tyd gebruik word.

Deur middel van die Burden-model is aspekte uit elke vlak waarbinne kultuurgeskiedenis funksioneer, in die studie aangespreek. Daar is gepoog om 'n holistiese beeld van die kultuurgeskiedenis van die twee plase, soos dit vir plaastoerisme gebruik sou kon word, uit te beeld.

Hoofstukke 1-3 oor plaastoerisme, Calvinia en Nieuwoudtville dien as agtergrond waarteen die twee plase se toerisme-potensiaal in die verdere hoofstukke ontleed word. Daarom berus die navorsing vir dié drie hoofstukke hoofsaaklik op sekondêre bronne. 'n Groot aantal primêre bronne is wel vir die res van die studie aangewend.

Daar is begin met navorsing vir die studie deur 'n literatuursoektog te doen oor plaastoerisme soos bedryf in Suid-Afrika en in die buiteland. Vir dié doel is veral tydskrifartikels geraadpleeg om sodoende die mees resente inligting oor plaastoerisme te verkry. Daarna is literatuur oor die betrokke dorpe en hul omgewing asook oor die spesifieke plase geraadpleeg. Reisbeskrywings van reisigers soos Burchell en Lichtenstein wat die gebied rondom Calvinia en Nieuwoudtville besoek het, het waardevolle inligting verskaf oor ekonomiese en sosiale toestande in die negentiende eeu. Alhoewel daar 'n magdom literatuur oor toerisme beskikbaar is, is daar nie baie vakliteratuur oor plaastoerisme nie. Statistiek oor die getal persone wat oornag op plase in Suid-Afrika is byvoorbeeld nie beskikbaar nie. Vakliteratuur in Suid-Afrika gepubliseer, soos dié van Baxter, Bruwer en de Jager, kon goed gebruik word. Al die bronne was nie altyd betroubaar nie – inligting in die publikasie van Schutte is byvoorbeeld 'n paar keer foutief bewys deur oorspronklike dokumentêre bronne.

Albei die plase is verskeie kere besoek en foto's is by elke geleentheid geneem. Die geboue is van buite en binne ondersoek met die doel om dit so goed as moontlik te dokumenteer. Die besienswaardighede in die twee dorpe is besoek en gefotografeer en waar moontlik is daar met die eienaars van geboue in die dorpe onderhoude gevoer. Private manuskripte wat handel oor die historiese huise wat deur hulle bewoon word, is deur van die eienaars beskikbaar gestel.

Argivale bronne in die Kaapse Argiefbewaarplek is geraadpleeg om inligting oor die onderskeie plase en hulle eienaars in te win vanaf die tye toe die plase as leen- en erfpagplase uitgegee is. Persoonlike inligting oor die eienaars van die plase kon op dié wyse ingewin word, veral uit die Opgaafrolle en testamente van individue.

Waardevolle inligting oor die plaasskole is uit die argiefgroepe van die Superintendent-Generaal van Onderwys (SGE) en die Provinsiale Administrasie Onderwys (PAE) verkry, maar daar was ook leemtes. Alhoewel daar heelwat inligting oor die plaasskool op

Sewefontein in die Nieuwoudtville-distrik beskikbaar is, was daar min besonderhede oor die plaasskool op Soutpan.

Die transportaktes van die plase is by die Aktekantoor in Kaapstad nagevors, maar die dokumentasie was nie volledig wat Soutpan betref nie en die eerste akte inskrywing vir dié plaas blyk foutief te wees.

Onderhoude is gevoer met die plaaseienaars en familielede wat self op die plase gewoon het en die plase en omgewing goed ken, asook met eienaars van historiese huise op die dorpe Calvinia en Nieuwoudtville. Mnr FHG (Gerhard) Boltman, mev AJL (Kotie) Boltman en mnr PJ (Kosie) Boltman se insette was van groot waarde. Vir die verkryging van inligting oor die geologie van die omgewing is vakspesialiste geraadpleeg. In hierdie opsig was die geoloog, dr Hannes Theron, ‘n waardevolle informant.

**Spelling van plekname**

Plekname word in die verskillende bronne verskillend gespel. Vir die doel van die studie is ‘n naam oorgeneem op die wyse wat dit in die betrokke dokument gespel is, en waar dit nie uit ‘n bron kom nie, is die mees moderne spelling gebruik. ‘n Voorbeeld is die plaasnaam Sewefontein wat in dokumente as Zevenfontein en Seeven fonteinen aangegee word.

# HOOFSTUK 1

# PLAASTOERISME

## 1.1 Inleiding

Plase vorm 'n inherente deel van die landskap in Suid-Afrika en in die buiteland. Alhoewel dit meestal as landbou- en bosbouproduserende eenhede beskou word, is groot dele van plase dikwels onder lae intensiteit gebruik of landboukundig onproduktief. Plase se gebiede kan natuurlike hulpbronne soos riviere, vlaktes, berge, valleie en geologiese formasies omsluit. Wild, voëls, reptiele, plante en bome word daar gevind. Op plase is daar gewoonlik iets wat mense wil sien, wat hulle wil ervaar; plase het dus baie toerisme potensiaal (Hattingh 1995:7). Een plaas kan dikwels vir die toeris 'n omvattende ekologiese, geskiedkundige, kultuurhistoriese, argeologiese en avontuurervaring bied (De Swardt 1997:274).

In Suid-Afrika en die res van die wêreld is die toerismebedryf snel groeiend en dit word wêreldwyd as die grootste enkele verdiener van buitelandse valuta en die grootste inkomste- en werkskepper erken. Een van die doelstellings van die bedryf is om toerisme nie net in die stede nie maar ook op die platteland te bevorder, op so 'n wyse dat plattelandse gemeenskappe baat daarby sal vind. Daar is oral deur die wêreld 'n groeiende tendens om grondgebruik en ekonomiese ontwikkeling te integreer en om toerisme 'n steeds groter rol daarin te laat speel. Plaastoerisme kan dus 'n suksesvolle bydrae lewer tot die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van plattelandse streke (Dower 1973:466).

Boere soek landwyd na maniere om produksiekostes te besnoei, die rand se wisselkoers tot hul voordeel aan te wend en om uitvoer en verkope aan te pas by bepaalde behoeftes. Pogings om wins te verhoog word al meer riskant, maar daar is een sektor wat al beter vaar, naamlik toerisme. Boere kyk dus al hoe meer na die voordele wat toerisme vir hulle inhou en plaastoerisme as alternatief tot die boerdery om daardeur 'n bykomende inkomste te verkry, word al hoe aantrekliker (Erasmus 2004:42).

Plaastoerisme in die strengste sin van die woord dui daarop dat inkomste uit toerisme vir minstens 25% van die plaas se inkomste sorg, maar dat boerdery nog die belangrikste aktiwiteit op die plaas bly. Besoekers kan op ‘n dagtoer 'n plaas besoek of daar oornag. Plaastoerisme omsluit plaasakkommodasie, plaasetes, plaasaktiwiteite plaasbesighede, plaasbesienswaardighede en plaastoeristesentrums (Holdnak *11* 2000:146).

## 1.2 Konseptualisering van die begrip *plaastoerisme*

‘n Literatuursoektog na die term *plaastoerisme/farm tourism* lei na verskeie ander terme soos agri-toerisme, landboutoerisme, plattelandse toerisme en alternatiewe toerisme. Roberts en Hall beweer dat Europese gemeenskappe die term landelike toerisme aangeneem het vir alle toerisme-aktiwiteite in die platteland en dat bogenoemde vier terme gebruik word om die toeriste-aktiwiteite te beskryf soos aangedui in (De Jager 2003:28).

In Suid-Afrika word die terme landboutoerisme, agri-toerisme en plaastoerisme gebruik. Bruwer definieer landboutoerisme as … *alle aktiwiteite wat op ‘n vakansieplaas plaasvind waarby toeriste betrokke is. Die plaaseienaar baat deurdat sy inkomste verhoog word en hy in staat is om sy hulpbronne in die vorm van arbeid, kennis, grond, geboue/fasiliteite en natuurlike hulpbronne meer doeltreffend te kan aanwend* (1990:viii). Toeriste kan, volgens Bruwer, ‘n vakansieplaas as dag- of oornagbesoekers besoek (1990:ix).

Plaastoerisme word deur Baxter as omvangryk beskou en volgens haar omsluit dit die verband wat daar tussen ontspanning, landbou, natuurlike en mensgemaakte toeristeaantreklikhede, die toeris en die boer bestaan (1992:4). Aansluitend hierby verklaar Hattingh dat by plaastoerisme die volgende begrippe van belang is: daar is natuurlike hulpbronne soos berge, vleilande, riviere, flora en fauna en mensgemaakte erfenisbronne soos rotskuns. Op plase word die daaglikse aktiwiteite van mense en die verhouding tussen mens en natuur uitgebeeld. Plase bevat aantreklikhede wat toeriste wil sien, dus het dit toerisme potensiaal (1995:7).

Plaastoerisme word in die buiteland volgens verskillende definisies omskryf. Hoyland sien dit as die verskaffing van tydelike verblyf en/of direkte of indirekte ontspanningsfasiliteite op ‘n plaas waarop geboer word. Hy wys egter daarop dat die toeristebedryf in sommige

gevalle die voedselproduserende funksie op 'n plaas vervang, en dat die omskrywing dat dit 'n plaas is waarop geboer word, nie meer belangrik is nie (1982:383). Frater daarteenoor beskryf plaastoerisme as 'n toeristeonderneming wat bedryf word op 'n plaas waarop daar geboer word. Plaastoerisme is volgens haar aanvullend tot die bestaande plaasaktiwiteite waarmee 'n boer hom moet besig hou (1983:167).

Holdnak verklaar dat vroeë definisies van plaastoerisme baie omskrywend was en dat dit enige plaasaktiwiteit wat in verband met toerisme gebring kon word, ingesluit het. Later is die definisie vernou om op die gebruiker te fokus en het die klem verskuif van *toerisme op plase* na *plaastoerisme.* Plaastoerisme sluit die volgende in: plaasakkommodasie, plaasetes, plaasaktiwiteite, plaasaantreklikhede en plaastoerismesentrums (2000:146).

Volgens Gössling word plaastoerisme gekonseptualiseer as 'n *alternative farm enterprise.* Plaastoerisme is deel van landelike toerisme en die feit dat akkommodasie op 'n plaas waarop geboer word, verskaf word, is een van die belangrikste kriteria vir plaastoerisme. Nog 'n belangrike kriterium is dat plaastoerisme nie die hoofbron van inkomste vir 'n boer moet wees nie, maar 'n aanvullende inkomste, en dat boerderybedrywighede die belangrikste funksie op die plaas moet wees (2002:18).

Uit bogenoemde definisies en omskrywings kan samevattend verklaar word dat plaastoerisme beskryf kan word as plaasaktiwiteite en ontspanning waarby toeriste betrokke is en wat verkieslik op 'n plaas waarop geboer word, plaasvind. Plase waar boerdery nie meer aktief beoefen word nie, kan egter nie uitgesluit word nie. Oornagverblyf word aan toeriste verskaf en die inkomste wat uit plaastoerisme verkry word, is slegs aanvullend tot die boerdery.

### 1.3 Redes waarom plaastoerisme bedryf word

Plaastoerisme word in verskillende lande om die volgende redes bedryf:

### 1.3.1 Ekonomies

Plaastoerisme is gewoonlik ‘n ekonomiese inspuiting vir die boer: dit vul sy landboubedrywighede aan en verhoog sy jaarlikse inkomste (Frater 1983:168). Ekstra inkomste verhoog die boer en sy gesin se lewenstandaard. Werksgeleenthede word aan gesinslede en aan plaasarbeiders verskaf (Bruwer 1990:82). Indirek help plaastoerisme om die bestaande infrastruktuur van plattelandse gebiede te versterk en te verbeter. Meer toeriste na ‘n gebied beteken ‘n groter geldtoevloei wat weer ‘n invloed op die ontwikkeling van die gebied het ten opsigte van verbetering en opgradering van paaie, watertoevoer, elektrisiteit en telefoondienste. Winkels, banke en petrolstasies se omset word ook verhoog en plaaslike produkte het ‘n groter afsetgebied (Gössling 2002:25).

### 1.3.2 Benutting van natuurlike hulpbronne

Natuurlike hulpbronne soos berge, riviere, vlaktes en interessante geologiese formasies word benut. Dit is egter baie belangrik dat volhoubare ontwikkeling van die natuurlike hulpbronne moet plaasvind en dat die hulpbronne nie beskadig moet word in 'n poging om toeriste daarheen te lok nie. Bewaring en konservering van plaasgrond is van uiterste belang sodat die nageslagte dit nog in die toekoms kan benut (Holdnak *11* 2000:146).

### 1.3.3 Opvoeding op sosio-kulturele vlak

Boere wil hul grond vir toekomstige geslagte bewaar. Plaastoerisme bied ‘n uitstekende geleentheid om toeriste op te lei ten opsigte van landbou- en omgewingsake. Deur middel van inligtingstoere of informele geselsies kan die boer aan die toeris die geskiedenis van die plaas vertel, of spesiale eienskappe van die plaas of die unieke ekologie van die omgewing uitwys. Dit kweek 'n begrip van bewaring en waardering vir die omgewing by die toeris (Holdnak*11* 2000:146).

### 1.3.4 Bewaring en benutting van geboue

Deur die bedryf van plaastoerisme benut en bewaar boere plaasgeboue wat andersins tot niet sou gaan omdat dit te duur sou wees om in stand te hou. Die gerestoureerde geboue dra ook by tot waardeverbetering van die plaas (Mosely 2001:50-51).

### 1.3.5 Sosiale kontak

Plase is dikwels in afgeleë gebiede en die boer en sy gesin kom nie daagliks in die dorp nie. Plaastoerisme bied die boer en sy gesin die geleentheid om sosiale kontak met ander mense te maak en sodoende hul lewenskennis te verbreed (Baxter 1992:87).

## 1.4 Redes hoekom toeriste plase besoek

### 1.4.1 Bekostigbaarheid

Tariewe vir akkommodasie vir plaasvakansies, gesien teenoor tariewe vir hotelle, is goedkoper. Vir baie toeriste is ‘n plaasvakansie die enigste tipe vakansie wat hulle kan bekostig. In Frankryk en Duitsland word plaastoerisme bevorder deur die konsep van sosiale toerisme, synde dat ieder en elk die geleentheid moet hê om vakansie te neem, ongeag die inkomste of grootte van die gesin (Frater 1983:175). In Duitsland is daar ‘n regeringstelsel waarvolgens gesinne met drie of meer kinders, of met ‘n lae inkomste, ‘n plaasvakansie mag neem. Die gesin kan dan ‘n groot gedeelte van hul onkoste van hul plaaslike *Bergermaster* verhaal deur die toon van ‘n kwitansie, uitgereik deur die boer van die plaas waarop hulle vakansie gehou het (Frater 1983:175).

### 1.4.2 Opvoedkundig

Baie stedelinge het op plase grootgeword en wil graag die ondervinding met hul kinders deel. Hulle voel dat hul kinders tydens 'n plaasvakansie op ‘n informele wyse opgevoed kan word aangaande diere, plante en die natuur en dat hulle aan ‘n hele nuwe ervaringsveld blootgestel word (Vogeler 1977:295).

### 1.4.3 Dienslewering

Toeriste wat moeg is vir onpersoonlike hotelle en onpersoonlike kamers kry goeie dienslewering en persoonlike aandag tydens plaasvakansies. Toeriste geniet dit om te slaap in ‘n kamer met ‘n geskiedenis, met ‘n naam soos die melkkamer, die meelkamer of die vleiskamer (Pieterse 1995:23).

### 1.4.4 Natuurbelewing

Vir baie stedelinge is dit 'n nuwe, interessante ondervinding om eerstehands met die natuur kennis te maak, om in berge en klowe te stap, in bergpoele of rivierstrome te swem en om veldblomme, klein velddiertjies en voëls te sien.

## 1.5 Plaastoerisme in die buiteland

### 1.5.1 Inleidend

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n aansienlike toename in die vryetydsbesteding van stedelinge gekom as gevolg van faktore soos verhoging van persoonlike inkomste, bekostigbaarheid van motors deur die individu en die algemene instelling van 'n vyfdag werksweek. Stedelinge het nou meer en meer die geleentheid gekry om in die platteland vakansie te gaan hou (Dower 1973:465). Terselfdertyd het plattelandse gebiede van geïndustrialiseerde lande groot veranderinge ondergaan as gevolg van ekonomiese, politieke, sosiale en tegnologiese ontwikkelinge. Kommersialisering en meganisering van landboubedrywighede, ontwikkeling van tegnologie en verbetering van vervoerstelsels het die landbousituasie baie verander en dit dikwels meer riskant en ingewikkeld gemaak. In 1978 het die Internasionale Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling tot die slotsom gekom dat tussen 40 en 60% van alle boere in hoogs geïndustrialiseerde lande in Europa as deeltydse boere beskou kan word omdat hulle meer as die helfte van hulle inkomste uit nie-landbou bronne verkry (Dernoi 1983:155). Terselfdertyd het bogenoemde organisasie statistieke gepubliseer wat 'n groeiende toerisme industrie in die hoogs geïndustrialiseerde lande toon. In die lig van bogenoemde bevindinge is 'n simposium in Junie 1982 in Finland gehou met die doel: *to study and exchange experiences on the positive and negative effects of tourism on agriculture and on the various forms and possibilities for integrating tourism into agriculture for the benefit of farmers and tourists and the development of rural areas* (Dernoi 1983:155).

Toerisme op die platteland word dus in verskeie lande gesien as 'n meganisme vir sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die platteland en plaastoerisme spesifiek as 'n manier waardeur die boer 'n groter inkomste kan verdien en terselfdertyd 'n bydrae kan maak tot die bewaring van die natuur en die kultuurhistoriese erfenis van die platteland. Plaas-

toerisme groei steeds in populariteit, deels weens die toeris wat altyd vir 'n nuwe manier van vakansie hou soek en deels weens die boerdery gemeenskap se soeke na maniere om hul inkomste te vergroot.

Verskeie lande oorsee bedryf al dekades lank plaastoerisme op 'n gesonde basis met die hulp van of 'n ondersteunende nasionale beleid, goeie bemarking of goeie befondsing. Plaastoerisme in Frankryk, Duitsland, Swede en Engeland word ter illustrasie bespreek.

### 1.5.2 Frankryk

Frankryk het 'n uitstekende nasionale beleid ten opsigte van plaastoerisme met 'n uitgebreide organisatoriese struktuur om dit te ondersteun. In 1954 is deur middel van die Ministerie van Landbou die *gites rureaux prives* bekend gestel waardeur finansiële hulp aan boere verleen is indien hulle onbewoonde plaashuise en buitegeboue as akkommodasie aan toeriste wou bied (Frater 1983:170). (*Gite* is 'n goedgekeurde, gemeubileerde huis op 'n plaas wat vir minstens drie maande per jaar verhuur word aan toeriste) (Wrathall 1980:194). Die toeris kry op dié wyse redelik geprysde akkommodasie in die platteland, die boer vul sy inkomste aan en dit help om die plattelandse bevolking te stabiliseer. Plaastoerisme het in Frankryk so gegroei dat die *gites* stelsel aangepas is en nou nie net meer plaashuis akkommodasie omsluit nie. Kloosters, windmeulens, chateaux, kampeer- en karavaanfasiliteite op plase word ook vir akkommodasie gebruik (Wrathall 1980:195).

#### 1.5.2.1 Bemarking

Die onderskeie *Relais Departementals des Gites* verskaf aan hul plaaslike *gites*-lede bemarkingsmateriaal, pamflette en brosjures met inligting oor akkommodasie, kostes en fasiliteite. Besprekings vir die onderskeie *gites* word ook gedoen (Wrathall 1980:195).

#### 1.5.2.2 Fondse

Finansiële hulp word deur die staat aan boere wat plaastoerisme wil bedryf, verleen. Hulp aan die Franse boere omsluit belastingverligting, subsidies, billike landboulenings en verminderde BTW. Finansiële hulp word aan die boer verskaf as hy wandelpaaie op sy

plaas wil bou en onderhou en fietse wil aanskaf vir die toeriste om mee rond te ry. Fondse is beskikbaar vir padaanwysings asook vir die verskaffing van kaarte oor 'n betrokke area (Hoyland 1982:387).

Boere kan aansoek doen om subsidies of lenings om plaasgeboue te verander of verbeter. Die lenings word teen ‘n billike rente verskaf, dek tot 70% van hul onkoste en kan oor ‘n tydperk van twee tot vyftien jaar terugbetaal word (Wrathall 1980:194). Boere onder die ouderdom van vyf en dertig jaar, in besit van meer as twintig hektaar grond en wat langer as vyf jaar boer, kan op nog groter finansiële hulpverlening staatmaak. Die boer moet sy plaaslike *Relais Departemental des Gites* kontak en ‘n kaart van die streek waar sy plaas is asook ‘n plan van die plaashuis inhandig. Ou historiese geboue moet verkieslik met die hulp van ‘n argitek gerestoureer en bewaar word. Werk moet onder toesig van die Departement van Landbou geskied (Wrathall 1980:194).

Die *gites* word finansieel deur die Franse regering, by name die Ministerie van Landbou en die Ministerie van Sport en Ontspanning ondersteun. Dit word sentraal beheer deur die *Federation Nationale des Gites Ruraux de France*, maar elke departement het sy eie plaaslike afdeling en lede van dié afdeling is ook lede van die plaaslike *gite*. Hulle word plaaslik bygestaan deur verteenwoordigers van landbou-organisasies en toeristeverenigings en hulle doelwit is om plaastoerisme te bevorder (Wrathall 1980:195).

#### 1.5.2.3 Gradering

Frankryk gebruik sedert 1966 die *epis* stelsel. Dit werk op ‘n puntestelsel, toegeken volgens die fasiliteite wat op die plaas verskaf word. Die stelsel is so ontwerp dat dit plaaseienaars aanmoedig om hul plase te verbeter en hoë standaarde te handhaaf. Dit bepaal ook die tariewe wat hul vir akkommodasie mag vra (Frater 1983:175).

### 1.5.3 Duitsland

Die Duitse regering bevorder en verleen hulp aan ‘n goed beplande plaastoerisme industrie omdat dit gesien word as ‘n manier om die ekonomiese struktuur van minder ontwikkelde plattelandse areas te verbeter. Saam met die regering speel die *National Farmers Union* ‘n groot rol by plaastoerisme (Hoyland 1982:388). Finansiële toegewings

deur die regering en die hoë standaarde wat deur die boere ten opsigte van akkommodasie gehandhaaf word, blyk ‘n wenresep te wees.

#### 1.5.3.1 Bemarking

Die *National Farmers Union* het ‘n aandeel in die publikasie van ‘n professionele brosjure om plaastoerisme te bevorder. Die brosjure word vir besprekings en advertensie doeleindes gebruik en word tweejaarliks opgedateer (Hoyland 1982:388).

#### 1.5.3.2 Fondse

Duitse boere kry hulp van die staat om plaastoerisme te bevorder in die vorm van subsidies wat aan hulle toegestaan word (Frater 1983:172). Belastingheffings en boekhouding vir ‘n omset van minder as 'n bepaalde bedrag is nie nodig nie. Dit, saam met ‘n lae inflasiekoers sorg dat boere wat plaastoerisme bedryf, finansieel goed daaraan toe is (Hoyland 1982:388).

#### 1.5.3.3 Gradering

Die Landbouvereniging van die gewese Wes-Duitsland het ‘n skema waarvolgens standaarde van plaasakkommodasie verhoog kan word. Die skema word deur die boere self befonds en gerugsteun deur die Duitse nasionale boere-unie. Nadat die boer goedkeuring gekry het om by die skema aan te sluit, word sy akkommodasie elke twee jaar geïnspekteer, dit sorg dat hoë standaarde gehandhaaf word (Frater 1983:175).

### 1.5.4 Swede

Sweedse boere se betrokkenheid by plaastoerisme is georganiseer in ‘n nie-winsgewende organisasie *Bo pa Lantgard*. Die organisasie is in 1989 gestig met die ondersteuning van die Nasionale Agentskap vir Landbou en die Boere-unie (Gössling 2002:19). Tans is daar een nasionale en twintig streekskantore. Indien boere geïnteresseerd is om plaastoerisme te bedryf, kan hul by *Bo pa Lantgard* om hulp aanklop. Hulle kry ‘n inligtingspaket van die organisasie wat al die essensiële inligting bevat wat nodig is om met plaastoerisme te begin. Die paket bevat inligting oor kwaliteit, standaarde, wetlike status, versekering en

bemarking. Lidmaatskapsfooie is gering, ongeveer 65 euro per jaar vir nasionale en 11-76 euro per jaar vir streeksfooie. 'n Enkelbedrag van 108 euro is betaalbaar vir 'n kontrolebesoek aan die plaas deur die organisasie voordat die boer sy plaastoerismebedryf mag begin. In 2001 was daar reeds 490 plase waar plaastoerisme bedryf word (Gössling 2002:20).

### 1.5.5 Engeland

In 1968 met die *Countryside Act* begin die Britse regering om daadwerklik vir massa ontspanning in die platteland voorsiening te maak. Die doel is om toerisme in die platteland te bevorder op so 'n wyse dat die plaaslike gemeenskappe daarby baat kan vind. Toerisme word deur die Engelse regering gesien as 'n wyse waarop sosiale en ekonomiese ontwikkeling in onontwikkelde streke kan plaasvind. Die groeiende neiging is om grondgebruik en ekonomiese ontwikkeling te integreer en toerisme 'n steeds groter rol daarin te laat speel. Daar is dus 'n skakel tussen ontspanning, toerisme en boerdery. Omdat die boere al meer die waarde van plaastoerisme besef, stel die *National Farmers' Union* ook voortdurend ondersoek in na maniere waarop die boeregemeenskap kan baat vind by toerisme en ontspanning (Dower 1973:466).

#### 1.5.5.1 Bemarking

In Engeland is die neiging onder boere om bemarking in groepsverband te doen. 'n Groep boere bemark dit wat eie aan hul plase en hul streek is. Die groep bestaan gewoonlik uit vyftien tot twintig persone en elk maak 'n geldelike bydrae tot die brosjures wat gepubliseer word. Die gevoel onder die boere is dat goeie brosjures meer toeriste lok, dat daar gevolglik 'n langer toeristeseisoen is en dat die groep idees oor bemarking kan uitruil en ondervindinge kan deel (Frater 1983:169). Slee beweer egter dat volgens marknavorsing wat in Devon, Engeland in 1983 gedoen is, slegs 37% van die boere groepsbemarking 'n goeie idee vind. Elke individu wil eerder sy eie plaas bemark en as hy effektiewe bemarking doen en 'n goeie besetting het, wil hy nie sy idees en planne met ander boere deel nie (Slee 1984/5:322).

#### 1.5.5.2 Fondse

Alhoewel Engeland nie 'n nasionale beleid het waarvolgens boere finansiële hulp vir die plaastoerisme bedryf kan ontvang nie, is daar tog instansies wat finansiële hulp aan die boere verleen. In 2003 het die *North West Development Agency* £2,68 miljoen vir die ontwikkeling van plaastoerisme in die noord-westelike deel van Engeland gegee. Individuele boere kan vir tot £11,000 aansoek doen met die voorwaarde dat hulle ook van hul eie geld in die onderneming steek. Met die geld moet daar veral aan bemarking en opleiding aandag gegee word (Riley 2003:8).

Gina Woodcraft van *Cartwheel,* 'n plaastoerisme maatskappy, beweer in 2004 dat daar nog nie voldoende steun vanaf regeringskant vir plaastoerisme is nie. Britse toeriste organisasies moet gedurig by die regering om fondse aansoek doen en dit veroorsaak dat langtermyn beplanning, met genoegsame fondse, nie kan geskied nie. Sy waarsku dat lande wat aan die Europese Unie behoort plaastoerisme entoesiasties bedryf en groot finansiële steun van hul onderskeie regerings kry en dit kan veroorsaak dat Engeland op die lange duur potensiële toeriste kan verloor (Cooper 2004:22).

### 1.6 Rol van plaastoerisme in Suid-Afrika

Alhoewel plaastoerisme reeds geruime tyd al in die buiteland bedryf word, is die bedryf nog redelik nuut in Suid-Afrika. Die eerste Suid-Afrikaanse Nasionale Kongres vir Plaastoerisme is in 1987 in Bloemfontein gehou (Baxter 1992:iii). Die Toerismenavorsingseenheid van die Kaapse Technikon is in 1988 versoek om 'n studie te onderneem om die potensiaal van plaastoerisme te ondersoek (Bruwer 1990:1). Volgens die studie was die bevinding dat die aantal betalende oornagbesoekers wat vakansieplase gedurende 'n een jaar tydperk besoek, in 1990 alreeds ongeveer 231 000 persone (Bruwer 1990:136). Omdat Suid-Afrika geen amptelike liggaam het waarby mense wat plaastoerisme bedryf, kan registreer nie, is daar nie betroubare inligting of meer onlangse statistieke daaroor nie. Navrae deur die tydskrif *Landbouweekblad* het tot skattings gelei wat gewissel het van drieduisend tot drie-en-twintigduisend instellings (hotelle uitgesluit) wat huisvesting op 'n bed-en-ontbyt- of selfversorgingsgrondslag aanbied. Hiervan kan ongeveer drieduisend op plase wees (Botha 2000:31). Die webwerwe van *South Africa Guest Farms* en *Farm Stay Accomodation* verskaf lyste van beskikbare

plaasakkommodasie, maar geen aanduiding kan verkry word van hoeveel oornagbesoekers wel van die plaasakkommodasie gebruik maak nie. Alle plaaseienaars wat akkommodasie verskaf, is ook nie by bogenoemde webwerwe geregistreer nie dus sou 'n betroubare getal van oornagbesoekers nie weergegee kon word nie. Die jaarverslae van *South African Tourism* dui ook nie aan of besoekers van plaasakkommodasie gebruik maak nie.

Plaastoerisme groei sterk in Suid-Afrika alhoewel dit nog 'n relatief nuwe veld van toerisme is. Die eerste provinsiale plaas- en landboutoerisme seminaar en werksessie is in Grahamstad aangebied onder groot belangstelling van boere en instansies (Botha 2000:30). Nog 'n werksessie is in George deur die *Landbouweekblad* en die skakelmaatskappy *Boscia* aangebied (Coetsee 2004:48). Die bedryf het egter nog met probleme soos swak ekonomiese toestande en oneffektiewe beplanning en bestuur te doen. Die Suid-Afrikaanse publiek en boere is ook nog nie bewus genoeg van die voordele van plaastoerisme nie. Die onkunde lei daartoe dat die potensiaal van plaastoerisme nie ten volle in Suid-Afrika benut word nie (De Jager 2003:166).

### 1.7 Rol van plaastoerisme in Calvinia en Nieuwoudtville

Boere van plase in die Calvinia (Noord-Kaap) en Nieuwoudtville (Noord-Kaap) omgewing benut die blommeprag wat elke jaar vir ongeveer agt weke in die area te sien is (figuur 1 en 2). Aanvanklik, soos in die geval van die Van der Merwes van Matjiesfontein, Calvinia, is besoekers uit die omgewing toegelaat om die veldblomme op plase te besigtig. Jaarliks het meer toeriste oor groter afstande gekom en vertoë vir verversings, kleedkamers en akkommodasie het gevolg. Besigtiging van veldblomme het gegroei tot 'n bloeiende plaastoerisme bedryf wat nie meer net beperk is tot die maande wanneer die veldblomme te sien is nie (Moseley 2001:50).

Huisvesting in Calvinia kan tans (2007) by die volgende plekke verkry word: twee hotelle, vier bed-en-ontbyt gastehuise, agt selfsorgeenhede en een woonwapark. Genoemde huisvesting is in die dorp. Vyf plase in die distrik bied ook huisvesting (Mev M Hugo 2007:onderhoud).

*Figuur 1: Kaart van Suid-Afrika met Noord-Kaap aangedui*
*(http://www.blms.issaquah.wednet.edu/South Afr…)*

*Figuur 2: Kaart van Noord-Kaap met Calvinia en Nieuwoudtville aangedui*
*(http://www.places.co.za/maps/northern_cape_map.html)*

In die dorp Nieuwoudtville kan huisvesting by die volgende plekke gevind word: een hotel, twee gastehuise, vyf selfsorgeenhede en een woonwapark. Sewentien plase in die distrik bied akkommodasie aan (Brosjure: Nieuwoudtville). Nieuwoudtville is ‘n kleiner dorp as Calvinia en dit word weerspieël in die kleiner aantal eenhede op die dorp wat as huisvesting aangebied word. Die groot aantal plase wat akkommodasie bied, is waarskynlik weens die feit dat Nieuwoudtville-distrik meer bekend is vir sy blommeprag en dat die blomme juis op hul beste op die uitgestrekte plase te sien is.

### 1.8 Waardebepaling van ‘n plaas

Alvorens plaastoerisme bedryf word, is dit belangrik om eers ‘n voorlopige waardebepaling van die omgewing en ‘n spesifieke plaas te maak. Die vraag of daar genoeg aantreklikhede op ‘n plaas en in die omgewing is om toeriste daarheen te lok, moet gevra word. ‘n Waardebepaling van ‘n plaas en omgewing kan aan die hand van die volgende norme gedoen word:

#### 1.8.1 Regionale karakteristieke

##### 1.8.1.1 Natuurlike skoonheid van omgewing

Wat is daar in die omgewing wat toeriste daarheen sal lok? Pragtige natuurskoon is een van die aspekte van plaastoerisme wat vir die toeris van groot belang is (Pienaar 1993:52). Is daar verskillende geografiese eienskappe soos berge, kranse, ravyne, interessante rotsformasies en landformasies? Wild wat vrylik rondbeweeg en wat sigbaar en toeganklik vir toeriste is, is 'n bate vir die omgewing. Plantegroei, veldblomme, interessante bome en ongeskonde woude dra ook by tot die diversiteit van die omgewing. Indien dit ‘n waterryke omgewing is, word daar voorsiening gemaak vir watersport? (Fausnaugh ea 2004:2).

##### 1.8.1.2 Kulturele en sosiale karakteristieke

Het die omgewing ‘n ryke verlede? Is daar historiese geboue en huise, museums en monumente? Word bogenoemde bewaar en benut? Is daar areas wat religieuse waarde het, plekke van aanbidding, begraafplase en sendingstasies? (Fausnaugh ea 2004:2).

Gereelde aktiwiteite soos landbouskoue, spesiale feeste of enige ander kulturele of sosiale gebeurtenis waardeur plaaslike produkte bekend gestel word, lok ook toeriste (Baxter 1992:76).

#### 1.8.1.3 Sport en ontspanningsfasiliteite

Watter sportfasiliteite soos gholfbane, tennisbane, sportvelde en swembaddens is beskikbaar? Word daar voorsiening gemaak vir kinders deur middel van veilige speelgrond en parke? Indien die omgewing hom daartoe leen, kan avontuurlike sportsoorte soos rotsklim, abseil en valskermspronge beoefen word. Aktiwiteite soos perdry, stap- en fietsroetes, asook verskillende watersportsoorte soos seilvaart, kanovaart, duik en swem is deesdae uiters gewild by toeriste (Fausnaugh ea 2004:3). Water het 'n wonderlike terapeutiese, kalmerende effek op mense en is ‘n belangrike toeriste aantreklikheid in enige omgewing (Baxter 1992:64).

#### 1.8.1.4 Kommersiële fasiliteite

Is daar ‘n verskeidenheid winkels, word daar aan toeriste se behoeftes voldoen ten opsigte van banke, poskantore, vulstasies en restaurante? Kan toeriste voldoende akkommodasie kry in hotelle, motelle, gastehuise in die dorpe en op plase? (Fausnaugh ea 2004:3).

#### 1.8.1.5 Openbare infrastruktuur

Goeie pad-, lug- en spoorverkeersweë is belangrik wanneer toeriste ‘n spesifieke omgewing wil besoek. Die grootte, spoed en omvang van openbare vervoer is van belang asook die roetes wat gery word, die frekwensie daarvan en die pryse (Pienaar 1993:24). Toeriste maak ook soms gebruik van die dienste van medici, die polisie of ander nooddienste, dit is dus belangrik dat daar sulke dienste beskikbaar is. Inligtingsentrums, die verskaffing van kaarte en brosjures, die beskikbaarheid van toergidse en die aanbieding van plaaslike toere is belangrike dienste wat toeriste verlang. Mooi parke, skoon ruskamers en stilhouplekke is ook lokmiddels vir toeriste (Fausnaugh ea 2004:3).

#### 1.8.1.6 Houding teenoor toeriste

Is daar ‘n goeie toeriste-infrastruktuur om aan die behoeftes van die toeris te voldoen? Verskaf plaaslike besighede goeie diens aan die toeris en word daar ook voorsien in die behoeftes van persone van ander kultuurgroepe? Voel die toeris welkom in die streek en wil hy weer daarheen terugkom? (Fausnaugh ea 2004:4).

#### 1.8.1.7 Toeganklikheid tot ‘n streek

Paaie in die omgewing wat in ‘n goeie toestand is met genoegsame padaanwysings op hoof- en sekondêre paaie, bepaal in 'n groot mate toeganklikheid tot 'n streek. Kan verkeer vrylik sonder oponthoud beweeg en is daar seisoenale faktore soos sneeu, hoë reënval of stofstorms wat verkeer kan beïnvloed? (Fausnaugh ea 2004:4).

#### 1.8.1.8 Bestaande infrastruktuur vir toerisme

Is daar reeds gevestigde toeristebedrywe in die omgewing? Indien wel, hoe groot is die toeristebedryf aldaar en is daar die moontlikheid om deel te wees van die reeds bestaande toeristebedrywighede? Word toeriste net seisoenaal gelok deur natuurverskynsels of spesiale feeste of besoek toeriste die omgewing gereeld? (Fausnaugh ea 2004:4). Dat reeds gevestigde toeristebedrywighede belangrik is in ‘n omgewing blyk uit Coetsee se stelling dat plaastoerisme meestal nie ‘n bestemming is nie. Mense gaan nie noodwendig na jou plaas toe ry soos na die see vir ‘n vakansie nie. Toeriste word getrek deur besienswaardighede of gebeure in ‘n streek en soek dan oornagverblyf in die omgewing (2004:49).

### 1.8.2 Kenmerke van plaas

#### 1.8.2.1 Natuurlike eienskappe van plaas

Daar moet gekyk word na die natuurskoon: is daar interessante landformasies op die plaas of op aangrensende plase? Is daar diversiteit in die plantegroei? Is daar wild op die plaas en kan dit besigtig word? (Fausnaugh ea 2004:5). Waterbronne is ‘n baie groot waardetoevoeging tot ‘n plaas. Damme, riviere of waterstrome kan onderskeidelik gebruik

word vir swem, visvang, waterski, seilvaart of kanovaart terwyl waterverwante aktiwiteite soos staptogte, kampering en voëlwaarneming ook beoefen kan word (Baxter 1992:64,66).

#### 1.8.2.2 Geboue en kulturele artefakte

Is daar historiese geboue op die plaas of 'n standbeeld of monument ter gedagtenis aan 'n historiese gebeurtenis? Kan toeriste op wandelpaaie op die plaas rondstap? (Fausnaugh ea 2004:5). Landbouaktiwiteite soos skaapskeer, hoenders kosgee of druiwepluk is groot aantreklikhede vir stadskinders wat gretig met die werkies op 'n plaas sal help. Ritte op ou vervoermiddels soos waens of kapkarre is ook gewild onder jonk en oud (Van Hoven 1991:40, 45).

#### 1.8.2.3 Infrastruktuur en menslike hulpbronne

Is daar elektrisiteit, water en genoegsame toiletgeriewe beskikbaar vir gebruik deur toeriste? Toegangspaaie en parkeerplekke moet genoegsaam en in 'n goeie toestand wees asook piekniekplekke en braaigeriewe (Fausnaugh ea 2004:6).

Opgeleide plaasarbeiders om met die onderneming behulpsaam te wees en eienaars wat oor die nodige bekwaamheid en gasvryheid beskik om gedurig met toeriste te werk, is 'n bate vir enige plaas. Eienaars van plase moet kundig genoeg oor alles op hul plase wees sodat hulle toeriste se vrae kan beantwoord want toeriste wil weet wat op die plaas is, wat hulle daar kan sien en wanneer (Pieterse 1995:23). Beskik plaaseienaars oor besigheidsvaardighede sodat hulle die onderneming suksesvol kan administreer? Gaan seisoenale aktiwiteite 'n invloed op die onderneming hê? (Fausnaugh ea 2004:6).

### 1.9 Problematiek rondom plaastoerisme

Nadat 'n evaluering van die omgewing en die plaas gedoen is en indien die uitslag gunstig was, kan die eienaar van die plaas besluit of hy wil voortgaan om plaastoerisme te bedryf. Verskeie uitdagings en probleme moet aangespreek word alvorens plaastoerisme suksesvol bedryf kan word.

### 1.9.1 Fondse

Gebrek aan fondse is altyd ‘n probleem en heelwat boere moet van geleende fondse gebruik maak om uitbreidings te finansier. In die buiteland, in lande soos Duitsland, Frankryk en Engeland, is plaastoerisme ‘n gevestigde bedryf en is finansiële statistiek geredelik beskikbaar; in Suid-Afrika is dit nog nie die geval nie. Bankbestuurders het nie riglyne waarvolgens hulle plaastoerisme ondernemings finansier nie en boere vind dit nie altyd maklik om lenings te kry om byvoorbeeld ‘n ou plaasskuur in akkommodasie vir gaste te omskep nie (Bezuidenhout 2001:55-56). Boere maak dus dikwels gebruik van plaaswerkers om plaashuise te herstel of geboue van nuuts af te bou teen die minimum kostes (Pienaar 1993:60).

Boere kan wel op finansiële vergoeding aanspraak maak vir onkostes aangegaan om ‘n plaastoeriste onderneming te vestig deur gebruik te maak van *Small Enterprise Employers of South Africa (SEESA).* Dit is ‘n organisasie wat as fasiliteerder van beleggingstoekennings dien. Persone dien hul aansoek vir onkostes aangegaan by *SEESA* in, dit word deur kundige konsultante verwerk en voorberei en by die Departement van Handel en Nywerheid ingedien met die doel om ‘n belegginstoekenning terug te kry. Die beleggingstoekennings is ‘n poging van Departement Handel en Nywerheid om toerisme te ondersteun en werksgeleenthede te skep. Dit versprei die verantwoordelikheid om toeristefasiliteite te skep na individue of groepe en vergoed hulle daarvoor. Alle verskaffers van korttermyn akkommodasie, byvoorbeeld gastehuise, bed-en-ontbyt eienaars, kleiner hotelle en selfsorg-eenhede asook toeriste-vervoeroperateurs kwalifiseer vir die beleggingstoekennings. Beleggingstoekennings is beskikbaar vir nuwe besighede en uitbreidings en geskied in die vorm van kwartaallikse of jaarlikse terugbetalings sodra bewys gelewer kan word dat kwalifiserende bates in bedryf gestel is. Uitbreidings moet ‘n werklike toename van 25% in akkommodasie toon. Die grootte van ‘n beleggingstoekenning word bepaal deur die verkryging van kwalifiserende bates in drie kategorieë: geboue, meubels en toerusting en voertuie. Die beleggingstoekenning is 10% van die totale kostes aangegaan, word uitbetaal vir ‘n maksimum periode van drie jaar en is belastingvry (Brosjure: *Seesa Commerce*).

Die persoon wat van die diens gebruik maak, het nog die probleem van befondsing aangesien die beleggingstoekenning eers gegee word nadat alle uitbreidings of verbeterings afgehandel is.

### 1.9.2 Restourasie of opknapping van geboue

Restourasie of opknapping van bestaande geboue op 'n plaas met die doel om dit as gasteverblyf te gebruik, blyk dikwels in Suid-Afrika problematies te wees. Leegstaande geboue verval maklik en wanneer 'n ou historiese gebou as verblyf aangewend gaan word, word die eienaar voor die keuse gestel om dit te restoureer of op te knap. Restourasie is 'n duur en tydrowende proses wat deur min individue bekostig kan word en boere moet hulle dikwels wend na goedkoper, bekostigbare metodes om geboue te bewaar. As daar 'n keuse gemaak moet word tussen restourasie en opknapping van geboue word laasgenoemde dikwels gekies.

### 1.9.3 Akkommodasie

#### 1.9.3.1 Fasiliteite

Leegstaande plaashuise, buitekamers, rondawels**,** kampeerterreine en onbenutte kamers in die bestaande plaashuis, is die akkommodasie-fasiliteite wat tot die beskikking van oornagbesoekers gestel word. Doelgerigte infrastruktuur is die akkommodasie-fasiliteit wat gemiddeld die meeste oornagbesoekers tevrede stel. Baie min plaaseienaars is bereid om toeriste-akkommodasie binne hul eie woonhuis te verskaf (Bruwer 1990:35-36).

Die tipe akkommodasie-fasiliteite wat beskikbaar is, speel ‘n rol by die keuse van die oornagbesoeker. Daar is gewoonlik drie tipes akkommodasie: selfvoorsiening (*self catering),* aandete, bed en ontbyt en slegs bed en ontbyt. Akkommodasie aanvraag is onderhewig aan hoogs veranderlike aanvraagpatrone; dit word weerspieël in die feit dat plase soms net naweke benut word. Goeie benutting van akkommodasie is dikwels seisoenaal, byvoorbeeld tydens die Kaapse blommeseisoen (Pienaar 1993:55, 60). Daar is konstante uitgawes betrokke by die voorsiening van akkommodasie-fasiliteite. Gebruiksartikels soos die yskas, breekgoed en messegoed moet in stand gehou word.

Nuwe bedlinne en handdoeke moet gereeld aangekoop word en personeel moet in diens geneem word om dit te was (Walton 2002:64).

#### 1.9.3.2 Gradering

Die nasionale graderingstelsel van Suid-Afrika is geskoei op internasionale navorsing asook marknavorsing. Die *Nasionale Gradering Raad van Suid-Afrika* gebruik die *ster* simbool vir gradering op 'n skaal van een tot vyf. Een ster is redelik en vyf sterre uitstekend. Gradering vind plaas volgens verskillende kategorieë: bed en ontbyt, gastehuis, hotel, losieshuis, selfvoorsienende eenheid, hostel, karavaan en kampering, herehuis (Brosjure: *Tourism Grading Council of South Africa*).

Om in aanmerking te kom vir gradering moet die aansoeker 'n vorm van die *Nasionale Gradering Raad van Suid-Afrika* voltooi. 'n Assessor van die Raad sal die betrokke fasiliteit besoek en 'n gradering aanbeveel by die Raad. Die gradering is geldig vir twaalf maande en die fooie wat betaalbaar is, word bereken volgens die aantal kamers van die betrokke fasiliteit (Brosjure: *Tourism Grading Council of South Africa*).

Die meeste respondente in 'n studie gedoen deur Bruwer is nie bereid dat hul plase vir doeleindes van toerisme gegradeer word nie omdat hulle onseker is van die voordele wat dit vir hulle kan inhou (1990:103).

Bruwer het as navorser opgetree by 'n studie waar die Toerismenavorsingseenheid aan die Kaapse Technikon in 1988 versoek is om die potensiaal van landboutoerisme te ondersoek (1990:1). Data is met behulp van twee empiriese ondersoeke versamel wat in samewerking met Research Surveys landswyd uitgevoer is. Die eerste gestruktureerde onderhoude is met agthonderd blanke huisvrouens gevoer. Vir die tweede opname is posvraelyste aan 227 potensiële respondente betrokke in landboutoerisme, gestuur (Bruwer 1990:3,5).

### 1.9.4 Administrasie

Die plaaseienaar, sy vrou en plaasarbeiders is hoofsaaklik gemoeid met plaastoerisme-aktiwiteite. Die kinders van die plaaseienaar is relatief onbetrokke. Die plaaseienaar en sy

vrou doen feitlik uitsluitlik die besprekings en ontvangs van besoekers op die plaas, ander persone soos werknemers, plaasbestuurders en kinders speel 'n ondergeskikte rol in dié opsig (Bruwer 1990:81-82).

Die plaasboer se vrou vervul 'n belangrike rol binne die plaastoerisme opset. Die vroue is in die meeste gevalle betrokke by die stigting en bestuur van die plaastoerismebedryf. Die meeste boervrouens is opgeleide persone wat alternatiewe opsies in terme van besigheidsgeleenthede en selfvervulling op die plaas ondersoek en dan so betrokke raak by plaastoerisme (De Jager 2003:145,147). Plaaswerkers se betrokkenheid is wisselend van aard en omvang. Die gemiddelde aantal plaaswerkers betrokke op 'n vakansieplaas is 8,5 persone en die meerderheid plaaswerkers betrokke by plaastoerisme is vroue (Bruwer 1990:102).

Administrasie kan problematies wees in die opsig dat dit baie van die boer en sy vrou se tyd in beslag neem, want daar moet altyd iemand beskikbaar wees om besprekings te doen en besoekers te ontvang. Die plaaseienaar en sy gesin moet daarvan hou om met mense te werk en moet deurentyd op dienslewering ingestel wees. Vriendelikheid word ten alle tye van die plaaseienaar verwag (Meintjes 2000:11). Die besoeker/gasheer verhouding kan gespanne raak omdat gedurige besoekers 'n invloed op die lewe van die boer en sy gesin het. Hulle kan aggressie opbou teenoor die besoeker weens die gereelde inbreuk op hul privaatheid (Baxter 1992:113).

### 1.9.5 Bemarking

Plaastoerisme is 'n besigheid waar 'n diens gelewer moet word aan 'n tevrede betalende klant. Bemarking is 'n baie belangrike aspek van die plaastoerismebedryf, dit help nie dat die boer die fasiliteite het om plaastoerisme te bedryf as hy nie toeriste na sy plaas kan lok nie. Om 'n plaastoerisme bemarkingstrategie te ontwikkel, is die volgende van belang:

- om in die bestuur van die plaas voorsiening te maak vir die behoeftes van die toeris
- die belangrikheid van marknavorsing te erken en te bepaal of daar 'n aanvraag vir plaastoerisme in 'n spesifieke streek is
- om 'n bemarkingsplan te ontwikkel, te bepaal wie die teikenmark is en watter winste verwag kan word

Bemarkingskontrole is nodig om standaarde daar te stel en veranderinge te maak, indien nodig (Baxter 1992:118).

Verskillende bemarkingsmetodes wat in vier kategorieë verdeel word, kan aangewend word.

#### 1.9.5.1 Publisiteit

Plaaslike tydskrifte soos *Landbouweekblad* en *Getaway* het 'n groot leserstal en artikels oor plaastoerisme wat in die tydskrifte verskyn, lok dikwels oornagbesoekers na die betrokke plase waaroor die artikels gehandel het. Radio-uitsendings soos *Calling all farmers* en *Holiday guide* maak luisteraars ook bewus van plaastoerisme (Baxter 1992:119). Vir Afrikaanse luisteraars is daar die program *Bon voyage* wat Saterdae op *Radio Sonder Grense* aangebied word en die meer resente plaaslike tydskrifte soos *Weg* en *Country Life* bied ook goeie publisiteit vir plaastoerisme.

#### 1.9.5.2 Advertensie

Verskillende media kan gebruik word vir advertensies: plaaslike en streekskoerante, radiostasies, televisie-uitsendings, kennisgewings langs paaie, brosjures wat by reisagente of die plaaslike inligtingsburo geplaas word, direkte pos. Die metodes is almal koste-intensief (Baxter 1992:119).

#### 1.9.5.3 Spesiale aanbiedinge

Spesiale aanbiedinge is gewoonlik gerig op groepe eerder as individue. Metodes wat gebruik kan word, omsluit kompetisies (wen 'n naweek op 'n plaas); aanloklike pakette (vir gesinne of gestremdes); spesiale gebeure (opedae op 'n plaas) of advertensie foefies soos gratis penne of sleutelringe. Daar moet deeglik beplan en begroot word vir die aanbiedinge (Baxter 1992:119).

### 1.9.5.4 Persoonlike kontak

Persoonlike kontak geskied as die toeris deur die plaaseienaar persoonlik verwelkom word. Dit skep 'n goeie, vriendelike atmosfeer en 'n geleentheid waar die toeris vrae kan vra en dit dadelik beantwoord kan word. Persoonlike kontak plaas ook 'n groot verantwoordelikheid op die kontakpersoon want as daar nie relevante, genoegsame inligting verskaf word nie, gaan potensiële gaste verloor word (Baxter 1992:119-120).

Reklame deur middel van mondelinge aanbevelings *(word of mouth)* deur familie en vriende, is die metode wat die meeste gebruik word. Daarna volg pamflette, advertensies in streekskoerante en nabygeleë hotelle, advertensies in Sondagkoerante, direkte posblaadjies en advertensies op streeksradio (Bruwer 1990:91).

Volgens 'n studie gedoen onder boere van die Wes-Devon distrik van Dartmoor, Engeland, glo slegs 37% van die boere dat groepspromosie 'n goeie bemarkingsidee is. Ongelyke standaarde en onwilligheid om idees uit te ruil tot voordeel van minder suksesvolle boere in die groep, was die belangrikste redes vir teenkanting. Daarteenoor het boere van die *Peak Moor Farm Holiday* groep groepsbemarking baie voordelig gevind. Dit lei tot 'n verlengde vakansieseisoen, uitruil van idees en verminderde advertensiekostes (Baxter 1992:120-121). Bruwer se studie oor plaastoerisme in Suid-Afrika toon dat die meeste respondente nie bereid was dat 'n sentrale organisasie hul toeristebesprekings hanteer nie, maar dat hulle wel bereid is om aan 'n gesindikeerde bemarkingsveldtog deel te neem (1990:105). Coetsee waarsku dat plaastoerisme meestal nie 'n bestemming is nie - toeriste ry nie na 'n spesifieke plaas nie, maar na 'n streek. Bemarking moet deel vorm van 'n streek- of distriksinisiatief waar 'n ervaring bemark word. Boere wat plaastoerisme bedryf, moet verkieslik lid word van plaaslike en provinsiale toerismeburo's sodat hulle verseker is van 'n goeie mark en wye bekendstelling van hul plaas (2004:49).

Bemarking van plaastoerisme op internet word gedoen deur Farmstay, 'n sake-eenheid van Agri SA wat in 2000 bekend gestel is. Farmstay se doelwit is die ontsluiting van landbou-en ekotoerisme in landelike Suid-Afrika om boere se ekonomiese aktiwiteite te verbreed. Akkommodasie-fasiliteite wat voorsien in elke behoefte van die toeris word op Farmstay aangebied. Dit bedryf 'n ten volle elektroniese databasis waarin elke fasiliteit se

unieke besonderhede opgeneem is. Elektroniese besprekings en betalings kan deur Farmstay gedoen word (Bezuidenhout 2000:30; Netmaster Africa 5(2)2000:6).

### 1.9.6 Voorsiening van ontspanningsgeriewe

Toeriste stel belang in die volgende ontspanningsaktiwiteite en -geriewe: swemplekke, piekniekplekke, dierebesigtiging, veldblombesigtiging, kampering en staptoere (Bruwer 1990:61).

Die boer moet maatreëls tref om verskillende aktiwiteite op sy plaas aan te bied. Afhangende van die aktiwiteite wat hy aanbied, moet hy damme bou, staproetes maak, ryperde aanhou, sy veld in 'n goeie toestand hou. Hy moet dus grond, kapitaal, arbeid en tyd insteek om gewin te kry. Dit is belangrik om unieke aktiwiteite op plase aan te bied en saam met ander plaastoerisme-ondernemings te werk. Meer aktiwiteite in 'n omgewing lok meer toeriste na die omgewing. Die gewildheid van aktiwiteite speel 'n belangrike rol - meer gewilde aktiwiteite sal deur meer toeriste beoefen word en waarskynlik meer inkomste genereer (De Jager 2003:151).

### 1.9.7 Negatiewe aspekte van plaastoerisme

#### 1.9.7.1 Ekonomies

Direkte onkostes sluit in die beskadiging van eiendom, landerye, gronde wat vertrap word, vandalisme en diefstal. Indirekte finansiële verliese word ervaar as die boer kostes aangaan om fasiliteite en akkommodasie op te rig en dan nie genoeg toeriste kry om plaastoerisme winsgewend te bedryf nie (Baxter 1992:111). Mededinging is sterk; daar is baie nuwe gastehuise op dorpe en plase en winste in die bedryf is kleiner, veral as die plaas nie naby deurroetes is en nie druk besoek word nie (Botha 2000:32).

#### 1.9.7.2 Fisies

Toeriste het 'n fisiese impak op die omgewing wat hulle besoek: besoedeling, beskadiging van natuurlike plantegroei en 'n versteuring van die biologiese en chemiese balans van die grond en water. Gronderosie by staproetes vind ook plaas (Baxter 1992:112).

#### 1.9.7.3 Sosio-kultureel

Die sosiale en kulturele impak van die toeris-gasheer verhouding kan die lewenskwaliteit van die boer en sy gesin beïnvloed. Hulle kan geleidelik ‘n aggressiewe, gespanne houding teenoor die toeris opbou weens die gedurige inbreuk op hul privaatheid (Baxter 1992:113).

#### 1.9.7.4 Polities

‘n Streek of ‘n land dra ‘n sekere politiese beeld oor na die toeris wat dit besoek. As die politieke toestand in die land onstabiel is, neem toerisme daar gewoonlik af (Baxter 1992:113). Die talle plaasmoorde in Suid-Afrika laat toeriste onveilig voel en hulle soek dan ander akkommodasie. Ernstige misdade saam met agteruitgang op die platteland laat veral oorsese toeriste afsien van hul planne om in Suid-Afrika vakansie te hou (Bezuidenhout 2001:55).

### 1.10 Samevatting

Die omgewing waarin landbou tans moet funksioneer, noodsaak boere wêreldwyd om maniere te vind om hul boerdery-inkomste aan te vul. In Suid-Afrika en in die res van die wêreld kyk boere dus na ander alternatiewe om te oorleef. Een van die alternatiewe is plaastoerisme. Toerisme is die grootste verdiener van buitelandse valuta en ook die grootste genereerder van inkomste en werkskepping wêreldwyd.

Verskeie oorsese lande soos Frankryk, Duitsland, Swede en Engeland bedryf al dekades lank plaastoerisme effektief en kry hulp van hul nasionale regerings ten opsigte van bemarking en befondsing. In Suid-Afrika groei plaastoerisme sterk alhoewel dit nog 'n relatief nuwe veld van toerisme is. Die Suid-Afrikaanse publiek en boere is nog nie bewus genoeg van die waarde van plaastoerisme nie. Daar is geen amptelike liggaam waarby mense wat plaastoerisme bedryf, kan registreer nie en befondsing ten opsigte van plaastoerisme is problematies. Suid-Afrikaanse boere kan wel op finansiële vergoeding aanspraak maak vir onkostes aangegaan om 'n plaastoerisme onderneming te vestig, maar die beleggingstoekenning word eers gegee nadat alle uitbreidings of verbeteringe afgehandel is.

Ten spyte van probleme wat oorkom moet word ten opsigte van sake soos die opknapping of restourasie van geboue, akkommodasie, gradering, administrasie, bemarking en die skep van ontspanningsgeriewe, kan plaastoerisme vir die boer 'n winsgewende addisionele bedryf word.

# HOOFSTUK 2

# CALVINIA

## 2.1 Ligging

Die dorp Calvinia is vandag veral bekend as 'n blomkyk bestemming en vir sy jaarlikse Vleisfees. Nog 'n toeristeaantreklikheid is die Akkerendam Natuurreservaat noord van die dorp waar 'n oorvloed van Karoo-plante en wild te sien is (Penrith 1974:19). Die dorp lê op die R27 vanaf Upington, die R63 vanaf Carnavon en Williston en die R355 vanaf Ceres (Brosjure: *Calvinia Inligting*). Dit is ongeveer 387 kilometer noord-oos van Kaapstad geleë (Raper 2004:46).

Die Hantamberg is noord van die dorp. Dit is 'n tafelberg met 'n hoogste spits van 1672 meter. Suid van die dorp is Rebunie met sy 1657 meter spits. Die dorp is uitgelê op die wal van die Oorlogskloofrivier wat deur die omgewing vloei. Calvinia is 986 meter bo seespieël geleë (Brosjure: *Calvinia Inligting*).

Die distrik Calvinia met 'n oppervlakte van ongeveer 37 314 vierkante kilometer word deur die plaaslike bewoners in verskillende streke ingedeel. Daar is die Calvinia-Karoo in die rigting van die Ceres- en Sutherland-Karoo. 'n Ander streek is die Hantam. Die Hantamberge vorm die skeiding tussen die winter- en somerreënvalstreke. Ongeveer dertig kilometer oos van Nieuwoudtville gaan die Hantam oor in die Bokveld. Dié Bokveld moet nie met die Koue en Warm Bokkeveld in die Ceres-distrik verwar word nie. Die eintlike Bokveld lê tussen die Doornrivier, 'n sytak van die Olifantsrivier in die suide en nog 'n Doornrivier, 'n sytak van die Soutrivier in die noorde. Die Bokveld word dan nog verder verdeel deur die Oorlogskloofrivier in die Noord- en Suid-Bokveld. Nog 'n ander streek is die Sakrivier, die uitgestrekte somerreëngebied oos van die Hantam wat in werklikheid 'n voortsetting van Boesmanland is. Ten laaste is daar die Roggeveld. Die noordelike deel van die Roggeveld lê binne die Calvinia-distrik se grense en word die Noord-Roggeveld of Calvinia-Roggeveld genoem (Van der Waal-Braaksma 1986:9).

## 2.2 Geografie

### 2.2.1 Klimaat

Die streke wes, suid en noord van die dorp ontvang hoofsaaklik winterreën met 'n gemiddelde reënval van ongeveer 200 mm per jaar. Uit reënvalsyfers van die Weerburo in Pretoria blyk dit dat die gemiddelde jaarlikse reënval oor lang periodes gemeet, nooit 231,4mm oorskry het nie (Erasmus 1986:6). Reënvalsyfers van die Weerburo vir die tydperk 1961-1990 dui daaarop dat die hoogste gemiddelde jaarlikse reënval 228mm was (http://www.weathersa.co.za). Die oostelike streek kry somerreën met 'n effens laer reënval (Brosjure: *Calvinia Inligting*). Die Duitse natuurkundige en reisiger Lichtenstein beskryf die streke suid en oos van die Hantamberge as so droog dat dit in die somer *wholly uninhabitable* is (1928:113). Die dele rondom die Hantamberge met sy effens hoër reënval is goed voorsien van fonteine wat in die winter vloei as gevolg van die sneeu wat op die pieke van die berge smelt (Van der Waal-Braaksma 1986:10; Lichtenstein 1928:113). Winde bereik soms stormsterkte, maar die heersende winde is matig tot sterk noordwes in die winter en suidwes in die somer (Erasmus 1986:6).

Calvinia het 'n klimaat van uiterstes. In die somer is die gemiddelde maksimum temperatuur 28°C, maar dit styg dikwels tot bo 30°C. In die winter is die gemiddelde minimum temperatuur 0,5°C maar temperature benede vriespunt word gereeld aangeteken (Brosjure: *Calvinia Inligting*). Volgens die Weerburo se statistiek vir die jare 1961-1990 was die hoogste temperatuur in die somer gemeet 41°C en die laagste temperatuur in die winter -7°C (http://www.weathersa.co.za). Die reisiger Burchell het op 6 Augustus 1811 'n dagtemperatuur van 3.3°C in die omgewing van die Roggeveldberge gemeet en beskryf die dag soos volg: *the day was occasionally showery, and extremely cold* (1953:180). Die verre suidelike deel van die distrik lê in 'n relatiewe rypvrye gebied (Erasmus 1986:6).

### 2.2.2 Plantegroei

Die Calvinia-distrik is geleë in die Karoostreek en die grondtipe is woestynagtige steppe met 'n tipiese Karootopografie van vlaktes wat deur berge, losstaande koppe en lae rante afgewissel word (Erasmus 1986:6). Die Hantam het 'n geharde Karoo-agtige veld met

bossies en vetplante. Na die Bokveldberg se kant is daar 'n strook suurveld met ruigte, biesies en suikerbos. Die res van die distrik bestaan uit gebroke veld met gras en bossies (Van der Waal-Braaksma 1986:12). Lichtenstein maak melding van die *excellent quality of the grass* wat in die Hantamberg omgewing voorkom en dat dit veral heilsaam as voeding vir perde is (1928:112). Burchell meld ook dat as gevolg van die goeie kwaliteit van die grasvelde, perde in die Hantamberg omgewing nie die gevreesde perdesiekte kry wat in die somerseisoen uitbreek nie (1953:181).

Die distrik is bekend vir sy pragtige veldblomme wat hoofsaaklik in die lente blom. Van die bekendste plantfamilies wat hier voorkom, is Compositae, Lilliaceae, Iridacea en Amaryllidae (Erasmus 1986:6).

**2.3 Historiese agtergrond**

Die oorspronklike naam van die streek was *Hantam.* Die betekenis van die woord *Hantam* kan nie met sekerheid aangedui word nie. Volgens Pettman is Hantam 'n vermenging van twee Khoi-woorde wat letterlik *die berg van die rooi veldwortel* beteken (Pettman 1985:11). Die inboorlinge het die berg so genoem na aanleiding van die *rooiwortelbolplant* wat vroeër baie algemeen hier gegroei het. Plantkundiges klassifiseer dit onder die sogenaamde Haemodoraceae (Bloedwortelfamilie). WP Steenkamp verklaar die woord Hantam soos volg: *die woord Hantam is 'n verbastering deur ons mense wat nie die kliek-klank kon uitspreek nie. Ekself meen dit kom van die woord Han wat beteken die rooi-wilde-uie wat daar gegroei het en vandag nog in mooi jare lappe aanmekaar daar groei.* [...] *Hantam beteken m.i. die wêreld of die berg waar die rooi tulp groei* (Smit 1946:3).

Nienaber verklaar Hantam as 'n Afrikaanse vervorming van 'n Khoi-samestelling *Han ami* wat *rooiuintjiesberg* beteken (1971:233). Volgens Raper is die naam Hantam van Khoi oorsprong en sedert 1966 word gesê dat dit 'n aanpassing van *heyntame,* 'n bolpant *Pelargonium bifolium* is, maar aangesien die plek nie as *Heyntam* verklaar is nie, is die gedagte tans dat dit eerder van die woord Hantamsrivier afkomsig is (2004:130). Die meeste skrywers stem dus ooreen dat die woord Hantam afkomstig is van ‘n Khoi-woord of -woorde en dat die betekenis daarvan te doen het met ‘n rooi plant wat in die omgewing van die berg groei.

Hantamsberg word reeds op 'n landkaart wat uit die jaar 1798 dateer, aangedui. Die gebied wes van die berg is later Voor-Hantam genoem en die gebied oos van die berg, Agter-Hantam (Smit 1946:3).

### 2.3.1 Geskiedenis van die area

#### 2.3.1.1 Boesmans

Argeologiese getuienis dui daarop dat die laat Steentydperk mense wat ongeveer twintig duisend jaar gelede in Suid-Afrika gewoon het, die direkte voorvaders van die Boesmans was (Smith 2000:10). Hul rotskuns, asook argeologiese opgrawings, dui aan dat Boesmans dwarsoor Suid-Afrika gewoon het (Smith 2000:35). Die Boesmans en die Nama-Khoi kan beskou word as die oorspronklike bewoners van die Calvinia-distrik. Hulle het waarskynlik reeds in die deel van die land gewoon lank voor die eerste Blankes in die Kaap voet aan wal gesit het (Van der Waal-Braaksma 1986:14).

Die blanke trekboere het reeds in die sewentiende eeu in aanraking gekom met die Boesmans en hulle het spoedig gebots, hoofsaaklik as gevolg van veediefstal. Tussen die jare 1730 en 1750 is die veeboere gedurig gepla deur strooptogte van die Boesmans (Van der Waal-Braaksma 1986:14). Thunberg maak melding van berigte uit die Roggeveld dat die Boesmans plase plunder en boere en Khoi vermoor. […] *in Roggeveld alone the Boshiesmen had, in the last two years, stolen more than 10 000 sheep, besides oxen, and murdered many of the colonists, their slaves, and Hottentots* (1986:303). Die botsings het veroorsaak dat die uitbreiding van die trekboere in sekere dele van die binneland vir verskeie dekades tot stilstand gebring is en het ook tot strafekspedisies teen die Boesmans gelei dikwels met vernietigende gevolge (Smith 2000:64; Thunberg 1986:290-291). Die gevolge van die blanke veeboere se aanraking met die Boesmans en hulle wedywering om water en grond is deur Thompson in sy reis van 1824 deur die Roggeveld beskryf. Volgens Thompson het die Boesmans van bolplante, sprinkane en inseklarwes gelewe en het hulle nie grond besit nie omdat elke fontein of vlei deur veeboere beset was. Die veeboere het die Boesmans as diewe beskou wat nie hul grond wou bewerk of hul vee wou versorg nie en hulle het nie besef dat hulle groot inbreuk op die Boesmans se leefwyse gemaak het nie. Die swak behandeling wat hulle van die veeboere ontvang het, het volgens Thompson die Boesmans se wraakoptrede teen die boere regverdig

(1962:220, 223). Ten spyte van die konflik tussen twee groepe het die veeboere tog geleidelik steeds verder noordwaarts beweeg en is die Boesmans verdryf na afgesonderde dele. Sommige Boesmans het later by blanke boere begin werk of is in die geledere van die Khoi of swart stamme opgeneem (Thompson 1962:219-220; Smith 2000:44-45). Die van hulle wat hul onafhanklikheid wou behou, het teen die einde van die neëntiende eeu die Kalahari oorkant die Oranjerivier hulle laaste toevlugsoord gemaak (Van der Waal-Braaksma 1986:14).

**2.3.1.2 Khoi**

Die Nama-Khoi wat ook die Calvinia distrik bewoon, is nou verwant aan die Boesmans (Van der Waal-Braaksma 1986:14). Hierdie stelling is gegrond op die teorie van Schapera dat die Khoi heel moontlik hul oorsprong te danke het aan 'n vermenging van die Boesmans met 'n Hamietiese ras êrens in Oos-Afrika en dat die gemengde ras weswaarts geskuif het tot aan die Atlantiese Oseaan en toe suidwaarts al langs die kus tot in die Kaap (1930:43). Smith meld ook dat in die vroeë 1900's geglo is dat die Khoi verwant was aan die Ethiopiese volk (die ou Hamietiese volk van die Bybel), en dat hulle vanaf die Groot Mere-gebied van Oos-Afrika na suidelike Afrika gemigreer het (2000:22).

Die Kaapse koloniste het reeds vanaf die stigting van die nedersetting onder Jan van Riebeeck met die Khoi te doene gekry. Thunberg maak in 1773 tydens 'n besoek aan die Kaap melding van die Khoi wat hulle grond in die omgewing van die nedersetting en die hawe aan die koloniste verkoop het vir kommoditeite soos tabak en brandewyn (Van der Merwe 1938:32; 1986:134). Die Khoi was, anders as die Boesmans, nomadiese veeboere en landbouers wat in matjieshutte gewoon het. Dié tydelike hutte kon maklik afgebreek word wanneer hulle van plek tot plek agter weiveld aan beweeg het (Thunberg 1986:86; Dapper 1933:69).

Rondom 1600 het verskeie Khoi-stamme hulle in die Calvinia-distrik bevind en het verbastering tussen die verskillende stamme en ook met die Boesmans plaasgevind (Van der Waal-Braaksma 1986:14). Daar was stamme soos die Namas, die Oorlams en die Griekwas. Die Nama-Khoi was vroeg in die agtiende eeu reeds welbekend onder die blanke boere (Van Waal-Braaksma 1986:14-15). Thunberg maak op sy reis van 1774 melding van Khoi wat as werkers by die trekboere in diens was (1986:288-289). Die Khoi

het steeds verder die binneland ingetrek namate die trekboere meer aanspraak gemaak het op grond vir weiding vir hul vee en vir permanente standplase (Smith 2000:44; Thunberg 1986:170). Gedurende die agtiende en die negentiende eeu het die verskillende Khoi-stamme in die huidige Noordwes-Kaap gebied so vermeng geraak dat daar moeilik tussen die verskillende groepe onderskei kan word (Van Waal-Braaksma 1986:14, 16).

Alhoewel die Khoi gebruike en gewoontes van die blanke boere oorgeneem het en by tye in relatiewe vrede met hul saamgeleef het, was daar ook verskeie gewelddadige botsings tussen die twee groepe. Van die Khoi-stamme het het dikwels wegloperslawe en droster-matrose uit die Kaap gehuisves en het 'n losse bestaan, gekenmerk deur plundertogte, in die Noordweste gevoer (Van der Waal-Braaksma 1986:16). Die botsings het uiteindelik gelei tot die Khoi-oorloë van 1739 (Dapper 1933:89) en vergeldingsaksies deur kommando's (Penn 1995:41). Na die Khoi-oorloë het die Khoi verder die binneland begin intrek tot by die Oranjerivier (Smith 2000:44). Dit het daartoe bygedra dat die Calvinia-distrik meer toeganklik vir die blanke trekboere geword het. Nog 'n faktor wat daartoe bygedra het dat die Khoi later nie meer so 'n groot bedreiging vir die trekboere ingehou het nie, is die feit dat hulle byna uitgeroei is deur verskeie siektes. Thunberg vermeld *small-pox [...] exterminated the greater part of them* (1986:170). Ten spyte van enkele bloedige botsings tussen die Khoi en die blanke veeboere het hulle uiteindelik in dieselfde gebied saamgewoon en het daar inderdaad in sommige gevalle ook ‘n vermenging van Khoi en Blankes plaasgevind (Van der Waal-Braaksma 1986:16).

#### 2.3.1.3 Blanke veeboere

Nedersettings aan die Kaap was aan die begin van die agttiende eeu beperk tot die omstreke van Kaapstad, Stellenbosch en Drakenstein. Die boere aan die Kaap was aanvanklik landbouers maar weens verskillende faktore soos ekonomiese toestande, probleme met geskikte arbeiders en wisselvallige klimaatstoestande het hulle 'n bestaan buite die landbou gesoek. Veeteelt het beter vooruitsigte gebied, vleis kon altyd verkoop word en 'n veeboerdery kon met min kapitaal begin word. Jag op wild, ruilhandel met Khoi en die soeke na weiveld het die veeboere al verder die binneland laat intrek. (Van der Merwe 1938:50).

Met die uitbreiding na die binneland het die veeboer veral drie hoofrigtings ingeslaan: oor die Hottentots-Hollandberge langs die Sonderendrivier af, uit die Tulbagh-kom langs die Breërivier af en wes van die Bolandse berge oor die Bergrivier, Vierentwintigriviere en Olifantsrivier in 'n noordwestelike rigting na die Hantam. In 1725 gaan die veeboere die gebied van die teenswoordige distrik Clanwilliam binne en voor 1730 word die Bokkeveld bereik. Uit die ou *Wildschutte Boeken* blyk dit dat die veeboere reeds in 1744 Noord-Bokkeveld, die huidige distrik Calvinia, bereik het. Teen 1750 trek hulle die *Voor Hantam* binne en word leningsplase aan die voet van die Hantamsberg aangelê (Smit 1946:2).

Die feit dat leningsplase nie onderverdeel kon word nie, word beskou as ‘n belangrike rede vir die vinnige uitbreiding van die Kolonie. Kinders was verplig om by die dood van hul ouers ‘n nuwe leningsplaas op ordonnansie te neem en dit het vir ‘n groot verspreiding van die bevolking gesorg. Grond onder die leningsplaasstelsel is ook so goedkoop uitgegee dat dit vir elkeen wat daarvoor lus gehad het, moontlik was om met veeboerdery te begin (Van der Merwe 1938:126;130).

Reeds in die sewentigerjare van die agttiende eeu het reisigers soos Sparrman, Thunberg (1774), Paterson en Masson die streek besoek. Later het Barrow (1798), Lichtenstein (1803) en Burchell (1811) gevolg (Smit 1946:3). Die reisbeskrywing van Lichtenstein verskaf waardevolle inligting oor die steek en sy mense. Van die bekende plase wat hy beskryf, is Groot Toorn en Akkerendam (1928:112, 114).

Aan die einde van die agtiende eeu het daar reeds etlike huisgesinne in die Noord-Bokkeveld, Noord-Roggeveld en die Hantam gewoon. Die leningsplaasstelsel is in 1813 afgeskaf en in die plek daarvan het goeweneur Cradock die ewigdurende erfpagstelsel ingestel (Van der Merwe 1938:96; Van der Waal-Braaksma 1986:20). Volgens die erfpagstelsel sou leningsplaasbesitters onder sekere voorwaardes hulle plase in ewigdurende erfpag besit. Die plase moes opgemeet, gekarteer en op die eienaar se naam getransporteer word. Teen 1840 het die Kaapse Goeweneur baie aansoeke om eiensdomreg vanuit die Noordweste ontvang en is baie plase aan boere toegeken (Van der Waal-Braaksma 1986:20-21). Die erfpagstelsel het uiteraard gesorg dat die trekboere hulle permanent op hul grond gevestig het.

Op 19 Januarie 1847 is die gemeente Hantam deur 'n spesiale Ringskommissie op die plaas Tygerhoek gestig. (Smit 1946:26). Die gemeente het begin met onderhandelinge om die plaas Ramskop, vroeër Hoogekraal genoem, aan te koop. Hiermee het hulle 'n eie kerkplaas van ongeveer 1400 morg of 1200 hektaar bekom en kon hulle beplan aan die bou van 'n kerk en die aanlê van 'n dorp (Smit 1946:34). In 1851 is op aanbeveling van die eerste vaste predikant van die gemeente, dominee NJ Hofmeyr, die naam Calvinia aan die dorp en gemeente gegee, vernoem na die Hervormer Calvyn (Smit 1946:41-42).

Gedurende die eerste 45 jaar van die dorp se bestaan (1847-1892) het die kerkraad as dorpsbestuur opgetree. 'n Onafhanklike dorpsbestuur is in 1892 saamgestel en in 1904 verkry die dorp munisipale status. Die distrik Calvinia is in 1855 geproklameer (Smit 1946:180). In 1914 is die dorpsgronde deur die munisipaliteit vir £3000 van die NG Kerk aangekoop (Brosjure: *Calvinia Inligting*).

## 2.4 Besienswaardighede

### 2.4.1 Blomme

Gedurende die vroeë lente is Calvinia veral as blomkyk bestemming bekend. Daar is ‘n groot verskeidenheid plantspesies en besoekers kom van oraloor die wêreld om die veldblomme te sien wat op hul beste is tussen elfuur voormiddag en vieruur namiddag as die son skyn. Die plantegroei teen die hange en op die plato van die Hantamsberg is ook Bergrenosterveld soos op die Bokkeveldplato maar dit is aangepas by baie kouer toestande. Die dominante plantegroei is die renosterbos *Elytropappus rhinocerotus* maar ander spesies soos die Hantam-froetang *Romulea hantamensis* en die waaierblaarbobbejaantjie *Babiana flabellifolia* kom ook voor. Tulpe of *Homeria*-soorte kom algemeen op die hele Bokkeveldplato voor, maar *Homeria hantamensis* is eie aan die Hantamsberg. Dit is nie net een van die grootste soorte in die genus nie, maar ook ongewoon aangesien die blomme afhang. Vetplantsoorte wat gereeld langs die Calvinia-pad gesien kan word, is die bontaalwyn *Aloe krapholiana,* die Aloe variegate en die *Senecio radicans,* ‘n kruipende plant (Manning 1999:21-22).

### 2.4.2 Akkerendam Natuurreservaat

Die natuurreservaat is net buite die dorp geleë. Dit is 'n gewilde stapplek vir inwoners van die dorp asook vir toeriste. Pragtige uitsigte van die omgewing kan vanaf die reservaat gesien word. Baie plantsoorte kom hier voor. Voëls is volop en springbokke en ribbokke bewoon die gebied (Brosjure: *Calvinia inligting*).

Die natuurreservaat is geleë op die plaas Akkerendam wat sover bekend, die oudste plaas in die Hantam is. Dit is reeds in 1750 uitgegee en het in 1774 as leningsplaas aan Christiaan Bok behoort. Lichtenstein het in 1803 tydens sy reis in die gebied op Akkerendam oornag. Die plaas was toe in besit van veldkornet Abraham van Wyk. Na die Van Wyks was dit in besit van Spangenbergs en toe in besit van TPA Visagie. Die Visagie-familie het dit vir ongeveer 'n honderd jaar onafgebroke bewoon (Smit 1946:8-9).

'n Deel van die plaas, 2301 ha, is later aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë verkoop omdat dit so waterryk is. Water was nodig vir die stoomlokomotiewe wat vanaf 1917 die treine tussen Calvinia en Hutchinson getrek het. Water vir huishoudelike gebruik deur die dorp se inwoners is ook van die plaas Akkerendam afkomstig. Om dié rede is spesifikasies vir die bou van 'n stoordam op Akkerendam deur die Departement van Waterwese goedgekeur, tenders vir die bou van die dam is gevra en die tender van die konstruksiemaatskappy, Murray en Stewart, is aanvaar. Die Kareestoordam is op 25 Oktober 1961 amptelik geopen. Die stoordam vorm deel van die waterwerke van die dorp wat in 1963 teen 'n koste van R188 000 voltooi is (MS Calvinia Museum gd:1; SESA vol 3 1971:5).

Die gedeelte van die plaas wat aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë behoort het, is gereeld per tender aan boere vir 'n tydperk van drie jaar verhuur. Die dele van die plaas wat verhuur was, is Akkerendam, Ambraalshoek, Annex Akkerendam en Akkerendam Extension. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het later die grond aan die Calvinia munisipaliteit verkoop en die natuurreservaat het daarna tot stand gekom (MS Calvinia Museum gd:1).

### 2.4.3 Calvinia Museum

Die Calvinia Museum word gehuisves in 'n gebouekompleks met die ou Joodse sinagoge as middelpunt. Die sinagoge is in 1920 gebou en die res van die museumgebouekompleks eers ná 1968 (mev M Hugo 2008: onderhoud). Die verkryging van die sinagoge as museum is die gevolg van 'n interessante tydvak in die geskiedenis van die streek. 'n Grootskaalse verhuising van Jode uit veral die Oos-Europese lande het vanaf die tweede helfte van die neëntiende eeu plaasgevind. Sommige van die Jode het ook na Suid-Afrika gekom en hulle onder andere op Karoodorpe soos Calvinia gevestig. Teen 1920 het die Joodse gemeenskap op Calvinia soveel welvaart beleef dat hulle 'n sinagoge kon bou. Die eens florerende Joodse gemeenskap het Calvinia egter geleidelik verlaat om hulle in stede te vestig en daar was later nie meer genoeg Jode om gereelde dienste te regverdig en 'n rabbi te onderhou nie. Mnr CD van Tromp het teen 1968 die Joodse Raad van Afgevaardigdes oorreed om die verwaarloosde sinagoge aan die Calvinia munisipaliteit te skenk vir gebruik as museum en dit is op 15 Junie 1971 tot 'n provinsiale museum verklaar (Rostrum 1989:28).

Die uitstallings in die museum weerspieël die leefwyse in die Hantam. Daar is goeie voorbeelde van ou werktuie soos 'n blaasbalk, sense en houtskoppe. Kombuisware soos bottermaakgereedskap, strykysters, koffiemeulens en potte word uitgestal. Die werk van Kaapse koper- en silwersmede is te sien in snuifdose en 'n haarkammetjie. Waardevolle meubels gemaak van sederhout uit Clanwilliam, word ook uitgestal. Een van die interessante meubelstukke is 'n buffetbed van eikehout; die bed lyk soos 'n kas, maar is in werklikheid 'n opvoubed (Rostrum 1989:29).

Foto's en dokumente beeld ook die geskiedenis van die streek uit. In die lig daarvan dat die Calvinia-distrik een van die grootste wolproduserende streke van Suid-Afrika is, word die geskiedenis van die skaap- en wolboerdery uitgebeeld. Die Klas 24 stoomlokomotief *Makadas* wat op die roete tussen Calvinia en Hutchinson gebruik is, is ook hier te sien. Ander interessanthede is die vierbeenvolstruis, 'n vreemde muisvalletjie, 'n snorbaardkoppie en 'n Merinoskaap wat meer as drie jaar alleen in die veld oorleef het en 'n vag van van 38cm gehad het (Brosjure: *Calvinia inligting*; *Rostrum* 1989:29).

### 2.4.4 Groot posbus

Die groot rooi posbus is ‘n ou watertenk wat in 1995 in ‘n yslike posbus omskep is deur die Calvinia Sakekamer en die Poskantoor. Dit staan op die oorspronklike kerkplein in Hoopstraat en word baie deur toeriste gebruik. Briewe wat hier gepos word, kry ‘n spesiale blommestempel (Brosjure: *Calvinia inligting*).

### 2.4.5 NG Moederkerk

Die kerk, in die Neo-Gotiese styl gebou, is tussen Water- en Hoopstraat geleë. Die argitek van die kruiskerk was Gaysford van Potchefstroom. Die kerk het sitplek vir eenduisend tweehonderd mense en het £12,000 gekos om te bou. Binne drie jaar na die inwyding van die kerk is die boukoste gedelg (Brosjure: *Calvinia: Lank gelede*; Smit 1946:112-116).

Die kruiskerk het ‘n toring aan die voorkant. Daar is dekoratiewe gietysterwerk op die nok van die dak (Fransen & Cook 1980:414). Daar is ‘n geboogde gewelf bokant die deure en bokant die geboogde vensters met gebrandskilderde ruite.

Die hoeksteenlegging het in September 1899 plaasgevind en ten spyte van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog wat die inwoners van Calvinia ook geraak het, is die kerk op Vrydag 24 November 1900 ingewy. Die Anglo-Boereoorlog het egter ‘n verlammende en afbrekende invloed op die gemeente gehad, veral nadat krygswet op 7 Januarie 1901 in die Calvinia-distrik afgekondig is en geen byeenkomste van enige aard toegelaat is nie (Smit 1946:115, 117-118). Die kerk is beskerm deur sandsakke aan die voorkant te pak en by die drie deure se ingangsportale is ekstra deure van planke met ‘n dikte van 7cm en ongeveer 1,98 meter hoog, geplaas wat moes help om dit teen enige invallende magte te beskerm. Die kerk is beskadig en ontheilig toe Britse soldate wat onder kol De Lisle se bevel was, die deure oopgebreek en die Bybel en alle gesangeboeke opgeskeur en ook die galerye as toilette gebruik het (Nel 2003:81).

Agter die kerk is nog die oorspronklike kerkplein waar die ossewaens uitgespan is wanneer die boere na die dorp gekom het vir ‘n nagmaalsviering. Die grond is nooit in erwe verdeel nie. Die area met die ou geboue rondom is waarskynlik die bes bewaarde voorbeeld van ‘n neëntiende-eeuse kerkpleinkern (Fransen & Cook 1980:414).

### 2.4.6 Die Hantamhuis

Hantamhuis is geleë in Hoopstraat regoor die oorspronklike kerkplein. Abraham van Wyk het in 1853 erf nommer 6 noord van die kerk gekoop en die huis is in 1854 deur hom in ‘n plattelandse Kaaps-Hollandse boustyl gebou. Aangesien hy veldkornet vir die streek was, het hy ook ‘n kraal, wat as skut gedien het, langs die huis gebou (MS Hantamhuis gd:1). Van Wyk was ook die persoon van wie die kerkvaders in 1848 ‘n gedeelte van sy plaas, Ramskop, aangekoop het vir die aanlê van die dorp Calvinia. Hy het toe waarskynlik daarna die Hantamhuis vir hom as dorpshuis gebou (Smit 1946:34; *Die Burger* 28/7/1989:23).

Die huis behoort tans aan Erwin Coetzee en sy vrou Alta. Hulle het die huis in 1983 gekoop, dit was in ‘n verwaarloosde toestand en sonder gewels maar die binnekant was ongeskaad. Die skrywer Karel Schoeman het aan hulle ‘n daguerro tipe afbeelding van die huis, gedoen in c1864, verskaf. Daarop word die gewels van die huis aangedui. ‘n Olieverfskildery deur Wirth uit 1878 toon ook die huis met gewels (MS Hantamhuis gd:1; Du Plessis 1994:1).

Die huis is so getrou as moontlik aan die oorspronklike herbou en is gerestoureer sodat die oorspronklike holbolgewel agter en die spits voor- en endgewels asook die rietdak weer tot hulle volle glorie herstel kon word. Die skulpmotief in pleister wat die ronde kappie van die voorgewel versier het, is gelukkig weer aan die huis gevind en kon weer gebruik word. Die oorspronklike sederhout wat in die huis gebruik is, het behoue gebly asook muurbeskilderinge wat waarskynlik die van AF Bus was. Die binnedeure en twee vollengte muurkaste het kussingpanele en die vensters is die Kaap-Hollandse skuifraamtipe met oorspronklike glas. Dekriet vir die dak is versamel en die afpleister van die gewels is deur die vakman, Piet Andreas, gedoen. Hy het met die vormpleisterwerk geen meganiese hulpmiddels gebruik nie (Du Plessis 1994:1; *Die Burger* 28/7/1989:23).

Die huis dien tans as gewilde kuierplek, koffiekroeg en geskenkewinkel. Die koffiekroeg is in die oorspronklike kraalgedeelte gehuisves waar die mure van die kraal nog sigbaar is en die soldertrappe ook te sien is. In die winkel word handgemaakte artikels uit die kontrei verkoop, van swepe tot kambrokonfyt (*Die Burger* 28/7/1989:23).

### 2.4.7 Die Dorphuis

Dit is 'n vroeë Victoriaanse T-vormige huis wat in 1855 in die naam van Jan Abraham van Wyk geregistreer is. Twee veerweergewels (barge board gables) is in 1890 aangebou toe die oorspronklike rietdak met 'n sinkdak vervang is (Brosjure: *Calvinia: Lank gelede*). Volgens Cowan is 'n veerweergewel *a sloping board covering the projecting portion of the timbers of a gable roof. In the nineteenth century it was often elaborately decorated* (1973:20). Die huis het ook ses oorspronklike nagmaalkamers in die agterplaas. In streke waar die boere 'n pioniersbestaan gevoer en ver van mekaar en hul naaste dorp gewoon het, het hulle slegs een of twee keer per jaar kerk toe kon kom; dit was vir die nagmaal. Die boere met hulle gesinne het dikwels tot 'n week op die dorp gebly om 'n verskeidenheid kerklike en kommersiële sake te verrig. Dit het daartoe gelei dat van die boere *tuishuise* op hul naaste dorp gehad het. Dit was huise wat spesiaal vir kerkgeleenthede gekoop of gebou is en het na die nagmaalsviering maande lank onbewoon gestaan tot wanneer die boer weer dorp toe sou kom (Booyens 1982:24). Kamers vir gesinslede is aan die tuishuise gebou soos die gesinslede vermeerder het en omdat die kamers en huise met nagmaalviering bewoon is, het dit in die volksmond as nagmaalkamers bekend geword.

Die Dorphuis behoort tans aan Erwin en Alta Coetzee en word as 'n gastehuis bedryf.

### 2.4.8 Karoo Boekehuis

Die huis is in Waterstraat geleë en dateer uit 1855. Dit word as 'n eenvoudige Karoo-tuishuis beskryf. Dit is in 1993 gerestoureer met die doel om aan skrywers die geleentheid te gee om daar te kom bly en werk. 'n Woonstel is vir die doel daar ingerig (Brosjure: *Calvinia: Lank gelede*; Spaarwater 1993:9).

Die Karoo Boekehuis behoort aan die Karoo Boeketrust Hantam. Die eerste trustees was wyle Rona en Koos Rupert, Erwin en Alta Coetzee van Calvinia en Danie van Niekerk, voormalige besturende direkteur van Tafelberg-Uitgewers (Spaarwater 1993:9).

Die gemoderniseerde dorpshuis is deur Erwin Coetzee gerestoureer en ingerig om te pas by die eenvoud van die oorspronklike gebou. 'n Aangeboude gewel bokant die voordeur is

verwyder en die stoep met sy reguit sinkdak is herbou. Bokant die ingangsportaal se binnedeur is 'n pragtige bolig van sederhout behou. Die binnedeure is ook almal van sederhout. 'n Muurkassie wat verskuif moes word, het 'n toegemesselde kaggel ontbloot asook die plek waar die muurkassie oorspronklik was. Die muurkassie is weer op sy oorspronklike plek ingebou (Spaarwater 1993:9). Die Karoo Boekehuis is op 14 Augustus 1993 ingewy en 'n ruim skenking deur wyle Anton Rupert verseker die voortbestaan daarvan (De Jager 2000:6; Le Roux 1994:6).

Die Karoo Boekehuis huisves 'n uitgebreide versameling werke van Karoo skrywers soos NP van Wyk Louw, Frans Venter, WEG Louw, Anna M Louw, Boerneef, Louis Leipoldt en ander (Spaarwater 1993:9). Die kernboekery sal voortdurend deur skenkings aangevul word. Boeke oor die Karoo, in enige taal, word ook in die Boekehuis gehuisves (*Die Burger* 14/8/1993:4). Die versameling van byna seshonderd boeke omsluit fiksie, vaklektuur en naslaanwerke. Die boekevoorraad word aangevul deur oudiovisuele materiaal, byvoorbeeld klankkassette van Karoo-kortverhale, klankopnames van NP van Wyk Louw se reeks radiovoorlesings *Rondom eie werk,* asook *Klank in poësie,* sy platereeks (Le Roux 1994:6). Die huis word ook gebruik vir byeenkomste van kulturele aard soos boekbekendstellings, storieaande en musiekaande (Brosjure: *Calvinia: Lank gelede*; Spaarwater 1993:9).

### 2.4.9 Huis, Waterstraat 35

Waterstraat 35 huisves 'n pragtige ou gebou waar die Blou Nartjie Restaurant en die Pionierslot Gastehuis tans bedryf word (mnr H Fick 2009:onderhoud). Volgens 'n kaart geteken deur Jandrell in 1850, is die huis een van die elf oudste huise in die dorp. Dit is in 1853 geregistreer in die naam van Jacobus Gideon Louw. Dié Neo-Gotiese gebou het oorspronklik 'n rietdak gehad. In die Calvinia Museum is daar 'n skildery van Worth (1878) waarop die huis verskyn. In 1861 het die huis Joodse eienaars gekry. Die Jood Heilbron het dit verkoop aan Lewis en Wetzlar wat dit as 'n winkel bedryf het en in 1863 het Louis Rosenblatt die eienaar geword (Brosjure: *Calvinia: Lank gelede*; MS The Rosenblatt saga gd:1).

Die Joodse gemeenskap van Calvinia het geleidelik gegroei en teen 1890 was hulle ongeveer tweehonderd siele. Louis Rosenblatt het toe 'n gedeelte van die winkel in 'n

sinagoge omskep. Die reëling het geduur tot 1920 waarna 'n nuwe sinagoge in gebruik geneem is (Pinnock 1999:166). Die winkel is geleidelik uitgebrei en 'n kleremakery en die verkoop van wol, huide, graan, asook landbouimplemente is daar bedryf. Motors is ook later daar verkoop. Die winkel is in 1912 na 'n ander groter perseel, ook in Waterstraat, verskuif en was vir drie geslagte in besit van die Rosenblatt familie (MS The Rosenblatt saga gd:2-3).

Na 1912 het die gebou geleidelik verwaarloos en verval. Dit is op 'n stadium in skakelhuise omskep en by geleentheid het daar tot sewe gesinne daar gewoon. Losstaande van die huis was daar stalle asook sewentien nagmaalkamers. Die nagmaalkamers is L-vormig gebou en het gewissel van een tot drie vertrekke maar is gedurende die 1990's gesloop omdat die betrokke eienaar sy eiendomsbelasting wou verminder. Die huis is later deur Esta Mostert gekoop en is deur haar in 1995-1996 gerestoureer tot sy huidige vorm en in 'n gastehuis omskep (mnr H Fick 2009:onderhoud). In 1997 het Herman en Marietjie Fick die eienaars geword en Pionierslot Gastehuis is vergroot na vier dubbelkamers elk met sy eie badkamer. 'n Deel van die huis is toe in die Blou Nartjie Restaurant omskep (*Die Gemsbok – Calvinia*, Junie 2000).

### 2.4.10 Carmel Villa

Die Victoriaanse huis was die tuiste van die Helfet familie. Leon Helfet het in 1897 na Calvinia gekom (Brosjure: *Calvinia: Lank gelede*). Hy is in 1879 in Chermich, Poltave in Rusland gebore en hul gesin het in 1892 na Liverpool in Engeland geëmigreer. Hier het hy Sarah Levin leer ken en hulle het 'n verhouding aangeknoop. Hy het besluit om na Suid-Afrika te kom met die hoop om hier 'n beter bestaan te kan maak en sy sou hom volg sodra dit finansieel moontlik was (MS The Helfets of Carmel Villa gd:1-2).

Helfet het sy eerste winkel in twee vertrekke van 'n huis in Waterstraat bedryf en sy besigheid uitgebou tot een van die grootstes en bekendstes in die omgewing. Hy het beplan om Sarah in 1900 na Suid-Afrika te laat kom maar haar koms is deur die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog vertraag. Calvinia was in die spervuur aangesien 'n garnisoen op die dorp gestasioneer was en verskeie skermutselings het tussen die Boere kommando's en die Engelse soldate plaasgevind (MS The Helfets of Carmel Villa gd:3-4).

Na die oorlog het Leon Helfet beplan aan die huis wat hy vir sy aanstaande bruid wou bou. Aangesien daar geen argitekte in die omgewing was nie het hy 'n plan vir die huis geteken soos hy kon onthou hoe huise uit sy kinderdae in Rusland en Engeland gelyk het. Die huis is deur twee broers van Russies-Joodse afkoms gebou (MS The Helfets of Carmel Villa gd:4; Brosjure: *Calvinia: Lank gelede*). Die bouery het vroeg in 1904 begin op 'n erf wat regoor die pastorie van die NG Kerk geleë was. Dit was die eerste huis in Calvinia wat in die Victoriaanse styl gebou is en het 'n spits sinkdak en twee gewels gehad (MS The Helfets of Carmel Villa gd:4). Aan die voorkant van die huis het die dak, wat nie tipies Victoriaans is nie, 'n besondere gewel wat 'n Pruisiese invloed toon (mnr H Botha 2008:onderhoud). Die stoepe het relings tussen die ornamentele gietyster verandapale gehad en die lae tuinmure voor die huis was aan die bokant met pragtige gietyster relings asook 'n groot hek versier. Boumateriaal is per spoor vanaf Kaapstad tot op Ceres gebring en is vandaar per perdewa aangery na Calvinia teen £1 per 100 pond gewig. Die inwoners van Calvinia het vele Sondagmiddae na die erf gewandel om te sien hoe bouwerk aan die spoghuis vorder (MS The Helfets of Carmel Villa gd:4-5).

Die huis was groot en ruim gebou en daar is baie min daaraan verander. Die veranderinge wat gemaak is, was hoofsaaklik om meer badkamers by te voeg. 'n bergkamer is op dié wyse in 'n badkamer verander. Die huis het vyf slaapkamers. Daar is slegs een ornamentele kaggel en die houtwerk binne is van Oregon dennehout. Aangesien die Helfets ortodokse Jode was, was die kombuis in twee verdeel sodat vleis- en melkprodukte in aparte kombuise bewerk en gaargemaak kon word (mnr H Botha 2008:onderhoud).

Sarah het in Januarie 1905 in Kaapstad aangekom, hulle is op 22 Januarie getroud en in Februarie 1905 het sy haar splinternuwe huis betrek. Die huis is Carmel Villa genoem na die berg Carmel in die Heilige Land (MS The Helfets of Carmel Villa gd:5).

Die Helfets het gerespekteerde hardwerkende inwoners van die dorp geword en Leon het 'n reputasie gehad as 'n persoon van eerlikheid, integriteit, welwillendheid en diensbaarheid tot die gemeenskap (MS The Helfets of Carmel Villa gd:3-4). Hulle nageslag, wat tot 1947 in Calvinia gewoon het, het klaarblyklik ook hierdie eienskappe besit en verskeie van hulle het leiersposisies in hulle onderskeie gemeenskappe beklee. Een van hulle het 'n bekende chirurg in die Verenigde State van Amerika geword en was

tydens Nixon se bewind een van die span dokters wat ‘n rugoperasie op hom uitgevoer het (mnr H Botha 2008:onderhoud). ‘n Ander lid van die Helfets was ten nouste betrokke by die ontwerp van Suid-Afrika se eie elektriese motor, die Joule (Hattingh 2008:4).

Die huis word tans as ‘n gastehuis bedryf en ‘n hele paar lede van die Helfet-nageslag het dit al besoek. Dit is tans in besit van Herman en Adri Botha (mnr H Botha 2008:onderhoud).

# HOOFSTUK 3

# NIEUWOUDTVILLE

## 3.1 Ligging

Nieuwoudtville is 'n klein dorpie wat ongeveer 350 km vanaf Kaapstad op die Bokkeveldplato geleë is, dit is sowat 50 km noord-oos van Vanrhynsdorp en 70 km noord-wes van Calvinia (Manning & Goldblatt 1999:11; Raper 2004:274). Daar word in die distrik hoofsaaklik met skape en graan geboer. Rooibostee, wat gedurende Maart en Desember geoes word, word ook grootskaals aangeplant (Bulpin 2001:321; SESA vol 8 1973:210). Die dorp is egter bekend vanweë sy pragtige blommeprag, veral bolplante, wat in die lente toeriste van oral lok (*AA Reisdiens Kaapstad na Vioolsdrif/Upington*).

## 3.2 Geografie

### 3.2.1 Klimaat

Die streek het 'n lae reënval. Dit is hoofsaaklik 'n winterreënvalstreek maar reën kom ook in die lente voor (mnr PJ Boltman 2001:onderhoud). Die reën word gewoonlik deur koue fronte vanaf die Atlantiese oseaan die binneland ingedryf. Noordwestelike winde is gewoonlik 'n teken van koue fronte en as gevolg van die redelik hoë hoogte van die platorand bo seevlak is die fronte gewoonlik gepaardgaande met ysige koue. Reënval wat saam met die koue fronte gaan, is die hoogste by die eskarpment waar dit 500-650mm per jaar kan wees. Slegs 'n paar kilometer die binneland in daal dit in so 'n mate dat Nieuwoudtville se gemiddelde reënval slegs 350 mm per jaar is (Manning & Goldblatt 1999:12-13)

Gedurende die tydperk 2003-2007 was die hoogste gemiddelde maksimum temperatuur wat gemeet is, 34.5°C en die laagste gemiddelde minimum temperatuur wat gemeet is, was 3.4°C (http://weathersa.co.za).

### 3.2.2 Geologie

Die Bokkeveldplato is een van die węreld se interessantste en rykste veldblom areas. Die plato beslaan 'n gebied van ongeveer 100 kilometer by 75 kilometer en strek vanaf die Bokkeveldberge en Vanrhynspas in die weste, deur Nieuwoudtville tot by Calvinia in die ooste en tot by Botterkloof in die suide. In die weste rys die eskarpment skerp bo die kusvlakte uit tot agthonderd meter bo seevlak en in die ooste word die plato deur die Hantamberge gestuit (Manning & Goldblatt 1999:11).

Die geologie van die Bokkeveldplato is een van die sleutelaspekte wat begryp moet word alvorens die plantegroei en die flora van die streek verstaan kan word. Die groot verskeidenheid van onderliggende rotsformasies gee oorsprong aan die verskillende grondtipes en hul plantegroei (Manning & Goldblatt 1999:12).

Die rotsformasies van die Bokkeveldplato bestaan uit verskillende lae wat skuins na die ooste oorhel. Die skalies van die Malmesbury Groep vorm die onderste lae tussen Vanrhynspas en Botterkloof (Manning & Goldblatt 1999:12). Hierop rus 'n dun lagie harde sandsteen van die Kaapse Supergroep. Die sandsteen van die Tafelberg Groep kom toenemend in 'n nouer strook voor soos verder noord beweeg word en eindig letterlik by die noordelike rand van die Bokkeveldberge. Dwykatilliet van die Karoo Supergroep wat die Kaapse sandsteen oordek, vorm 'n band vir sowat sestig kilometer wat van noord na suid loop. Die sandsteen- en tillietlae word in die weste blootgestel as gevolg van die topografie van die landskap (dr H Theron 2009:onderhoud; Manning & Goldblatt 1999:12). In die ooste verdwyn die lae onder die skalies van die Ecca Groep van die Karoo Supergroep en die dolerietlaag wat die res van die Bokkeveldplato bedek (Manning & Goldblatt 1999:12).

Die dolerietlae is intrusiewe gesteentes wat gedurende die Juraperiode (200-140 miljoen jaar gelede) in die sagter ondergrondse rotslae ingedring het (Manning & Goldblatt 1999:12; Boggs 2006:617). 'n Redelike plat landskap word deur Eccaskalies gevorm terwyl die dolerietlae uitstyg as rotsagtige koppe en aan die oostelike grens van die Bokkeveldplato trapsgewys steil kranse vorm (Manning & Goldblatt 1999:12).

Tydens erosie van die Bokkeveldplato het die moedergesteentes verweer na verskillende gronde. Die Kaapse sandsteen het goedgedreineerde growwe sanderige grond gelewer wat arm is aan voedingstowwe en suur. Die Bokkeveld skalies en Dwykatilliet verweer tot harde klipperige kleigrond wat swak dreineer en minder suur is (dr H Theron 2009:onderhoud). In die nat reënseisoen word dit ook maklik waterversadig. Doleriet gee oorsprong aan redelike ryk grond met 'n fyn tekstuur wat van neutraal na alkalies neig. Op sommige plekke is die grond 'n fyn rooi klei en op ander plekke klipperig. Die drie verskillende grondtipes verskil in suurheidsgraad, voedingstatus en waterhouvermoë en het dus 'n groot verskeidenheid plantegroei tot gevolg (Manning & Goldblatt 1999:12).

### 3.2.3 Plantegroei

Die Bokkeveldplato het 'n rykdom van plante – daar is ongeveer 1350 plantspesies. 'n Groot hoeveelheid van die plante is endemiese spesies; dit is soorte wat nêrens elders voorkom nie en sluit geofiete, vetplante en struike in (Manning & Goldblatt 1999:13). Die gebied is buitengewoon ryk aan geofiete (Van Wyk & Smith 2001:76). Dit is plante wat deur middel van oorblywende dele soos bolle en knolle tye van ongunstige klimaatsomstandighede oorleef (Manning & Goldblatt 1999:198). Daar is ongeveer tagtig endemiese spesies wat ses persent van die flora van die gebied verteenwoordig. Die *Iridaceae* met meer as sestig endemiese spesies is die mees verteenwoordigende van dié spesies (Van Wyk & Smith 2001:77). Ongelukkig is meer as 'n derde van die endemiese spesies op die Rooi Datalys en word dit met uitwissing bedreig (Brosjure: *Nieuwoudtville, bulb capital of the world*).

Daar is hoofsaaklik drie tipes plantegroei op die Bokkeveldplato, naamlik Kaapse fynbos, Bergrenosterveld en Bergkaroo (Brosjure: *Nieuwoudtville, bulb capital of the world*). Proteas, leucadendrons, ericas en restios vorm die grootste deel van die fynbos. Dié plante groei in die growwe goed gedreineerde sand van die Kaapse sandsteenstelsel en op die Bokkeveldplato kom dit slegs op die Bokkeveldberge voor. Die sande is suur en arm aan voedingstowwe. Oor die grootste gedeelte van die platorand word *Protea laurifolia* gevind en in die rotsagtige dele die *Protea glabra* (Manning & Goldblatt 1999:20).

Oos van die eskarpment verdwyn die fynbos en gaan dit oor in die bergrenosterveld wat genoem is na die renosterbos, *Elytropappus rhinocerotus.* Van die kenmerkende renosterveld plante wat daar aangetref word, is die wilde roosmaryn, *Eriocephalus purpureus* en die lang pluimgras, *Merxmuellera* (Manning & Goldblatt 1999:20). Die meeste van die renosterveld is in weiveld of graanlande omskep en onbenutte renosterveld is skaars. Suid van Nieuwoudtville en in die Botterkloof is daar nog onbenutte stukke renosterveld. Die bergrenosterveld huisves baie geofiete wat verskeie spesies van *Romulea*, *Lachenalia* en *Hesperantha* insluit (Manning & Goldblatt 1999:20-21; Van Wyk & Smith 2001:77).

Die oorspronklike plantegroei van die Bergkaroo was waarskynlik 'n mengsel van struike wat as gevolg van oorbeweiding of bewerking verlore gegaan het. In onversteurde gebiede word nog van die plantegroei soos die karee, *Rhus undulata* en die wildeolyf, *Olea europea,* subspesie *Africana* gesien. Tans is daar 'n groot verskeidenheid jaarplante en geofiete. Baie geofiete oorleef deur hulle bolle en knolle in rotsskeure in te wig en word op dié wyse nie deur ystervarke, patryse en tarentale geëet nie. Die bobbejaantjie, *Babiana framesii,* is van die bekendste geofiete. Ander plante wat algemeen voorkom, is rooikatstert, *Bulbinella latifolia var. doleritica* en die geurige *Gladiolus scullyi* (Manning & Goldblatt 1999:21-22; Bulpin 2001:321). Agt van die sewentien suidelike Afrika spesies van die genus *Bulbinella* word op die Bokkeveld plato aangetref (Van Wyk & Smith 2001:77).

Die Bergkaroo plantegroei onderhou ook verskeie jaarplante waarvan die karooleeubekkie, *Nemesia leipoldtii* een is. In die droër dele van die Bergkaroo, oos van Nieuwoudtville, is daar 'n groot verskeidenheid vetplante, veral vygies. Die *Ruschia caroli* is een van die mooiste soorte. Daar is ook verskillende aalwynsoorte te sien (Manning & Goldblatt 1999:21-22).

### 3.3 Historiese agtergrond

Die trek van die blanke veeboere het hulle onder andere wes van die Bolandse berge oor die Bergrivier, Vierentwintig-riviere en die Olifantsrivier in 'n noord-westelike rigting na die Hantam gedryf (Smit 1946:1). Teen die einde van die eerste helfte van die agttiende eeu is daar al 'n hele aantal leningsplase aan boere in die Onder-Olifantsrivier gegee (Scholtz 1966;31). Die noordwaartse trek van die blanke veeboere het die Bokkeveld voor 1730

bereik en teen 1744 reeds die Noord-Bokkeveld, waar die teenswoordige Nieuwoudtville gevestig is, binnegegaan. Nedersettings in die area is gevestig op die plato op plase soos Groenrivier, Papkuilsfontein, Lokenburg en Ouplaas. Lokenburg is een van die oudste leningsplase in die omgewing en is reeds in 1774 uitgegee (Smit 1946:2,4; Bulpin 2001:321).

Die geskiedenis van die stigting van die dorp Nieuwoudtville is nou met dié van Calvinia verweef. Die gemeente van Calvinia is in 1847 gestig. Die uitgestrektheid van die gemeente kan gesien word uit die feit dat groot dele van die hedendaagse gemeentes van Upington, Kenhardt, Namies, Brandvlei, Amandelboom, Loeriesfontein en Nieuwoudtville daarby ingesluit was. Weens die grootte van die Calvinia-gemeente is daar in die daaropvolgende dekade begin om gereeld op die eerste Sondag van die maand 'n buitediens in die distrik te hou. In 1885 het die getal lidmate die tweeduisend kerf bereik en is die idee van afstigting al hoe meer genoem (Breedt 1947:1-3).

Reeds in Oktober 1875 het die *Commissie ter vermeerdering van gemeenten* by die Ring van Tulbagh aanbeveel dat daar vanuit die gemeente Calvinia 'n nuwe gemeente gestig moes word. Aangesien daar egter onsekerheid was oor waar die gemeente gestig moes word, is die saak terugverwys na bogenoemde kommissie en die kerkraad van Calvinia. Die saak het herhaaldelik voor die Ring gedien maar die aanleg vir 'n geskikte kerkplaas kon nie gevind word nie (Breedt 1947:3).

Dominee William Robertson was gedurende die tydperk 1883-1889 predikant van die Calvinia-gemeente (Smit 1946:94). Gedurende sy dienstydperk het die kerkraad toestemming verleen dat 'n *hulpkerk* op die plaas Willemsrivier gebou kon word. Die kerk is gebou op grond wat deur A McGregor geskenk is. Vanaf 1890 is daar doelbewus aan die afstigting van 'n nuwe gemeente gewerk, maar die plaas by Willemsrivier was nie vir 'n aanneembare prys te koop nie en dit is ook nie as geskik vir die aanlê van 'n dorp beskou nie. Eers in 1896 is daar geskikte grond by Groenrivier, ongeveer vyf kilometer vanaf die kerk van Willemsrivier, gevind en na meer as 'n jaar se uitgerekte onderhandelinge het die kerkraad van Calvinia 'n gedeelte van die plaas Groenrivier vir £2 100 gekoop (Breedt 1947:3-6).

Die Ringskommissie van Tulbagh het op 3 Mei 1897 vergader en die nuwe gemeente is Nieuwoudtville genoem na aanleiding van die Nieuwoudt-broers wat die grond aan die kerkraad van Calvinia verkoop het (Breedt 1947:7; Raper 2004:274). Die landmeter EB Watermeyer het daarna vierhonderd erwe op die kerkplaas uitgemeet waarvan ongeveer tweehonderd erwe in Oktober 1897 verkoop is (Breedt 1947:7-8). Die dorp en die nuwe gemeente is so gevestig.

Nieuwoudtville is slegs 70 kilometer vanaf Calvinia geleë en die omgewing se geskiedenis ten opsigte van die uitbreiding en vestiging van die blanke veeboere, hulle aanraking en botsings met die Boesmans en die Khoi is dus dieselfde as dié van Calvinia (sien hoofstuk 2 vanaf 2.3.1.1-2.3.1.3). Melding kan tog gemaak word van vroeë reisigers wat in hul reisbeskrywings plase wat in die nabyheid van die teenswoordige dorp Nieuwoudtville geleë is, beskryf het.

Lichtenstein beskryf so die plaas Lokenburg tydens sy reis van 1803. Die plaas het behoort aan Jacob Adriaan Louw, die rykste man in die distrik. Hy meld ook dat die distrik baie dun bevolk was. Koring is slegs op klein skaal verbou weens die skaarste van water en omdat daar geen goeie vervoerstelsel was om dit te bemark nie. Skape was egter volop aangesien hulle baie goed geaard het in die omgewing. Die blanke veeboere wat met inheemse Afrikanerskaap geboer het, het ook begin om met ingevoerde Spaanse skape te boer om groot wolskeersels te kry (Lichtenstein 1928:102-104).

Ten opsigte van die Boesmans maak Lichtenstein melding van die goeie en slegte verhoudings wat daar tussen die blanke veeboere en die Boesmans was. Lichtenstein vertel van veldkornet Johannes Gideon Louw, eienaar van die plaas Oorlogskloof, wat gepoog het om vrede met die Boesmans in die omgewing te bewerkstellig. Hy het in 1798 460 skape en bokke by die veeboere gekry en dit as ‘n welwillendheidsgeskenk aan die Boesmans gegee waarna die twee groepe ‘n tyd lank in vrede saam geleef het. Daar was egter periodiek skermutselings met die Boesmans en Louw se plaas Oorlogskloof het juis sy naam te danke aan ‘n botsing wat daar tussen die veeboere en die Boesmans plaasgevind het (Lichtenstein 1928:104-106).

Thunberg beskryf hoe, tydens sy reis van 1774, die Khoi hulle gehelp het om die ossewaens teen die baie steil Bokkeveldberge uit te kry en hoe hulle daarna op die plaas

van Nicolaas Laubscher aangekom het (1986:287-288). Volgens redaksionele verklaringe in Thunberg se boek het Laubscher vanaf 1742-1782 op die plaas Groenerivier, waar die dorp Nieuwoudtville vandag is, geboer (Thunberg 1986:288). Daar was min blanke veeboere in die omgewing en 'n hele paar klein Khoi nedersettings. Die Khoi het vee besit en heelwat van die Khoi was ook in diens van die paar veeboere wat in die omgewing gewoon het. Die veeboere het die Khoi vir hul dienste betaal met vee of geskenke (Thunberg 1986:288-289). Khoi was ook deel van die kommando's wat as strafekspedisies teen die Boesmans opgetree het en is as bondgenote teen die Boesmans gesien (Thunberg 1986:290-291).

### 3.4 Besienswaardighede

#### 3.4.1 Blomme

Nieuwoudtville is wêreldwyd bekend vir sy ongelooflike veldblomme. In 'n radius van ongeveer twintig kilometer word vier verskillende plantegroeistreke aangetref wat veroorsaak dat Nieuwoudtville die grootste verskeidenheid bolplante in die wêreld het. Die dorp word tereg die *Bulb capital of the world* genoem omdat bolplante die helfte van die meer as seshonderd plant spesies van die omgewing verteenwoordig (Manning 2004:134). Die Sweed Carl Peter Thunberg was die eerste botanis wat die Bokkeveldplato besoek het, en reeds in 1774 het hy melding gemaak van die groot hoeveelheid pragtige *Mesembryanthemacae* (1986:287). Die Kaapse hiasint, *Polyxena maughanii* blom vanaf April tot Junie ( Manning & Goldblatt 1999:48; Goldblatt & Manning 2000:13). Gedurende die maande Augustus en September stroom duisende toeriste, plaaslik en van oorsee, na die dorp om die plate blomme te sien. Veral die dolerietgang huisves 'n groot hoeveelheid endemiese flora, waarvan die rooi katstert, *Bulbinella latifolia*, die bekendste is (Manning 2004:134). Die massas *Sparaxis* en die meer as 'n halfmiljoen oranje Bulbinellas op Glenlyon, die plaas van Neil MacGregor, slaan die besoeker se asem weg (Rösch 1999:116). Daar is 'n hele aantal uitsigpaaie in die omgewing van die dorp, wat asemrowende uitsigte op die veldblomme van die omgewing bied (Brosjure: *Welkom in Nieuwoudtville*; Brosjure: *Nieuwoudtville, bulb capital of the world*).

Die jaarlikse blommeprag is ook 'n ekonomiese inspuiting vir die dorp en omgewing aangesien honderde toeriste dan die gebied besoek en geld bestee aan onder meer

verblyf en voedsel. Omdat die blomgebiede 'n groot aanwins vir die omgewing is, tree die grondeienaars met verantwoordelikheid op om die unieke veldblomme vir die nageslag te bewaar. Kritieke tye wanneer die blomme beskerm moet word, is tydens die blomtyd en wanneer saad versprei word – vee moet dan uit die blomgebied gehou word. 'n Groot persentasie van die inheemse veldblomme is ook eetbaar en kan gebruik word as voer vir diere. Tydens die plante se groeiperiode kan vee in die blomgebiede wei aangesien die afeet van plante die plante liggies snoei en dit lei tot verhoogde blomdrag (Manning & Goldblatt 1999:23-24).

### 3.4.2 Nieuwoudtville Veldblomreservaat

Die Nieuwoudtville Veldblomreservaat is gestig met die doel om die unieke flora van die omgewing te bewaar. Onder leiding van Neil MacGregor, 'n boer van die omgewing, het die munisipaliteit van Nieuwoudtville in 1974 66 ha grond tot 'n veldblomreservaat geproklameer in 'n area wat bekend is vir die wonderlike veldblomme wat in die lente hulle verskyning daar maak. Die veldblomreservaat is in 1986 verder vergroot met nog 49 ha grond (Snijman ea 1987:446).

Die veldblomreservaat is geleë aan die noordwestelike grens van die Kaapse Plantkoninkryk, op die Bokkeveldplatorand, twee kilometer oos van die dorp (Snijman ea 1987:445). Dit omsluit twee veldtipes: droë Bergfynbos en Karoo-agtige struikgewas. Die habitatte in die reservaat omsluit dolorietlaagtes en –koppies in die noordelike deel en verweerde Dwyka-tillietlaagtes in die suidelike deel. Klimatologies is die gebied halfdor met 'n gemiddelde jaarlikse winterreënval van 341,6mm (Snijman ea 1987:445-446).

Daar is 306 verskillende spesies en 199 genera geïdentifiseer. Van die spesies is meer as vyf persent endemies tot Nieuwoudtville. Die buitengewone hoë voorkoms van geofiete (bolplante) word nêrens in die wêreld geëwenaar nie en dit lok botaniste en blomkykers van oral (Brosjure: *Welkom in Nieuwoudtville*). *Bulbinella* (katstert spesies) groei hier in massas en lewer 'n wonderlike gesig as hulle blom (Rösch 1999:116). Van die unieke flora wat hier bewaar word, is 'n nuwe spesie van *Pelargonium glabriphyllum* (Geraniaceae) wat in die veldblomreservaat ontdek is (Marais 1996:228) asook die twee naverwante eenjarige *Diascia* spesies: *Diascia insignis* KE Steiner en *Diascia lewisiae* KE Steiner (Steiner 1992:202).

### 3.4.3 Gletserspore

Die gletserspore is op die Oorlogskloofpad, ongeveer tien kilometer suid van Nieuwoudtville, te sien. Dit is op die plaas Oorlogskloof wat aan die Louw-familie behoort. Die terrein waar dit voorkom, is ongeveer een vierkante kilometer groot (Theron & Thamm 1990:33). Die terrein, wat groot belangstelling van geoloë ontlok, word beskerm deur 'n draadheining wat deur JA Louw, oorlede eienaar van die plaas, opgerig is (Brosjure: *Oorlogskloof-gletservloer*).

Sowat driehonderd miljoen jaar gelede het Suidelike Afrika as deel van die Gondwana-superkontinent oor die Suidpool beweeg (Theron 2009:onderhoud). Die bewyse hiervan is die skaafmerke en langwerpige groewe, bekend as gletserspore, wat deur die bewegende ys, waarin rotsbrokstukke en spoelklippe vasgevang was, nagelaat is. Die vloer is nie op harde rots gesny nie, maar in los sanderige materiaal wat tussen die bodemrots en die ys vasgevang was en wat nou deur die spoelklip bevattende sandsteen verteenwoordig word (Brosjure: *Oorlogskloof-gletservloer)*. Die materiaal bestaan hoofsaaklik uit sandsteen van die boonste Tafelberg Groep, die Nardouw Subgroep, wat ongeveer vierhonderd-en-twintig miljoen jaar oud is (Rust 1963:12). Die vergletsering het eers ongeveer eenhonderd miljoen jaar later plaasgevind nadat die Tafelberg sandsteen verhard het en gedeeltelik afgeërodeer het (Brosjure: *Oorlogskloof-gletservloer).*

Die strukture van die gletserspore by Oorlogskloof omsluit langwerpige rûe, kleiner groewe en tallose skraapmerke. Die grootste groewe is meer as vyf-en-twintig sentimeter wyd, ongeveer tien sentimeter diep en sommige is sowat vyftig meter lank. Baie van die groewe het 'n duidelike V-vorm met die kruin van die rand óf skerp óf gerond. Die groewe loop parallel en binne die grootste groewe is daar nog kleiner skraapmerke en groewe (Rust 1963:12). Op sommige plekke kan gesien word dat sagte materiaal vanuit een groef na die aangrensende groef ingepers is deur die draaibeweging van 'n rotsblok in die ys (Brosjure: *Oorlogskloof-gletservloer*). Skraapmerke en ander strukture op die gletservloere van die westelike Kaapprovinsie dui teenstrydige ysvloeirigtings aan. Volgens Rust wil dit voorkom asof die ys by Oorlogskloof in 'n suid-oostelike rigting beweeg het (1963:12). Theron & Thamm meld egter dat verskeie geoloë soos von Backström, Rust, Visser en Theron self nie konsensus kon bereik oor die presiese rigting van die ysbeweging nie (1990:33).

Sover bekend is daar slegs 'n paar soortgelyke plekke in Suid-Afrika waar daar gletserspore te vind is. Gletserspore is in 1993 ook by Biekoes en Papkuilsfontein ontdek en kom ook by Menzieskraal voor (Brosjure: *Welkom in Nieuwoudtville*; Theron & Thamm 1990:34). Volgens Theron is daar ook gletserspore stroomaf van die Nieuwoudtville waterval te sien. Dit is onder die Dwyka tilliet op die Tafelberg sandsteen (2009:onderhoud). Die gletserspore op die Oorlogskloofpad word beskou as die beste wat in die suid-westelike Kaap behoue gebly het (Rust 1963:12).

### 3.4.4 Nieuwoudtville waterval

Die afdraai na die waterval is sewe kilometer uit die dorp op die Loeriesfonteinpad. Die waterval het ontstaan as gevolg van die Doornrivier wat oor 'n tydperk van miljoene jare oor die harde sandsteen gevloei en die sagter skalie geërodeer het om 'n skouspelagtige ravyn in die plato te kalwe. Die kranse waar die waterval oor vloei, bestaan uit weerstandbiedende Tafelberg sandsteen (Theron 2009:onderhoud). Die water van die Doornrivier stort oor 'n afgrond van honderd meter en bied 'n asemrowende gesig in die reënseisoen (Bulpin 2001:321). In die stroompies tussen die rotse bokant die waterval is daar plate rivierlelies, *Crinum variabile* te sien. Hulle is geofiete wat vanaf Maart tot April lig tot donkerpienk blomme dra (Manning & Goldblatt 1999:23,54).

### 3.4.5 Kokerboomwoud

By Gannabos, ongeveer twintig kilometer buite die dorp op die Loeriesfonteinpad, is daar een van die grootste kokerboomwoude ter wêreld te sien (Brosjure: *Welkom in Nieuwoudtville*). Die kokerbome groei teen die doleriet rante (Manning 2004:158).

Thunberg maak tydens sy reis na die Roggeveld in 1774 al melding van die kokerbome, *Aloe dichotoma,* wat daar groei en meld ook dat die Khoi die stamme uithol om as pylkokers te gebruik (1986:287-288). 'n Ander praktiese gebruik van dooie kokerbome, volgens JD Möller, was om dit in skywe te saag, nat te maak en dit om lampolieblikke te bind. Dit is dan as mobiele yskaste gebruik (Brosjure: *Welkom in Nieuwoudtville*).

### 3.4.6 Oorlogskloofnatuurreservaat

Die Oorlogskloofnatuurreservaat is agtien kilometer suid van Nieuwoudtville geleë op die rand van die eskarpment met asemrowende uitsigte oor die Knersvlakte, Tierberg, Klein Kobee en die Oorlogskloofrivier (Brosjure: *Nieuwoudtville, bulb capital of the world*; Brosjure: *Oorlogskloof Wildernis Wandelpad*). Die oppervlakte van die Oorlogskloofnatuurreservaat beslaan 5570 hektaar en bied 'n groot verskeidenheid flora en fauna (Bulpin 2001:321). Onder die beskermde flora van die natuurreservaat is daar 'n nuwe spesie *Clivia mirabilis* wat in 2001 ontdek is (Rourke 2002:1). Een van die grootste bates van die reservaat is sy ongeskonde wilderniskarakter wat uitsonderlike rotsformasies, Boesmantekeninge en 'n waterval insluit (Brosjure: *Oorlogskloof Wildernis Wandelpad;* Rösch 1999:116).

Die reservaat is op 'n hoogte van tussen vierhonderd en negehonderd meter bo seespieël geleë. Die Ooorlogskloofrivier, wat in die omgewing van Calvinia ontspring, vloei deur die reservaat deur 'n diep, indrukwekkende kloof van ongeveer 0.5 kilometer wyd. Die kloof raak geleidelik dieper en wyer van noord na suid. Aan die bokant van die reservaat is die kloof ongeveer eenhonderd-en-twintig meter diep en aan die onderpunt ongeveer vierhonderd meter (Brosjure: *Oorlogskloof Wildernis Wandelpad*).

Die gronde wat op die Tafelbergsandsteen plato ontwikkel het, is suur, sanderig en het min voedingstowwe. Fynbos word bo-op die plato aangetref. In die klowe kom bergrenosterveld voor en Karoo-agtige struikveld word slegs in klowe aangetref waar verwering diep genoeg is om deur die sandsteenlaag tot op die skaliegrond en moddersteen te dring. Die gebied het 'n Mediterreense klimaat. Die Oorlogsrivier vloei vanaf Mei tot November en gedurende Desember tot April is die water in die rivier slegs tot poele beperk (Brosjure*: Oorlogskloof Wildernis Wandelpad*).

Daar is 'n groot verskeidenheid fauna soos bobbejane, ystervarke, jakkalse, otters, duikers, klipspringers, dassies en hase. Luiperds beweeg ook deur die gebied. Tien verskillende muisspesies is al waargeneem en die gebied is ook die habitat van 'n verskeidenheid voëls soos kolganse, witkruisarende, bosduiwe, bokmakieries en suikerbekkies (Brosjure: *Oorlogskloof Wildernis Wandelpad*).

Boesmans het in die gebied gewoon en rotstekeninge deur hulle geskilder, kan op verskeie plekke in die reservaat gesien word. Die Khoi, wat hoofsaaklik veeboere was, het ook die gebied bewoon en hulle het om water, weiding en grond met die blanke koloniste meegeding (Brosjure: *Oorlogskloof Wildernis Wandelpad*). Van die skermutselings tussen laasgenoemde twee groepe het in die omgewing van die Oorlogskloofnatuurreservaat plaasgevind wat aan die gebied sy naam besorg het. Volgens Bulpin was daar ‘n skermutseling tussen die volgelinge van Jantjie Klipheuwel, ‘n Boesman kaptein, en die blanke koloniste (2001:321). Dr Godée-Molsbergen maak ook melding van die botsing tussen die koloniste en die Boesmans (1916:179) en Raper meld dat die botsing tussen die Boesmans en die koloniste gedurende die agttiende eeu plaasgevind het. Die Oorlogskloofrivier wat deur die Oorlogskloofnatuurreservaat vloei, ontspring in die omgewing van Downes naby Calvinia. *Dau,* afkomstig van die Khoi woord *Daunis,* beteken *wen 'n geveg, wen 'n oorlog*. Die naam *Downes* is ‘n afleiding van die Khoi naam *Daunis* (Raper 2004:291).

Daar is talle klip- en kleimurasies, klipkrale, kliphuise en grafte, gewoonlik in die nabyheid van ‘n fontein, in die reservaat. Die fonteine is waarskynlik deur die Boesmans gebruik en tot met die depressiejare van 1929 tot 1933 het die laaste bruin mense en blankes nog die kliphuise bewoon (Brosjure: *Oorlogskloof Wildernis Wandelpad*).

Daar is ook swemgate, kamp- en braaigeriewe, dagstaproetes en ‘n wandelpad, die Kransduifroete, van ses-en-veertig kilometer (Bulpin 2001:321; Brosjure: *Oorlogskloof Wildernis Wandelpad*).

### 3.4.7 Nederduits Gereformeerde Kerk

Die kerkgebou en die kerkplein is op 21 Februarie 1988 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar (Booyens 1990:12). Dié genoemde gedenkwaardigheid is tans (2009) nog nie herevalueer onder Wet 25 van 1999 nie. Dit sal waarskynlik ‘n graad 2 erfenishulpbron van Provinsiale belang word. Die Tafelbergsandsteen kerk is in 1907 voltooi. Reeds in 1905 is planne vir die kerkgebou geteken en op 3 Februarie 1906 is die hoeksteen gelê. Die inwyding van die kerkgebou het die naweek van 21 April 1907 plaasgevind. Die boukoste was £11, 300 (Breedt 1947:15-18).

Die kerk is in die Neo-Gotiese styl gebou. Die vooraansig het 'n hoë toring en bokant die deur is daar 'n geboë gewelf. Die dakteëls op die toring van die kerk is ingevoerde dun loodteëls en die versierde traliewerk by die galerye van ingevoerde Skotse gietyster. Die vensters is geboog en het gebrandskilderde ruite. Die kerk het 'n uitsonderlike preekstoel gemaak van wit Tafelbergsandsteen uit die area (mnr TN Kotze 2008:onderhoud). Die meeste van die klipwerk en die oprigting daarvan is deur Pieter J Brundyn, 'n immigrant uit Swede, en sy familie gedoen (Booyens 1990:11; Brosjure: *Welkom in Nieuwoudtville*). Volgens mnr TN Kotze is die sandsteenklippe gebreek naby waar die huidige karavaanpark is en is dit na die kerkterrein gesleep op ongebreide perdevelle (2008:onderhoud).

Die kloktoring naby die kerk het waarskynlik vroeër op die kerkplaas Groenrivier of Willemsrivier gestaan. Dit is in 1919 op die huidige kerkterrein staangemaak (Booyens 1990:11).

Die gedenksteen in die hoek links van die hoofingang is 'n marmersteen wat rus op 'n voetstuk van sandsteen. Dit het 'n merkwaardige geskiedenis en is waarskynlik enig in sy soort. Blykbaar het die kerkraad, as gevolg van 'n langdurige droogte en ernstige teëspoed met die finansiële administrasie wat met die kerkbouprogram verband gehou het, teen 1910 met 'n baie groot skuldlas van £11 000 gesit. Die kerkraad onder leiding van die predikant, dr WP Steenkamp, het deur middel van basaars en 'n intensiewe kollekteprojek, die skuld binne twee jaar uitgewis. Die gemeente se dankbaarheid oor die skuldlas wat afgewerk was, het aanleiding gegee tot die oprigting van die *Dankseggingsteen* wat op 20 September 1913 onthul is (Booyens 1990:11).

Op die een kant van die marmerblad is die name van die betrokke kerkraadslede en op die anderkant die volgende woorde: *Ter nagedachtenis aan de onvergetelijke jaren 1911-1913 waarin deze gemeente haar schuld van £11 000, grootendeels door een ongeluk ingekomen, afgeworsteld had* (Booyens 1990:11).

### 3.4.8 Pastorie

Gedurende 1899 is die eerste steen van die pastorie van die Nederduits Gereformeerde Kerk gelê en met die nagmaal van September 1900 is die pastorie ingewy. Dit het £2,000

gekos en kon sonder enige skuld in gebruik geneem word. Die eerste pastoriepaar was dominee CA Neethling en sy vrou, Johanna Rabie, 'n pastoriedogter van Malmesbury (Breedt 1947:13-14).

Volgens mev A Kotze het 'n mnr Elias Nel die pastorie van die NG Kerk gekoop. Daarna was dit in besit van die plaaslike koöperasie en mev Kotze en haar man het dit weer van die koöperasie gekoop (2008:onderhoud).

Gedurende die Anglo-Boereoorlog is daar loopgrawe rondom die pastorie gegrawe en die pastoriepaar, dominee CA Neethling en sy vrou, is op kort kennisgewing deur die Engelse besettingsmagte aangesê om die huis te verlaat omdat die klipgeboude pastorie as fort moes dien (Breedt 1947:14-15). Op 18 Junie 1901 het veggenl Manie Maritz verkenners vanaf die plaas Uithoek uitgestuur om die getalsterkte van die Britse soldate in Nieuwoudtville te probeer vasstel (Nel 2003:158). Tydens die skermutseling tussen die twee groepe, in die nabyheid van die pastorie, het 'n opslagkoeël die deur in die portaal wat na die gang lei, getref – gelukkig het die res van die pastorie ongeskonde gebly (mev A Kotze 2008:onderhoud).

Die woning is in die laat-Victoriaanse styl met gedresseerde Tafelberg-sandsteen gebou. Die sandsteenklippe is vanaf Groenrivier aangery op plat sleepwaens wat deur deur 'n gemeentelid, ene Kotze gemaak is. Die wiele van die waens is uit blougomboomstamme gemaak (Breedt 1947:13). Die huis het 'n langwerpige middel deel met aan weerskante 'n uitgeboude flank. Die dak is van sink en aan die voorkant van die middel deel is daar 'n stoep wat ook 'n sink veranda het. Die veranda is aan die voorkant met gietyster traliewerk versier. Op die voorstoep is daar besondere lang regop pilare, nie van smeedyster gemaak nie, maar van gekapte leiklip. Die leiklip-pilare het vanaf Gert Visser se plaas, Klompboom, gekom (Breedt 1947:13). Weerskante van die voordeur is daar 'n lang smal skuifraamvenster. Daar is ook lang smal vensters in die vooraansig van die twee syflanke.

Die pastorie het grotendeels behoue gebly soos dit was en slegs 'n sonkamer is aangebou. Daar is nie meer houtluike voor die vensters nie en van die vensterrame en plankvloere moes vervang word. Die huis het dik buite- en binnemure en 'n besonder breë gang. Daar is drie ruim slaapkamers en in die studeerkamer, sitkamer en eetkamer is

daar Victoriaanse kaggels (mev A Kotze 2008:onderhoud). Al die benodigdhede vir die pastorie moes met waens van die naaste spoorwegstasie Malmesbury, of van Doornbaai aangery word (Breedt 1947:13).

Die voorhek met die woorde *Vrede* daarop moes vervang word nadat 'n boom, wat regoor die hek in die kerkgrond gestaan het, omgewaai en die oorspronklike hek platgeval het. Tans is die hek 'n groen geverfde houthek en die plaat met die woorde *Vrede* daarop is weer op die hek aangebring (mev A Kotze 2008:onderhoud).

### 3.4.9 Blake se huis

Blake se huis is 'n gedresseerde sandsteenhuis in die Victoriaanse styl. Dit het 'n sinkdak, erkers en gietyster versierings op die stoep en teen die dak. Vanaf ongeveer 1910 het dit die algemene handelaars Vogelman en Fischer gehuisves. Die groot huis is as winkel en woonhuis gebruik. Daarna is dit oorgeneem deur Barnie en Julius Fischer, en later het Johan Nel en daarna JJ Blake gevolg. Tans word die huis deur me Oetle bewoon en word daar ook 'n besigheid vanuit die huis bedryf (mnr TN Kotze 2008:onderhoud).

### 3.4.10 Ander besienswaardighede

Ander besienswaardighede op die dorp is die ou sendingpastorie en die kerksaal. In die omgewing is daar ook rooibosteebane, die ou perdemeul op die Grasbergpad na Kookfontein en Boesmantekeninge (Brosjure: *Welkom in Nieuwoudtville*).

## 3.5 Samevatting

Alhoewel die studie handel oor plaastoerisme, meer spesifiek die haalbaarheid van plaastoerisme op die plase Sewefontein en Soutpan, is dit belangrik om te wys op watter rol die omgewing speel. Volgens Coetsee is plaastoerisme nie 'n bestemming nie. Reisigers gaan nie noodwendig na 'n plaas toe kom soos wanneer hul see toe gaan vir 'n vakansie nie. Toeriste word deur besienswaardighede na 'n streek of dorp getrek en soek dan oornagverblyf (2004:49). In die geval van Nieuwoudtville word duisende toeriste deur die jaarlikse blommeprag na die streek en ook die dorp getrek. Terwyl hulle die blomme kom besigtig, kan hulle ook die besienswaardighede van die dorp bekyk. Dit is dus van

belang om te weet hoe die streek daar uitsien en watter toeriste-besienswaardighede daar in die dorp is.

# HOOFSTUK 4

# DIE PLAAS SOUTPAN

## 4.1 Geografie van Soutpan

Soutpan is ongeveer tagtig kilometer wes van Calvinia en vyf-en-sewentig kilometer suid van Nieuwoudtville in die Calvinia-Karoo geleë (figuur 3). Vanaf die Clanwilliam/Pakhuis-pad lê dit in 'n suid-oostelike rigting (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud). Die plaas lê nie op hoofverkeersroetes nie en in die laat negentiende eeu moes dit redelik geïsoleerd gewees het. Die plaas lê in 'n vallei met die Soutpansrivier aan die suidekant, weswaarts is daar hoë rante en noord-weswaarts is daar 'n vlakte vir ongeveer twaalf kilometer (Nel 2003:430)

### 4.1.1 Geologie

Die plaas is geleë op gesteentes van die Bokkeveld Groep. Die kranse aan die suidekant van die opstal is deel van die Gamkaformasie wat weer deel vorm van die Bokkeveld Groep. Al langs die Soutpansrivier na die noorde kom uitgebreide sand- en slikafsettings voor. Laasgenoemde is die verweringsproduk van die sand- en skalielae van die Bokkeveld Groep (Taljaard 1948:38; dr Hannes Theron 2009:onderhoud). Dié gesteentes het 'n kleiryke alluvium veroorsaak en as gevolg daarvan is die meeste van die grondwater brak (dr Hannes Theron 2009:onderhoud).

### 4.1.2 Klimaat en plantegroei

Die ligging van die plaas val in die winterreënval gebied en die winters kan snerpend koud wees. Heersende winde is matig tot sterk noordwes in die winter en suidwes in die somer (Erasmus 1986:6). Reënval is van groot belang en uit reënvalsyfers oor twintig jaar gemeet, blyk dit dat die gemiddelde jaarlikse reënval van die Calvinia-distrik tot 1986 nooit 231,4mm oorskry het nie (Erasmus 1986:6). Die plaas het genoeg grondwater vir boerdery bedrywighede maar die water is brak (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).




*Figuur 3: Kaart van Calvinia/Nieuwoudtville omgewing met Soutpan aangedui*

(Brosjure*: Nieuwoudtville bulb capital of the world)*

Die gebied waarin die plaas geleë is, staan bekend as die Karoostreek waarvan die grondtipe woestynagtige steppe is. Dit het 'n tipiese Karootopografie van vlaktes, afgewissel met berge, losstaande koppe en lae rante (figuur 4) (Van Wyk & Smith 2001:74).

Die plantbedekking is op ruwe oppervlakte gevestig en bestaan hoofsaaklik uit geharde, kort Karoo struikgewas, in die volksmond bekend as Karoobossies. Groter struike en bome word hoofsaaklik op die oewers van rivierlope aangetref (Van Wyk & Smith 2001:74). Daar is volop veldblomme op die plaas wat hoofsaaklik in die lente, na die winterreën, te sien is. Plantfamilies soos *Iridaceae* en *Amaryllidaceae* kom hier voor (Erasmus 1986:6), asook 'n verskeidenheid sukkulente, veral vygies (*Mesembryanthemaceae*) (Manning & Goldblatt 1999:102-106).

## 4.2 Geskiedenis van die plaas

### 4.2.1 Eienaars

In die Opgaafrol van 1809 word daar vir die eerste keer melding gemaak van die leningsplaas *Zoutpan* wat in besit was van Jan Harmse Steenkamp en sy vrou Regina Barbara, gebore Nieuwoudt (KAB J19:106; KAB MOOC 7/1/196:34). Hulle bewoon die plaas met hul twee seuns en drie dogters (KAB J19:106). Volgens die Opgaafrol van 1811 word vermeld dat Jan Harmse en sy vrou nou twee leningsplase het, naamlik *Zoutpan* en *Klipfontein* (KAB J19:18). Teen die rotswand agter die opstal van Soutpan, is daar die letters en datum, J:H:S:K 1811 uitgekrap (figuur 5). Volgens oorlewering is die letters dié van die voorletters en van vir die name Jan Harmse Steenkamp. Die opbreek van die woord Steenkamp in twee dele (S.K.) is ook op 'n ander plaas te sien (Amschwand 2007:3). Schutte het 'n ander verklaring vir die inskripsie teen die rotswand. Sy interpreteer die letters as F:H:S:K (nie J:H:S:K nie) en verklaar dit soos volg: *Die F:H: en S:K: verwys onderskeidelik na die voorgeslag **F**rederik **H**enricus Boltman (*c 1792 †21 9 1837 in Kaapstad, wat getroud is met Christina Petronella (geb. **K**uuhl). Die datum **1811** verwys na die troudatum 9 6 1811 van die ouers Pieter Pietersz Boltman (* c1768 †23 2 1835) met Clara Elizabeth v.d.K. in Kaapstad* (Schutte gd:22). Schutte verklaar nie waarna die letter S verwys nie. Aangesien dit gebruiklik is dat mense eerder hul eie name êrens sou uitkrap, is die verklaring van Amschwand in hierdie geval meer aanvaarbaar.

*Figuur 4: Karootopografie naby Soutpan*

*(Foto: M Visser 2009)*

*Figuur 5: Voorletters teen die rotswand*

*(Schutte gd:22)*

Jan Harmse was blykbaar 'n vooruitstrewende boer, want in 1814 besit hy drie leningsplase: *de Zoutpan, de Klipfontein* en *de Driefonteinen* (KAB J22:13). In 1816 word daar egter melding gemaak van net *een plaats in leening,* naamlik *de Zoutpan gele aan de Doornrivier.* Op dié plaas is daar geboer met 250 hamels, 806 aanteelskape en 1120 bokke (KAB J22:52). In 1818 en ook in 1820 word die leningsplaas *Zoutpan* aangedui as bewoon deur Regina Barbara Nieuwoudt, die vrou van Jan Harmse Steenkamp (KAB J26:5; KAB J252:39). Jan Harmse het later blykbaar permanent op Klipfontein gaan woon (Amschwand 2007:3) en is waarskynlik in 1848 daar oorlede (KAB MOOC 6/9/47:44). Die vermoede word versterk omdat sy vrou in 1839 'n kodisil by haar testament gevoeg het en dit onderteken het op die plaas *Klipvontyn* (KAB MOOC 7/1/196:35). Klipfontein en Driefontein is geleë tussen Soutpan en die Doornrivier.

Dié Jan Harmse, ook genoem *Jan Slaai* , was 'n omstrede figuur. Uit hofverslae blyk dit dat hy in 1814 lewenslank uit die Tulbagh-distrik verban is, asook vir vyf jaar uit die Kaapkolonie omdat hy onder valse voorwendsels 'n kommando opdrag gegee het om veediewe dood te maak (Amschwand 2007:3). Nie lank nadat die Engelse die Kaap in 1806 oorgeneem het nie, moes Jan Harmse voor die Hooggeregshof verskyn op aanklag van moord. Daar is beweer dat hy twee Khoi aangehits het om Boesmans wat sy vee gesteel het te agtervolg en hulle dood te maak. Hy het hulle 'n geldelike beloning aangebied vir elke Boesman wat hulle sou doodmaak, maar dan moes hulle die Boesmans se ore afsny en na hom bring as bewys. Ongelukkig vir Jan Harmse het die gereg van sy plan te hore gekom. Volgens oorlewering is hy in hegtenis geneem en het hy skuldig gepleit op die aanklagte en die afgesnyde ore as bewys getoon. Sy straf was nege jaar gedwonge arbeid op Robbeneiland. Nadat hy ongeveer 'n jaar straf uitgedien het, is hy meegedeel dat sy vonnis versag is en dat hy vrygelaat word. Hy wou sy totale straf uitdien en moes met geweld op 'n boot geplaas word om terug te keer na die vasteland (Steenkamp 1969:3). Die ware verloop van die gebeure kan gelees word in Nigel Penn se artikel *The Bokkeveld ear atrocity* (2005:62-106). Harmse is in der waarheid op 1 Junie 1815 na Robbeneiland gestuur (Penn 2005:103), en dit verklaar waarskynlik hoekom daar in die Opgaafrolle van 1818 en 1820 aangedui word dat net sy vrou die leenplaas Soutpan bewoon het (KAB J26:5; KAB J252:39). Sy aansoek tot appél teen sy vonnis het misluk en volgens Penn is Steenkamp moontlik na Nieu-Suid-Wallis gestuur om sy straf uit te dien (2005:104).

Steenkamp meld ook dat dié Jan Harmse moontlik die voorvader was wat op 3 Mei 1761 gebore is en met Maria Johanna Bock getroud was (1969:141). Sy aanname is foutief aangesien die Jan Harmse Steenkamp wat op Soutpan gewoon het, in 1768 gedoop is en met Regina Barbara Nieuwoudt getroud was (De Villiers & Pama 1966:24).

Vanaf 1821 word Soutpan as in besit van Thomas Arnoldus Theron en sy vrou, Helena Hendrina Visagie en hulle vyf kinders, een seun en vier dogters, aangedui. Hulle besit blykbaar een en 'n half leningsplase. Die een plaas is Zoutpan en die half Hoogerug (KAB J28:68). In 1823 se Opgaafrol word ook vermeld dat Thomas Arnoldus, sy vrou en nou ook sy seun, Pieter Lodewicus, wat agttien jaar oud was, die leningsplaas Zoutpan in besit het, asook die halwe leningsplaas Hoogerug. Die ander helfte van Hoogerug was in besit van Willem Johannes Visagie (KAB J28:19).

In 1823 het Thomas Arnoldus die Steenkamp plase Driefontein en Klipfontein laat opmeet en in 1831 het hy dit as erfpagplase ontvang (AK Calvinia Akteregister:991/1; AK Calvinia Akteregister:982/1). Die twee plase het lank in Theron besit gebly. Driefontein het vanaf Thomas Arnoldus oorgegaan na sy seun Pieter Lodewicus en in 1877 na dié se dogter, Helena Hendrina Botha (gebore Theron) (AK Calvinia Akteregister:991/1). Klipfontein was in Theron besit tot 1897 toe dit Frederik Hendricus Boltman se eiendom geword het (AK Calvinia Akteregister:982/1). Die Steenkamps het dus op Klipfontein gewoon alhoewel die plaas nie in hulle besit was nie.

Thomas Arnoldus Theron het ook vir Soutpan laat opmeet, soos blyk uit die dokument waarvolgens die *leening's plaats de Zoutpan* op 12 November 1823 deur landmeter JM Wentzel opgemeet is en 'n grondbrief gedateer 29 Desember 1831 aan Thomas Arnoldus Theron uitgereik is (LG SG 7459). Tot met die Opgaafrol van 1832 word Thomas Arnoldus en Pieter Lodewicus se name aangedui en alhoewel die plaasname nie meer in die Opgaafrolle verskyn nie, kan daar met sekerheid aanvaar word dat hulle nog steeds die plaas Soutpan in besit gehad het (KAB J36:68,70).

Na sy vrou Helena se dood trou Thomas Arnoldus in 1832 met Elizabeth Maria van Wyk. Hulle het drie dogters en 'n seun, ook Thomas Arnoldus genoem (Heese & Lombard 2006:98). Thomas Arnoldus senior se oudste seun, Pieter/Petrus Lodewicus en die plaas Soutpan word nie in sy testament genoem nie, dus het hy waarskynlik reeds voorheen die

plaas aan sy seun oorgegee (KAB MOOC 7/1/252:31). Dit is moontlik dat hy, Thomas Arnoldus, met sy tweede vrou en sy tweede gesin op een van sy ander plase gaan woon het, aangesien hy in 1860 op Hoogerug oorlede is (Heese & Lombard 2006:97). Sy oudste seun, Pieter Lodewicus het op Soutpan gewoon en hy is in 1876 op Soutpan oorlede (Heese & Lombard 2006:97).

Pieter Lodewicus was drie keer getroud en in die testament met sy eerste vrou is die plase Soutpan en Klipfontein aan sy oudste seun, Thomas Petrus Arnoldus, gebore 1832, bemaak. Sy oudste dogter en haar man erf die plaas Driefontein. Geen melding word in die testament van sy tweede seun, Jacob Petrus gemaak nie (KAB MOOC 7/1/250:78).

Soutpan is volgens die transportaktes van die plaas nooit oorgedra aan Thomas Petrus Arnoldus Theron nie, maar in sy testament van 1879 word die plaas aan sy kinders nagelaat (KAB MOOC 7/1/400:91). In 1895 het hy 'n verband uitgeneem vir die koop van Brandhoek, Kookfontein Uitbreiding en Soutpan Uitbreiding, maar in 1897 word die verband oorgedra na Frederik Hendricus Boltman (KAB DOC 4/1/424:1021).

Thomas Petrus Arnoldus het in 1854 met Aletta Catharina Nieuwoudt getrou. Hulle vierde kind, ook Aletta Catharina genoem, trou met bogenoemde Frederik Hendricus (Frikkie) Boltman (MS Geslagregister van Therons in Suid-Afrika gd:245,248).

Frikkie se vader was 'n skrynwerker en nie 'n grondbesitter nie en het hom eers op Brakrivier en later op Botterkloof in die Calvinia-distrik gevestig. Frikkie het as oudste seun vroeg begin werk om finansiële hulp aan sy ouers te bied en het as jong man op die plaas Soutpan aangekom op soek na werk (Schutte gd:33). Hy het 'n goeie kop vir besigheid gehad en deur die koop en verkoop van sy skape het hy finansieel sterker geword. Sy skoonvader Thomas Petrus Arnoldus Theron het by hom begin geld leen met die plaasgrond as sekuriteit vir die leningsbedrae. Toe hy nie meer die lenings kon terugbetaal nie, is al sy grond op dié wyse aan Frikkie Boltman verkoop (Schutte gd:33). Op die manier het Soutpan vanaf Theron-besit oorgegaan in die hande van die Boltmans.

Die transportaktes verskaf nie 'n duidelike beeld van die plaas se verskillende eienaars nie. Die eerste inskrywing van 29 Desember 1831 blyk foutief te wees aangesien die transportnemer aangedui word as Thomas Petrus Arnoldus Theron en nie Thomas

Arnoldus Theron nie (AK Calvinia Akteregister:989/1). Thomas Petrus Arnoldus Theron is eers in 1832 gebore. Op dieselfde datum, 29 Desember 1831 is daar ook die plase Driefontein en Klipfontein aan Thomas Arnoldus Theron uitgereik (AK Calvinia Akteregister:991/1; AK Calvinia Akteregister:982/1). Daar word geen melding in die transportaktes gemaak dat Soutpan opeenvolgend in besit van Petrus Lodewicus en sy seun, Thomas Petrus Arnoldus Theron was nie. Petrus Lodewicus het in 1876 gesterf (Heese & Lombard 2006:97) en het in sy testament die plaas aan sy seun, Thomas Petrus Arnoldus bemaak, maar die transportakte dui aan dat die plaas op 29 Oktober 1897 vanaf PL Theron oorgegaan het na Frederik Hendricus Boltman (AK Calvinia Akteregister:989/1). Die oordrag het dus eers een-en twintig jaar na sy dood geskied.

Frederik Hendricus Boltman was lank eienaar van Soutpan. Al die buitegrond om Soutpan is ook deur hom opgekoop sodat hy uiteindelik 45 000 hektaar besit het, vanaf Spaarbos tot by Grootdam (Schutte gd:33). In 1927 is sy vrou oorlede en in 1928 word die grond verdeel tussen sy seuns, Frederik Hendricus (Frikkie Tandarts), Petrus Jacobus (Boy) en Theunis Gerhardus Josias Nieuwoudt (Theunis) Boltman (AK Calvinia Akteregister:989/1). Uit sy vrou se boedel erf bogenoemde drie seuns Soutpan se grond, terwyl die ander twee seuns die ander plase erf (KAB MOOC 6/9/3501:21887). Die oudste seun, Petrus Jacobus (Boy) en die vierde seun, Theunis Gerhardus Josias Nieuwoudt (Theunis) het op Soutpan gewoon. Die tweede seun, Thomas Petrus Arnoldus (Thomas) het op Kalkgat, wat ongeveer tien kilometer suid van Soutpan geleë is, gaan woon. Die derde seun, Frederik Hendricus (Frikkie) het die grond verder noord van Soutpan tot by Spaarbos gekry en die jongste seun, Jonas Lambertus Philippus van Ellewee (Jonas) het op Grootdam gaan woon (Schutte gd:37, 39). Die grond is verdeel tussen sy vyf seuns sodat elk negeduisend hektaar gekry het (Schutte gd:37).

In 1949 word die grond weer herverdeel en kry Frederik Hendricus en Petrus Jacobus elk ‘n deel en Theunis Gerhardus Josias Nieuwoudt die restant van die plaas. Theunis se seun, Frederik Hendricus Gerhardus (Gerhard) erf die restant in 1980 (AK Calvinia Akteregister:989/1), alhoewel hy reeds vanaf 1956 op die plaas boer. Na sy troue woon hy en sy gesin tot 1981 op Soutpan. Sy oudste seun en naamgenoot, genoem Gerhardi, boer tans op die plaas maar bewoon dit nie (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

### 4.2.2 Die Theron-familie

Die stamvader van die Therons was Jacques, afkomstig vanaf Nimes, Languedoc, Frankryk. Daar bestaan onsekerheid of hy op 11 of 15 Mei 1668 gebore is. Hy kom in 1688 aan boord van die Oosterland as soldaat na die Kaap en word op 31 Mei 1688 'n burger van die Kaap (Heese & Lombard 2006:86). Hy het 'n plaas aangrensend aan die plaas Languedoc in Drakenstein besit en in 1716 het hy Languedoc uit die boedel van Esaias Costeaux gekoop. Hy verhuis na die Land van Waveren, die huidige Tulbagh en in Augustus 1714 koop hy daar die plaas Le Rhone (MS Theron gd:1). Hy trou in 1697 met Marie Jeanne Du Pre (Heese & Lombard 2006:86) en sewe kinders word uit die huwelik gebore.

Jacques en Marie se vierde kind was Pierre. Hy is op 10 Augustus 1709 gebore en op 22 September 1709 in Drakenstein gedoop. Hy was 'n boer en blykbaar welvarend want hy het vier plase besit en het 'n vyfde plaas, Le Rhone, by sy moeder geërf. Hy het twee keer getrou, die eerste keer op 19 April 1732 met Johanna Pretorius en die tweede keer op 29 Januarie 1741 met Anna du Plessis. Hy sterf op 3 Junie 1778 in Tulbagh (Heese & Lombard 2006:93).

Pierre en Johanna se eerste kind, Pieter Lodewyk, is op 25 Oktober 1733 gedoop. Hy trou ook, soos sy vader, twee keer: die eerste maal op 15 Maart 1761 in Tulbagh met Anna Bockelenberg en die tweede maal weer in Tulbagh op 10 April 1773 met Johanna Wilhelmina Maasdorp (MS Theron gd:2).

Pieter Lodewyk en Johanna Wilhelmina Maasdorp se seun Thomas Arnoldus is die eerste Theron wat met Soutpan 'n verband het. Hy is op 7 November 1779 gedoop en sterf op 20 Oktober 1860 op die plaas Hoogerug in die Hantam. Hy was ook twee keer getroud: die eerste keer op 8 Desember 1799 in Kaapstad met Helena Hendrina Visagie, en die tweede huwelik op 5 Augustus 1832 in Clanwilliam was met Elizabeth Maria van Wyk (Heese & Lombard 2006:97; KAB MOOC 7/1/252:31).

Thomas Arnoldus en Helena Hendrina se enigste seun en oudste kind, Petrus Lodewicus is op 25 Augustus 1805 gebore. Hy was drie maal getroud. Sy eerste huwelik is met Christina Sophia Hough (KAB MOOC 7/1/250:78). Hulle oudste seun is Thomas Petrus

Arnoldus, gebore op 10 Februarie 1832 en in Clanwilliam gedoop. Hy trou in Calvinia op 7 Augustus 1854 met Aletta Catharina Nieuwoudt (Heese & Lombard 2006:98; KAB MOOC 7/1/400:91). Een van hul dogters, ook genoem Aletta Catharina, trou met Frederik Hendricus (Frikkie) Boltman wat later die eerste Boltman eienaar van Soutpan word (KAB MOOC 6/9/3501:21887).

In verkorte vorm kan die Theron-stamlyn dus so weergegee word:
(* = gebore)
(≈ = gedoop)
(x = eerste huwelik)
(xx = tweede huwelik)

Jacques Theron *1668 X 1697 Marie Jeanne du Pre
Hul vierde kind van sewe:
Pierre ≈ 1709 x 1732 Johanna Pretorius
Hul eerste seun en oudste kind:
Pieter Lodewyk ≈1733 xx 1773 Johanna Wilhelmina Maasdorp
Hul derde kind:
Thomas Arnoldus ≈ 1779 x1799 Helena Hendrina Visagie
Hul oudste kind en enigste seun:
Petrus Lodewicus * 1805 x 1831 Christina Sophia Hough
Hul oudste kind en seun:
Thomas Petrus Arnoldus * 1832 x 1854 Aletta Catharina Nieuwoudt
Hul vierde kind en dogter:
Aletta Catharina *1862 x 1880 Frederik Hendricus Boltman

### 4.2.3 Die Boltman-familie

Pieter Pietersz Boltman was die stamvader van die Boltmans in Suid-Afrika. Hy was afkomstig vanaf Kopenhagen in Denemarke (Heese & Lombard 1986:322). Sy geboortedatum en sterfdatum is onbekend. Schutte gee sy sterfdatum aan as 23 Februarie 1835, maar dié datum is in der waarheid die sterfdatum van sy vrou (gd:21; KAB MOOC 6/9/4:671). Hy tree op 9 Junie 1811 in Kaapstad in die huwelik met Clara Elizabeth van die Kaap (Schutte gd:21; Heese & Lombard 1986:322). Hy het in 1814 ‘n

vrugtelisensie gekry en het waarskynlik sy hele lewe lank in Kaapstad gewoon (Schutte gd:21). Sy vrou is op 23 Februarie 1835 in Kaapstad oorlede op die ouderdom van sewe-en-sestig jaar. Volgens haar sterftesertifikaat was sy die weduwee van *oorlede* Pieter Boltman, dus is hy voor 1835 oorlede. Sy sterf aan die huis van haar seun, Frederik Henricus Boltman as armlastige, deur die kerk onderhou, en met geen bates nie (KAB MOOC 6/9/4:671).

Pieter P Boltman het vier kinders, drie seuns en een dogter, gehad wat buite die eg gebore is aangesien hy eers in 1811 getrou het. Sy tweede seun was Frederik Henricus Boltman, waarskynlik in 1792 in Kaapstad gebore. Hy was 'n winkelier in Kaapstad en het op 1 Mei 1825 daar met Christina Petronella Jacoba Kuuhl getrou. Frederik Henricus het op 21 September 1837 op die ouderdom van vyf-en-veertig jaar in Kaapstad gesterf. Die egpaar het sewe kinders gehad (Heese & Lombard 1986:322). Volgens sy sterftesertifikaat het hy 'n huis in Bloemstraat 6, Kaapstad besit (KAB MOOC 6/9/11:2383).

Frederik en Christina se sesde kind was Petrus Jacobus (Koos) Boltman, gebore op 18 Julie 1834 (KAB MOOC 13/1/2350). Hy het op 11 Februarie 1856 in Stellenbosch met Emerentia Jacoba van Ellewee getrou (Heese & Lombard 1986:322). Sy het op 18 Mei 1875 in Calvinia gesterf, 'n maand na haar tiende kind se geboorte (KAB MOOC 6/9/159; Schutte gd:21). Die baba, 'n seuntjie, het slegs drie dae geleef (Schutte gd:27). Die afleiding kan gemaak word dat die gesin een of ander tyd vanaf die Kaap na Calvinia verhuis het. Die eerste drie kinders is in Stellenbosch gebore, die vierde kind in Franschhoek, die vyfde weer in Stellenbosch en die laaste vyf in Calvinia (Schutte gd:27).

Petrus Jacobus (Koos) het na sy vrou se dood met Alida Hester Jacoba Strauss getrou (KAB MOOC 13/1/2350) en 'n tweeling, Hester Jacoba en Jacobus Nel, is uit die huwelik gebore (Heese en Lombard 1986:322). (Dit is laasgenoemde, Jacobus Nel Boltman, wat later die eienaar van die plaas Sewefontein geword het). Daar was toe al 'n verwantskap met die Therons van Soutpan want Alida Hester Jacoba Strauss se tweede man was Petrus Lodewicus Theron. Hy is in 1876 oorlede en sy het in die daaropvolgende jaar met Petrus Jacobus (Koos) Boltman getrou (MS *Theron* gd:4; Schutte gd:23).

Petrus Jacobus (Koos) was ‘n skrynwerker en bouer en die huis op die plaas Lokenburg en van die huise op die plaas Elandsvlei is waarskynlik deur hom gebou. Hy het ook pragtige houtdeure en kaste vir die huise op Lokenburg, Sewefontein en Soutpan gemaak. In die eetkamer van huis (H) op Soutpan is daar nog ‘n muurkas met ‘n ster-motief op die deurpaneel wat waarskynlik deur hom gemaak is (Schutte gd:27).

Petrus Jacobus (Koos) en Emerentia Jacoba van Ellewee se eerste kind was Frederik Hendricus (Frikkie) Boltman. Hy is op 20 Februarie 1857 in Stellenbosch gebore en het op 26 Januarie 1942 in Calvinia gesterf. Frikkie trou in 1880 op Calvinia met Aletta Catharina (Lettie) Theron. Uit die huwelik word elf kinders gebore, ses dogters en vyf seuns (Schutte gd:35).

Hulle tweede jongste seun was Theunis Gerhardus Josias Nieuwoudt (Theunis) Boltman, gebore op 20 Junie 1903. Hy trou in 1935 met Pieta Johanna Smit van Klawervlei, Clanwilliam. Uit die huwelik word twee kinders gebore, ‘n seun en ‘n dogter (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

Die seun, Frederik Hendricus Gerhardus (Gerhard) is op 18 Mei 1937 gebore. Hy trou op 4 Julie 1970 met Anita Alida van Wyk. Twee seuns word uit die huwelik gebore. Die oudste seun is die vader se naamgenoot en word Gerhardi genoem. Hy is tans die eienaar van die plaas Soutpan (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

In verkorte vorm kan die Boltman-stamlyn so weergegee word:
(* = gebore)
(≈ = gedoop)
(x = eerste huwelik)
(xx = tweede huwelik)

Pieter Pietersz x 1811 Clara Elizabeth van die Kaap
Hul tweede kind van vier:
Frederik Henricus * c1792 x 1825 Christina Petronella Jacoba Kuuhl
Hul sesde kind van sewe:
Petrus Jacobus (Koos) * 1834 x 1856 Emerentia Jacoba van Ellewee
Hul eerste van 10 kinders:

Frederik Hendricus (Frikkie) * 1857 X c1880 Aletta Catharina (Lettie) Theron
Hul tweede jongste seun van elf kinders:
Theunis Gerhardus Josias Nieuwoudt * 1903 x 1935 Pieta Johanna Smit
Hul oudste van twee kinders en enigste seun:
Frederik Hendricus Gerhardus (Gerhard) * 1937 x 1970 Anita Alida van Wyk
Hul oudste van twee seuns:
Frederick Hendricus Gerhardus (Gerhardi) * 1971 x Guillaume du Toit
Hy is tans eienaar van Soutpan

### 4.3 Boukuns van die omgewing

Die opstal en die ander geboue op die plaaswerf is 'n weerspieëling van die boukuns en die boumetodes van die omgewing gedurende 'n spesifieke periode. Die pionierboere moes onder moeilike omstandighede self vir hulle geboue oprig met beskikbare materiaal van die omgewing.

#### 4.3.1 Pioniersboukuns

Die veeboer wat die binneland ingetrek het, het dikwels vir maande lank in sy tentwa gewoon omdat hy altyd weiveld en water vir sy vee gesoek het. Wanneer hy langer op 'n plek gebly het, het hy vir hom 'n eenvoudige tydelike struktuur opgerig. Eers in die negentiende eeu was die nomadiese leefstyl van die veeboere geleidelik met 'n meer blywende styl vervang (Van der Waal-Braaksma 1986:37).

Daar was 'n verskeidenheid tydelike woonhuise soos rondawels, matjieshuise, hartbeeshuise en kapstylhuise. Kokerboomhuise, gebou met planke van die kokerboomstam en riethuise, is huise wat gewoonlik deur bruin mense bewoon is, maar dit is moontlik dat die bouvorm ook deur blanke pionier veeboere gebruik is (Van der Waal-Braaksma 1986:39). Die tydelike huise kon gou opgerig word en agtergelaat word indien die boere weer wou trek. Verskeie van die vroeë reisigers het dié tipe huisvesting van die boere beskryf. Paterson het tydens 'n reis deur die Hantam en Roggeveld geskryf dat die boer by wie hy op 3 Augustus 1778 aangedoen het, geen huis gehad het nie, maar slegs drie misrabele hutte van riet (1980:93).

Die verspreiding van die verskillende tipes huise het verband gehou met die materiaal wat in die omgewing beskikbaar is. Roggeveldse boere wat gedurende die wintermaande met hul vee na die warmer streke van die Calvinia-Karoo getrek het, het tydelik in hartbeeshuisies gewoon. Die hartbeeshuis is 'n langwerpige huis bestaande uit 'n ligte houtraamwerk wat met strooi of biesies bedek is. Kapstylhuise is ook in die omgewing gebou en het soos die hartbeeshuise, 'n houtraamwerk gehad (Van der Waal-Braaksma 1986:40-41).

### 4.3.2 Klip- en kleihuise

Namate die veeboere langer op 'n bepaalde plek gebly het, is die tydelike huise met meer permanente strukture vervang en is huise van klip of klei gebou. Daar is ook met roustene of sooie gebou (Van der Merwe 1938:213-214). Aan die begin van die 19de eeu was die plaashuise van die omgewing baie klein, eenvoudig en dikwels ongerieflik. Lichtenstein wat vanaf 1803-1806 verskeie reise na die binneland onderneem het, beskryf die wonings van die Roggeveld gebied as die eenvoudigste van die kolonie. Die huise was selde meer as nege tot twaalf meter lank. Dit het 'n klein deuropening gehad en die dakkonstruksie was van doringhoutbalke of soms van bamboes (1928:130). Sinkdakke was aan die begin van die 19de eeu nog onbekend (Van der Merwe 1938:214). Die huise het gewoonlik net twee vertrekke gehad – 'n woonvertrek wat ook as kombuis gedien het en 'n slaapvertrek waar die hele gesin geslaap het. Die beste huise het 'n klein vertrek vanuit die woonvertrek gehad wat as kombuisie gedien het (Lichtenstein 1928:130). Hout vir boudoeleindes was skaars aangesien dit met uiterste moeite oor die steil bergpaaie gebring moes word (Lichtenstein 1928:104). Huise het nie plankvloere gehad nie en misvloere was algemeen. Dit was amper onmoontlik om glas per ossewa oor steil bergpasse en ruwe paaie te vervoer, dus was glasvensters glad nie deel van die huise nie. Die vierkantige openinge in die mure wat lig en lug moes inlaat, is by gebrek aan planke met linneraampies toegemaak (Van der Merwe 1938:215).

Die ontwikkeling van die plaashuis het dus begin by die smal langgerekte grondplan wat die eenvoudigste en waarskynlik die oudste boupatroon was. Hierdie boupatroon is die langste behou. Toe groter huise later gebou is, is daar net vertrekke by die lang grondplan bygelas sodat daar byvoorbeeld T-vormige en H-vormige huise gebou is. In die

Noordweste kan die langwerpige grondplan as tradisioneel beskou word (Van der Waal-Braaksma (1986:51).

In die Roggeveld omgewing is leiklip algemeen beskikbaar en dit is gebruik om die mure van huise mee te bou. Die leiklip is in rye soos stene gelê en met klei gebind, om sodoende baie dik soliede koel mure te vorm. Die mure is binne en buite afgepleister en afgewit en slegs waar daar nie kalk beskikbaar was nie, is die muuroppervlaktes met klei afgewerk (Lichtenstein 1928:131).

Daar was verskeie redes vir die swak behuising van die omgewing. Ambagsmanne was skaars en die boere het nie altyd geld gehad om hulle te huur nie. Boumateriaal was duur en moeilik verkrygbaar. Die boere het dus gebou met dit wat in hulle omgewing beskikbaar was. Teen die einde van die 18de eeu is die boere ook nog herhaaldelik deur die Boesmans van hul grond verdryf, dus wou hulle nie duur huise wat deur die Boesmans verwoes kon word, oprig nie (Van der Merwe 1938:215-216;218). Die feit dat die boere rondgetrek het agter goeie weiveld aan was ook 'n groot rede vir die swak behuising van die omgewing. Volgens Van der Merwe het selfs die boere wat leningsplase besit het nog steeds elke paar jaar van woonplek verwissel op soek na weiveld vir hul vee. Die meeste boere het elke jaar tydelik na ander gebiede verskuif met hul vee omdat hulle geglo het dat 'n verandering van weiveld en klimaat die vee goed gedoen het. In die omgewing van die Bokkeveld en Roggeveld was die winter, wanneer dit lamtyd was, te koud vir die vee en het die boere na die warmer laer gebiede getrek (Van der Merwe 1938:218-220).

Die eenvoudige huise is deur sommige reisigers gesien as die gevolg van luiheid van die boere. Paterson is van mening dat die boere selde die moeite doen om huise te bou en hul grond te bewerk (1980:124) en Burchell verwys na 'n boer se huis as 'n *miserable hut* en hy sê verder: *our visitor's place in the scale of civilization, would be nearly at the bottom, if even it should not be below zero* (1953:157-158). Lichtenstein, daarenteen, het tydens sy besoek aan die omgewing die plaas Lokenburg besoek en daarop gewys dat hoewel die eienaar van Lokenburg die rykste man in die distrik was, sy huis glad nie sy welvaart weerspieël het nie. Hy het meer begrip gehad vir die toestande waarin die boere geleef het en volgens hom was die gebrek aan vertoon by die boere nie as gevolg van agterlikheid nie maar eerder omdat hulle in 'n afgeleë gebied gewoon en spaarsamig gelewe het (1928:103).

## 4.4 Boumetodes van die omgewing

### 4.4.1 Dakke

Rietdakke was ‘n algemene dakbedekking gedurende die negentiende eeu vir klip- en kleihuise en ook vir die meer eenvoudige matjieshuise, kliprondawels en hartbeeshuise. Rietdakke is gemaak van strooi, gras, biesies of riete wat met toue van natuurlike plantmateriaal aan ‘n houtraamwerk vasgemaak is (Fransen & Cook 1965:xxiii).

In sy eenvoudigste vorm bestaan die dakkonstruksie vir ‘n rietdak uit kapbalke en hanebalke. Balke wat paarsgewys op kort afstande van mekaar op die lengtemuur rus, kom by die nok bymekaar waar hulle met houtpenne aanmekaar gevoeg word. Dwarsbalkies, oftewel die hanebalke, maak die raamwerk stewig. Dit word opgevul met ‘n raamwerk van latte waarop die dekmateriaal gelê word. Strooi of dekriet is as dakbedekking gebruik en voorkeur is aan rogstrooi gegee omdat dit ‘n skoon, taai, lang soort strooi was. Riet wat in rivierbeddings groei is ook gebruik. Dikwels is ‘n paar lae matjiesgoed onder die dekstrooi as ekstra bedekking aangebring, dit het ook verhoed dat die strooi slordig na binne hang. Die dekmateriaal is met riempies en later met lyn aan die daklatte vasgewerk. Wanneer die dekwerk klaar is, word ‘n mengsel van klei en beesmis oor die nok van die dak gesmeer om dit waterdig te maak (Van der Waal-Braaksma 1986:52,54). ‘n Rietdak kon tot vyf-en-twintig jaar hou (Fransen & Cook 1965:xxiii).

Platdakhuise het geleidelik na die rietdakke hulle inslag in die omgewing gevind. Die dak is soos volg gemaak: riete, styf vasgepak teen mekaar, is op die dakbalke gelê, daarna is hulle met ‘n laag biesies bedek en bo-oor is ‘n laag klei gesmeer. Die dak het skuins na agter afgeloop en het gewoonlik aan die voorkant ‘n opstaan rand gehad (Van der Waal-Braaksma 1986:55).

Hout vir dakkonstruksies was nie altyd maklik bekombaar nie. Lichtenstein meld dat hout skaars was in die omgewing en dat sederhout met groot moeite aangery moes word. Hout kon wel verkry word van wilgebome wat op die oewers van die Hantamsrivier en *mimosa* wat op die oewers van die Doornrivier gegroei het (1928:104). Laasgenoemde hout en ook populierhout is algemeen gebruik vir dakkonstruksies (mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud).

### 4.4.2 Mure

Klip en klei is oral in die Noordweste as boumateriaal vir mure gebruik. Volgens Lichtenstein kon boumateriaal vir mure nie van ver af aangery word nie, dus is materiaal vanuit die omgewing gebruik. Die kliphuise van die vroeë negentiende eeu is gebou met ‘n growwe tipe leiklip wat oral in die Roggeveld te vinde is (1928:131). Klippe waarvan kante uitgesteek het of wat nie goed in die ry gepas het nie, is *gedres,* dit wil sê die kante is reggekap sodat die klip goed kon pas in die ry. Dit het aan die muur ‘n afgewerkte voorkoms gegee (mnr PJ (Kosie) Boltman 2003:onderhoud).

Opgekleide mure is dwarsdeur die land as boumetode vir pioniershuise gebruik omdat dit weinig gereedskap benodig om dit te bou (slegs ‘n graaf met ‘n skerp kant) en omdat klei oral geredelik beskikbaar is (Fransen & Cook 1965:xxi).

Die fondament vir die opgekleide mure was van klip want dit het gedien om die kleimure te versterk. Die klei is op ‘n skoon oppervlakte gegooi en alle vuiligheid soos klippies en stokkies is verwyder. Water is by die klei gevoeg en dit is deurgewerk tot ‘n dik massa. ‘n Laag van die klei is op die klip fondament gepak, so dik soos die muur moes wees en so hoog soos die kleimengsel dit toelaat. Wanneer die eerste laag klei droog is, word die kante met die graaf glad afgewerk en ‘n tweede laag klei dan bo-op die eerste laag gepak. Die proses word herhaal totdat die muur die verlangde hoogte het. Die droë kleimure word daarna gepleister en afgewit (Fransen & Cook 1965:xxi-xxii). Klippe kan ook op enige plek in die opgekleide muur gebruik word om die konstruksie van die muur te versterk (mnr PJ (Kosie Boltman 2003:onderhoud).

Kleistene wat in die son gedroog is, ook roustene genoem, is ook algemeen gebruik om huise mee te bou. Een deel leemgrond of potklei is met een deel rivierspoelsand gemeng. Die hoeveelheid sand wat bygevoeg word, hang af van die tipe klei wat gebruik word. As die stene bars as hulle droog word, beteken dit dat daar te min sand in die mengsel is. Omdat kleisteenmure maklik verweer, moet dit gepleister word (Van der Waal-Braaksma 1986:51). Pleister gemaak van klei was die eenvoudigste tipe pleister wat gebruik is (Fransen & Cook 1965:xxii). Twee dele klei en twee dele gesifte spoelsand is met een deel mis gemeng. Water is bygevoeg tot die verlangde sagtheid verkry is. Die klei is dan gebrei deur dit goed deur te trap en daarna is die roustene daarmee gepleister (Van der

Waal-Braaksma 1986:51). Omdat klei deur water versag en dus verweer kan word, is die mure altyd afgewit met skulpkalk of kalk afkomstig van klippe (Fransen & Cook 1965:xxii).

### 4.4.3 Vloere

Die huise van die vroeë negentiende eeu het gewoonlik misvloere gehad. Dit is elke dag met 'n mengsel van water en koeimis gewas, wat die vloere koel en vry van goggas gehou het (Lichtenstein 1928:131). Die vloere was eintlik nie misvloere nie, maar in der waarheid kleivloere.

Die grond is gelyk gemaak, natgegooi en daarna met 'n laag goed deurgewerkte klei bedek. Daarna is dit goed vasgestamp en gewoonlik met 'n tweede laag klei bedek. Fyngemaakte miershoop is by voorkeur vir klei gebruik. Kleivloere is stowwerig, daarom is dit met beesmis, gemeng met water gesmeer. Die misvloere was koel in die warm somerklimaat. Enkele plaashuise het perskepitvloere gehad (Van der Waal-Braaksma 1986:52).

### 4.4.4 Houtwerk

Gebrek aan goeie hout het die bou van groot huise bemoeilik. Lichtenstein meld tereg: *in large trees, such as would yield wood for building, the country is wholly deficient* 1928:104). Goeie hout kon met groot moeite uit die Sederberge en langs die Hantamsrivier verkry word. Om hout in die Kaap te gaan haal was buite die kwessie. Dit was te ver en te duur en hout was ook in die Kaap skaars (Van der Merwe 1938:216). Wit populiere is soms op plase geplant om hout vir dakmateriaal en ander doeleindes te verkry (Van der Waal-Braaksma 1986:43).

Sederhout is gebruik vir die maak van deure asook vir deur- en vensterrame. Baie ou plaashuise het ook nog muurkaste wat van sederhout gemaak is (Van der Waal-Braaksma 1986:44). Dennehout is na 1800 in groot hoeveelhede ingevoer en is oral gebruik vir houtwerk binne en buite die huis (Fransen & Cook 1965:xxiii).

Toe glasvensters in die tweede helfte van die negentiende eeu meer algemeen in gebruik was, het houtluike bygekom om die warm sonlig te versag. Die luike is gewoonlik aan die

buitekant van die venster aangebring maar soms is hulle ook binne die huis aangebring en dan het die luike mooi paneelwerk gehad. Die houtwerk was meestal groen geverf (Van der Waall-Braaksma 1986:55).

### 4.5 Die opstal en werf van Soutpan

Die opstal en werf van Soutpan word op meegaande kaart aangedui (figuur 6). Die meeste van die materiaal wat vir die geboue op die plaas gebruik is, was afkomstig vanuit die omgewing. Klip vir die geboue is op die plaas gevind. Klei is uitgehaal by die kleigate van die dam naby die huis. Die klei is met kaf gemeng en baie goed deurgetrap deur perde of esels en daarna toegemaak vir ongeveer agt dae. Roustene is ook van klei gemaak, in houtvorms geplaas en buite gelaat om droog te word. Die rousteen mure is met klei afgepleister en daarna afgewit (mnr FH Boltman 2003:onderhoud).

Die dakke van die geboue is gedek met rog (*Secale africanum*) (Poaceae) wat uit die Roggeveld kom en nie met riet nie (Thunberg 1986:297). Dit is 'n soort gras, wilderog en nie die graansoort rog nie (Van der Waal-Braaksma 1986:9). Die spaansriet wat vir plafonne in sommige van die geboue gebruik is, is waarskynlik uit Clanwilliam-omgewing afkomstig aangesien daar nie spaansriet op Soutpan groei nie. Die populierhout wat gebruik is, is moontlik afkomstig vanaf Lokenburg, een van die buurplase van Sewefontein (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2003:onderhoud).

#### 4.5.1 Lettie Briers se huis (A)

Lettie Briers was die oudste dogter van Frederik Hendricus (Frikkie) Boltman en sy vrou, Aletta Catharina (Lettie). Sy is vernoem na haar ma en het in 1900 getrou met Christoffel Jacobus Briers. Hy was as skrynwerker by haar pa op die plaas werksaam en het vir haar die huis, naby haar ouers se huis, gebou. Nadat sy en haar gesin eers na Nieuwoudtville en later na die Paarl verhuis het, het haar broer Petrus Jacobus (Boy) in die huis ingetrek (Schutte gd:36-37). Die huis het later as *Oom Boy se huis* bekend gestaan en daar word vandag nog so daarna verwys.

Die huis is waarskynlik tussen 1900 en 1910 gebou. Die bewering word gestaaf met die feit dat die breedte van die huis ongeveer nege meter is (Amschwand 2007:7). Volgens

Fransen was die wydte van ouer huise (18de- en vroeg 19de-eeus) gewoonlik nie meer as ongeveer ses meter nie omdat die drakrag van die mure nie 'n dak met 'n groter wydte kon dra nie (Fransen & Cook 1965:xviii). Volgens oorlewering is die grootste deel van die huis met tweedehandse materiaal gebou (mnr FH Boltman 2003:onderhoud). Die houtwerk en veral die plafonne lyk asof dit uit huise wat heelwat ouer sou kon wees, gehaal is.

Dit is 'n eenvoudige langwerpige huis met 'n rietdak en twee entgewels op die kort kante van die huis. Die huis het dik buitemure wat met kleistene gebou is, 'n solder en 'n buitetrap. Aan die voorkant is daar 'n venster en 'n deur met 'n bolig asook nog 'n deur sonder 'n bolig. As gevolg daarvan vertoon die een deur heelwat laer as die ander en verleen dit 'n asimmetriese voorkoms aan die voorkant van die huis. Die voordeur het 'n bo- en onderdeur en 'n Engelse styl bolig. Aan die agterkant van die huis is drie vensters. Links voor is daar 'n moderne onsimpatieke platdak aanbousel aan die huis.

Die oorspronklike huis het 'n sitkamer, drie slaapkamers en 'n kombuis gehad. Die sitkamer het geskaafde, afgewerkte dakbalke, gemaak van Oregon dennehout en die plafonplanke is waarskynlik ook dennehout. Die muurkas is van sederhout.

Die plafon van een van die slaapkamers het ook afgewerkte geskaafde dakbalke, waarskynlik van Oregon dennehout. Die tweede slaapkamer se plafon het growwe handgemaakte dakbalke wat van seder- of populierhout gemaak is met breë plafonplanke, heel moontlik ook sederhout. Die derde slaapkamer het ook onafgewerkte dakbalke maar die plafonplanke is van wisselende lengtes en breedtes. Al die slaapkamers het muurkaste van sederhout. Die deure is ook van sederhout en is besonder laag en breed (mnr FH Boltman 2003:onderhoud).

Die kombuis is aan die linkerkant van die huis, reg agter die nuwer moderne aanbousel. Die Soutpansrivier loop onder die kranse aan die suidekant van die werf verby en tydens n groot vloed het 'n gedeelte van die oorspronklike kombuismure weggespoel. Die dik mure is met gekapte klip gebou en die vertrek het nou 'n sinkdak. Die mure van die vertrek is heelwat laer as dié van die rietdakhuis. Die soldervenster van die rietdakhuis steek bokant die dak van die kombuis uit. Die vuurherd en die skoorsteen is aan die




*Figuur 6: Opstal van Soutpan*

*(Schutte gd:36)*

buitekant van die symuur van die kombuis gebou en die skoorsteen is heelwat laer as die rietdak van die oorspronklike lang huis (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).Dit is in teenstelling met die feit dat die skoorsteen gewoonlik hoog genoeg bokant 'n rietdak uitgesteek het om vonke redelik onskadelik te maak (Cook gd:28).

### 4.5.2 Lelik gewel (B)

Dit was die buitekombuis vir al die werkers van die plaas en dit is onbekend waar die naam *Lelik gewel* sy oorsprong het, aangesien die gebou nooit 'n gewel gehad het nie. Dit is 'n eenvoudige, amper vierkantige geboutjie met afgewitte mure en 'n sinkdak. Dié buitekombuis het aanvanklik 'n vuurherd en 'n skoorsteen gehad. Daar is 'n enkele venster aan die suidekant. Die deur was aanvanklik aan die oostekant van die vertrek maar nadat 'n grensdraad teen dié muur gespan is, is die deur na die noordekant verskuif. 'n Sementvloer het die eertydse misvloer vervang (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

### 4.5.3 Woonhuis van Theunis en Jonas (C)

Dié gebouekompleks is een van die oudstes op die plaaswerf. Dit was aanvanklik 'n eenvoudige lang gebou wat uit drie dele bestaan het: 'n slaapkamer met langsaan 'n skooltjie en langs die skooltjie 'n waenhuis. Dit word *Theunis en Jonas se huis* genoem omdat dié twee broers daar gebly het voordat hulle getroud is (figuur 7). Theunis het in 1935 getrou en voor sy troue het mnr Gert van Wyk 'n kombuis aan die lang gebou aangebou wat dit 'n L-vormige voorkoms gegee het. Die skoolvertrek is toe as slaapkamer gebruik en die oorspronklike slaapkamer as eetkamer en woonkamer (mnr FH Boltman 2003:onderhoud).

Die hele eenheid het aanvanklik 'n rietdak gehad. Teen die lang buitemure kan duidelik gesien word waar die mure verhoog is toe die rietdak in ongeveer 1976/77 deur Gerhard Boltman met 'n asbesdak vervang is (2009:onderhoud). Die entgewel aan die westekant van die gebou toon tekens dat dit waarskynlik 'n wolfentgewel gehad het (figuur 8). Daar is ook 'n soldertrap en solderdeur aan die westekant van die gebou.

Aanvanklik was daar 'n rietsolder aan die binnekant van die dak. Die rietsolder is netjies gelê met loopriete tussenin (figuur 9). Cook gee 'n beskrywing van hoe dié solders gemaak is. Die riete is vas teen mekaar oor die balke gelê. Hulle punte is vasgesit met spykers wat tussen die riete in die balke geslaan en omgebuig is. Daarbenewens is in die helfte van elke vak een of twee riete langs mekaar, parallel met die balke gelê (die loopriete) (1973:19). In buitegeboue is die loopriete aan die onderkant van die rietsolder gelê maar in huise bo-op. In hierdie vertrek is hulle aan die onderkant van die rietsolder en duidelik sigbaar. Die loopriete is aan die rietsolder vasgewerk met gekneusde matjiestou (*Cyperus textiles)*. Rietsolders is nooit gewit nie, maar dikwels met aalwynsap gesmeer. Dit het hulle 'n sagte glans gegee en help bewaar (Cook 1973:19).

Die mure van die hele gebou is aan die onderkant gestut en versterk met groot gepakte klippe en daarna opgebou met kleisooie wat in dik lae gepak is. Die swaairaamvensters is klein en die houtrame is van sederhout gemaak. Voor een van die vensters is daar nog 'n houtluik met lang handgemaakte skraniere wat na buite oopswaai.

Die oorspronklike drievertrek gebou het misvloere gehad (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2003:onderhoud). Volgens Cook het die lê van die tipe vloer groot kundigheid vereis. Soms is daar eers 'n fondament van klip gelê. Bo-oor die klip het dan 'n laag goed vasgestampte klei gevolg van minstens 15cm dik wat goed getrap was om al die lug uit te pers. As die vloer droog was, is dit gesmeer met vars beesmis, dun aangemaak met water. Die mis beskerm die vloer sodat dit langer hou en minder stof maak (1973:20).

### 4.5.4 Skooltjie (D)

Die vertrek het breë populierbalke met 'n rietsolder gehad. Die besonder mooi spaansrietplafon is deur plaaswerkers gelê en met tou vasgebind. Toe daar in 1935 aan die gebou verander is, is daar 'n plafon van sederhout ingesit. Die sederhoutplanke is later weer in die woonhuis (H) se slaapkamer as plafon gebruik. Tans is daar 'n dun dennehout plafon (mnr FH Boltman 2003:onderhoud).

*Figuur 7: Woonhuis van Theunis en Jonas (Foto: M Visser 2009)*

*Figuur 8: Tekens van oorspronklike wolfentgewel aan die huis van Theunis en Jonas (Foto: M Visser 2009)*

*Figuur 9: Rietsolder met loopriete tussenin (Foto: M Visser 2009)*

### 4.5.5 Waenhuis (E)

Die woonhuis van Theunis en Jonas, die skoolvertrek en die waenhuis vorm 'n eenheid. Tans is die deel wat oorspronklik die skoolvertrek en later die slaapkamer was, deel van die waenhuis. Die waenhuis is vergroot en die mure van die hele gebou verhoog sodat 'n groot trekker in die waenhuis geberg kon word. Die rietdak is met 'n asbesdak vervang (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2003:onderhoud). Aan die binnekant van die waenhuis kan duidelik gesien word hoe die nuwe muur op die ou bestaande muur gebou is.

### 4.5.6 Melkkamer (F)

Die *Melkkamer* en *Annie se kamer* is aangrensend en vorm saam 'n langwerpige tweevertrek gebou (figuur 10). Die boumetode en boumateriaal vir die twee vertrekke was dus dieselfde. Dit het 'n rietdak en *gebokste* kleimure. Die dak is gedek deur Koos van van Wyk, bekend as *Koos Pouvoet* (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud). Die mure was nie baie hoog nie, dus was die dak en die dakbalke besonder laag: daar was geen plafon nie. Toe die mure later verhoog is, is die dakbalke binne die vertrek afgesaag (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

Die deur van die melkkamer was van sederhout en is later vervang met die huidige deur, ook van sederhout. Dié bo- en onderdeur was eers die voordeur van die opstal. Daar is 'n venster aan die westekant van die vertrek. Die venster het ook 'n sederhoutraam gehad (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud). Langs die venster is daar in die dik muur 'n nis soos vir 'n muurkas, maar dit het nie 'n deur soos by 'n tipiese muurkas nie. Oorspronklik was daar nog twee sulke nisse in die noordemuur, maar dit het tot niet gegaan toe daar 'n deur in dié muur ingebou is om toegang tot *Annie se kamer* te gee. Die vertrek het 'n misvloer gehad (mev AHJ Koekemoer 2004:onderhoud).

Aangrensend aan die melkkamer was daar 'n buitekombuis met 'n groot vuurherd en 'n uitgeboude skoorsteen wat suid gefront het (mnr FH Boltman 2003:onderhoud). Die buitekombuis is afgebreek in ongeveer 1970 toe daar aan die vertrek aangebou is. 'n Slaapkamer, badkamer en kombuis is in moderne styl aan die suidekant aangebou. Die aanbousel het 'n asbesdak wat aan die binnekant *rhinoboard* plafonne het. Die vensters

*Figuur 10: Die Melkkamer en Annie se kamer (Foto: M Visser 2003)*

het staalrame en die sederhoutvensterraam van die melkkamer is ook met ‘n staalraam vervang (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud). .

### 4.5.7 Annie se kamer (G)

Anna Aletta (Annie) was ‘n ongetroude dogter van Frederik Hendricus Boltman en sy vrou Aletta Catharina. Die egpaar het in die opstal gewoon. Annie was ‘n opgeleide verpleegster en het tydens haar vader se siekte voor sy afsterwe in die kamer kom woon sodat sy hom kon versorg. Vandaar die naam *Annie se kamer* (mnr FH Boltman 2003:onderhoud).

Die vertrek het, net soos die aangrensende melkkamer ‘n lae rietdak gehad en oorblyfsels van die ou populierbalke kan nog in die mure gesien word. Dit het ook dik *gebokste* kleimure wat onder op ‘n klipmuur rus. Omdat die mure en dus die dak ook besonder laag was, is die mure opgebou. Die oorspronklike populierbalke is afgesaag en nuwe dennehoutbalke is hoër op in die mure geplaas. Die vertrek het ook ‘n dennehoutplafon en ‘n houtvloer gekry. Weens klammigheid is die houtvloer in ongeveer 1955 vervang met ‘n sementvloer wat met mat bedek is (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

Die buitedeur is nog die oorspronklike sederhoutdeur. Die sederhoutvensterraam aan die noordekant van die vertrek is met ‘n staalraam vervang (mnr FHG (Gerhard Boltman 2009:onderhoud).

### 4.5.8 Woonhuis (H)

Volgens mnr FHG (Gerhard) Boltman is dit die oudste woonhuis op die plaas. Daar is ongelukkig nie sekerheid oor wanneer presies die huis gebou is nie. Mnr Boltman vermoed dat dit moontlik tussen 1867 en 1885 gebou kon gewees het, in die tyd toe die plaas nog in besit van die Therons was. Hy grond sy bewering oor die datums op vertellinge oor die Therons. Mnr Frikkie Boltman bevestig ook dat dit die oudste huis is, maar ook hy is onseker oor die boudatum (2003:onderhoude). Volgens die boustyl, die boumetodes wat gebruik is en die grootte van die huis is dit moontlik dat die huis miskien al voor of rondom 1850 gebou is. Gedurende die eerste helfte van die neëntiende eeu was die huise in die binneland klein en ongerieflik. Daar was gewoonlik slegs drie vertrekke; die

middelste vertrek was die voorhuis wat as sitkamer, eetkamer en kombuis diens gedoen het en aan weerskante was daar slaapkamers. In groter huise was daar 'n aparte kombuis (Van der Merwe 1938;210-211). Die feit dat die vertrekke nie baie wyd is nie, bevestig ook dat die huis dalk voor 1850 gebou kon gewees het. Die plaas was al vanaf 1821 in besit van die Therons. Volgens oorlewering het hulle eers in 'n ronde huisie, waarvan die murasie nog op die plaaswerf te sien is, gewoon (Schutte gd:157). Dit is onwaarskynlik dat hulle eers tussen 1867 en 1885 'n huis daar sou bou as hul al so lank reeds op die plaas gewoon het. Indien die inligting oor die boustyl, boumetodes en grootte van die huis in aanmerking geneem word, is die waarskynlikheid dat die huis voor of rondom 1850 gebou is, in hierdie geval meer aanvaarbaar.

Volgens Walton het die vroegste pioniershuise uit slegs een vertrek bestaan. Die vertrek het aan die een kant 'n oop vuurherd gehad en aan die anderkant is dit afgeskort om 'n slaapkamer te vorm. Die afskortings is met permanente mure vervang en die eenvertrek huis het geleidelik na 'n drievertrek huis ontwikkel. Die eenvoudige langhuis het drie vertrekke langs mekaar gehad: 'n slaapkamer, eetkamer wat ook die woonvertrek was, en 'n kombuis (Walton 1965:6-7).

Die opstal van Soutpan is 'n tipiese eenvoudige langhuis met die drie vertrekke langs mekaar (figuur 11). Die rietdak is gemaak van rogstrooi afkomstig van die Nieuwoudtville-omgewing. Die dik mure is onder verstewig met gepakte klip en dan verder opgebou met *gebokste* klei. Die swaairaam vensterrame is van sederhout gemaak en het twaalf panele in vier rye van drie elk. Volgens Fransen & Cook is swaairaamvensters geleidelik vanaf ongeveer 1780 deur skuifraamvensters vervang en teen ongeveer 1815 was swaairaamvensters heeltemal uit die mode in die Kaap (1965:xxiv). Modegiere het die afgeleë platteland weliswaar heelwat later bereik, maar dit is tog te betwyfel of 'n huis wat in 1867 gebou sou word 'n boumetode sou volg wat alreeds teen ongeveer 1815 uit die mode was. Sewefontein se huis wat waarskynlik tussen 1872 en 1874 gebou is, het skuifraamvensters wat bevestig dat dié tipe venster toe ook al op die afgeleë platteland beskikbaar was.

Die solder strek slegs bo-oor die eetkamer en die slaapkamer. Aan die buitekant van die soldertrap, aan die suidelike kant, was daar ongeveer vier ingeboude hoenderneste. Die

*Figuur 11: Woonhuis op Soutpan (Foto: M Visser 2003)*

neste het ongelukkig tot niet gegaan toe daar in 1952/53 herstelwerk aan die trap gedoen is (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

Volgens mnr FHG (Gerhard) Boltman is die dakbalke van die huis van populierhout en die plafonplanke van sederhout. Die deure en vensterrame was moontlik die handewerk van Koos Boltman (2003:onderhoud). Mnr FH Boltman het beaam dat die breë plafonplanke van sederhout is en dat dit waarskynlik vanaf Citrusdal of Clanwilliam-omgewing afkomstig is. Hy het ook bevestig dat die dakbalke van populierhout gemaak is, waarskynlik afkomstig van die plaas Lokenburg. Daar was net twee plekke in die streek wat groot populierbosse gehad het, naamlik Lokenburg en Sewefontein. Sewefontein se populiere was jonger as dié van Lokenburg en het nog nie sulke dik stamme gehad nie, dus sou die balke vanaf Lokenburg afkomstig wees (mnr FH Boltman 2003:onderhoud).

Die huis het aanvanklik kleivloere gehad. Van der Merwe meld dat tot die tyd van die Groot Trek (1838) grondvloere algemeen op die platteland was. Hiervoor is miershoop gebruik wat goed vasgestamp is. Waar dit nie te kry was nie, is klei gebruik (1938:214).

Die slaapkamer het ‘n plafon van spaansriet (*Arundo donax)* gehad met ‘n brandsolder bo-op. Die spaansriet het op die populierhout dakbalke gerus. Onder die dakbalke was daar gestreepte linnedoek vasgespyker, dit het verhoed dat stof vanaf die brandsolder neersif (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2003:onderhoud). Volgens Cook het brandsolders gewoonlik bestaan uit ‘n laag van 5 of 7,5 cm goed gebreide klei. Dit het as doeltreffende beskerming teen brand gedien (1973:19). Rondom 1957 of 1958 het mnr FHG (Gerhard) Boltman die spaansriet en die toe gehawende linnedoek verwyder en dit met ‘n sederhout plafon vervang. Dit is die sederhout plafon wat in die plaasskooltjie was. Die oorspronklike populierhout balke is behou (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

Die eetkamer se plafon het breë sederhoutplanke en populierhoutbalke. Die populierhoutbalke is nou *ingeboks* met sederhoutplanke wat lyk of dit met ‘n houtwerkmasjien gesny is. Daar is ‘n venster en ‘n muurkas met ‘n ster motief aan die noordemuur (figuur 12). Die moontlikheid word genoem dat die houtwerk van die ingeboude muurkas die handewerk van Petrus Jacobus Boltman (genoem Koos) was. Aangesien hy eers in 1865 na Calvinia verhuis het, kon hy nie die huis op Soutpan gebou het nie, of as die houtwerk wel sy handewerk is, is die huis eers na 1865 gebou wat reeds

as onwaarskynlik bevind is. Dit kan ook moontlik wees dat die houtwerk van die muurkas eers later aangebring is.

Die eetkamer wat ook gedien het as woonkamer het deure na onderskeidelik die slaapkamer en die kombuis. Die deure is van sederhout en die deur na die kombuis het besonder groot handgemaakte ysterbeslag. Die skarniere en beslag van die deure was moontlik van Ceres afkomstig (mnr FH Boltman 2003:onderhoud). Die vertrek het 'n plankvloer en 'n breë sederhout vloerlys. Die oorspronklike voordeur is uitgehaal toe daar aanbouings aan die voorkant van die huis gedoen is. Dié deur is toe as buitedeur by die *melkkamer* ingesit (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

Die dado in die eetkamer het dieselfde tipe muurbeskildering as dié van die gang en sitkamer van die woonhuis op Sewefontein gehad. Dit was moontlik ook die werk van die Nederlandse skilder AF Bus wat in die distrik Calvinia oorlede is. Die vertikale houtstrook aan die bokant van die geverfde panele is van sederhout. Toe die dado gedurende die 1950's herstel is, is die muurbeskildering toegeverf (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud). Die feit dat dié muurbeskildering in die eetkamer was, kan weer die datum van wanneer die huis gebou is, in gedrang bring, aangesien Bus eers gedurende die tweede helfte van die neëntiende eeu in die Calvinia-distrik gewerk het (Olivier 1986:29-30). Sou die huis voor 1850 gebou wees, kan die populierhoutbalke wat met sederhout *ingeboks* is, die muurbeskildering en die breë vloerlys egter ook daarop dui dat die eetkamer/woonkamer dalk op 'n later tydstip gemoderniseer is.

Die kombuis het nooit 'n plafon gehad nie. Die oorspronklike kombuis het 'n vuurherd teen die oostemuur gehad met die buitedeur langs die vuurherd. Mev Aletta du Preez onthou dat die vuurherd 'n bakoond gehad het wat na buite uitgebou was (2009:onderhoud). Die vuurherd is afgebreek deur mnr Theunis Boltman. Hy het voor 1957/58 'n klein buitekombuisie aan die bestaande kombuis aangebou. In die kombuis het daar later 'n wit en blou emalje Sweedse Bolinder stoof gestaan (mev Aletta du Preez 2009:onderhoud). Die kleivloer is rondom 1953 met die huidige plankvloer vervang (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

Daar was 'n klipstoep voor die huis wat oor die lengte van die huis gestrek het. Aan die twee kort kante van die stoep was daar klipbankies (mev Alette du Preez

*Figuur 12: Muurkas met stermotief (Foto: M Visser 2003)*

2009:onderhoud). In 1962 is daar 'n badkamer en toilet aan die voorkant van die huis aangebou en is die oop stoep toegemaak om as sitkamer te dien (mnr FHG (Gerhard Boltman 2009:onderhoud).

### 4.5.9 Jan Slaai se huis (I)

Dit is volgens oorlewering die oudste geboude konstruksie op die werf en dit is blykbaar die huis van *Jan Slaai* Steenkamp (Schutte gd:157). Indien dit wel so is, kan die gebou dalk al uit 1809 dateer, aangesien Soutpan toe al as leningsplaas aan Jan Harmse Steenkamp (*Jan Slaai*) gegee is (KAB J19:106). Volgens Penn het die kommandolede wat die moordenaars van Hartwyk Fleck se skaapwagter agtervolg het, in die *kliphuis* geslaap (2005:79). Dit was in 1812 en die *kliphuis* was heel moontlik hierdie huis (I).

Die huis is langwerpig en is van klippe wat op mekaar gepak is, gebou (figuur 13). Dit bestaan uit slegs een vertrek. Burchell gee in sy reisbeskrywing *Travels into the interior of Southern Africa, 1822-4*, 'n beskrywing van so 'n eenvertrekwoning van klip, met 'n rietdak gedek, in die Roggeveld-Karoo. Die woning het 'n klein vensteropening gehad en die vertrek was in twee ruimtes verdeel, die een 'n woonruimte en die ander 'n slaapgedeelte. Laasgenoemde het ook as bergruimte gedien (1953:169).

Amschwand is van mening dat die klipgebou te klein was vir 'n man, sy vrou en sewe kinders om in te bly. Hy glo dat die huis eerder as bergruimte gebruik is en dat Steenkamp en sy gesin op een van sy ander plase in die omgewing gewoon het (2007:31). Steenkamp het wel op Soutpan gewoon, maar het naas die kliphuis, ook 'n plaashuis gehad (Penn 2005:78).

Die huis van Jan Slaai kon 'n rietdak of 'n kleidak gehad het. Tot in die 1960's was daar duidelike tekens dat die huis twee entgewels gehad het wat met kleistene gebou was (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2003:onderhoud). Die oorspronklike dak en die oorblyfsels van die entgewels het verweer. Tans is daar geen dak op die gebou nie. Die balke wat uitsteek, is deur mnr FHG (Gerhard) Boltman opgerig om lusern en strooi bo-op te gooi. Hy het op 'n stadium met volstruise geboer en die gebou gebruik om snags skuiling aan die klein volstruisies te bied (2009:onderhoud).

Daar is een klein vensteropening in die oostemuur en ‘n deuropening aan die noordekant. Daar is geen tekens van houtrame vir die vensteropening of die deuropening nie. Aan die binnekant van die woning is daar teen al die mure inhamme in die klipmuur wat waarskynlik as bergplek vir gebruiksartikels gedien het.

### 4.5.10 Meulhuis (J)

Volgens oorlewering is die meulhuis deur Christoffel Jacobus (Stoffel) Briers gebou. Hy het in 1900 met ‘n Boltman vrou getrou en was as skrynwerker werksaam by haar vader, Frederik Hendricus (Frikkie) Boltman (Schutte gd:37).

Die meulhuis is ‘n langwerpige gebou. Dit is geheel van klip en het tans ‘n staan-sinkdak. Die populierhoutbalke aan die binnekant van die dak is *gedissel*; dit beteken dat dit netjies gekap is (mnr PJ Boltman 2003:onderhoud). Die meulhuis het ‘n bo- en onderdeur en ‘n klein vensteropening met ‘n houtluik voor. Bokant die venster is daar nog ‘n groter venster, waarskynlik vir lugsirkulasie omdat die meulhuis baie warm kon word wanneer daar koring gemaal is.

Die perdemeul wat binne-in die meulhuis was, was van sederhout gemaak. Dit is in die laat 1940’s verkoop. Tans word die meulhuis as bergplek vir veevoer gebruik (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud). Volgens die testament van Petrus Lodewicus Theron en sy eerste vrou, Christina Sophia Hough, erf hulle seun, Thomas Petrus Arnoldus Theron, Soutpan en *de koorn meulen met zyn toebehoorens compleet* word ook aan hom bemaak (KAB MOOC 7/1/250:78). Die testament is in 1860 opgestel. Die bepaling impliseer dat daar toe al ‘n meulhuis op die plaas was. Indien Christoffel Jacobus (Stoffel) Briers die huidige meulhuis eers ná 1900 gebou het, moes ‘n ander gebou op die plaas as meulhuis gedien het.

### 4.5.11 Boy se waenhuis (K)

Dit word *Boy se waenhuis* genoem omdat dit op die deel van die werf staan wat aan Petrus Jacobus (Boy) Boltman behoort het. Dit vorm ‘n eenheid met die meulhuis en is dus ook deur Stoffel Briers gebou. Dit is ‘n lang gebou met ‘n sinkdak wat aaneenloop met die dak van die meulhuis. Dit is, net soos die meulhuis, in geheel van klip gebou en

*Figuur 13: Kliphuis van Jan Slaai (Foto: M Visser 2003)*

het ook *gedisselde* populierhoutbalke. Daar is geen vensters nie, net 'n wye deuropening in die kort muur, wat aan die bokant 'n lang grof afgewerkte populierhoutbalk het (mnr FH Boltman 2003:onderhoud).

### 4.5.12 Kraal en kalwerhok (L & M)

Die groot kraal is aangrensend aan die meulhuis en waenhuis aan die noordekant. Aan die oostekant van die kraal is daar 'n veel kleiner kalwerhok. Die kraal en die kalwerhok het dik stewig gepakte klipmure. Die groot kraal het 'n interessante hek (figuur 14). Daar is nie 'n gewone hek in die hekopening nie. Die kraalmuur aan weerskante van die opening is na voor uitgebou. In elk van die twee uitgeboude dele is daar ewewydig van mekaar, onder, in die middel en bo, drie groot openinge in die muur gelaat. Drie lang pale word in die openinge gesteek en dit vorm 'n doeltreffende hek om te keer dat die vee die kraal verlaat.

### 4.5.13 Smidswinkel (N)

Die smidswinkel en Palvie se kamer vorm 'n eenheid. Dit is 'n langwerpige gebou wat aanvanklik 'n rietdak gehad het. Na die Anglo-Boereoorlog is die dak vervang met geronde sink, afkomstig van twee blokhuise (mnr FH Boltman 2003:onderhoud). Dié blokhuise was op die plaas Kamaroe, nie ver van Soutpan af nie. Kamaroe is geleë op die Calvinia-Clanwilliam pad tussen Botterkloof en die Augusfonteinberge. Gedurende die Anglo-Boereoorlog was daar tweehonderd berede Engelse soldate gestasioneer. Die sinkplate was van 'n besonder harde sink gemaak. Na die oorlog het die Boltmans van Soutpan en die Nels van Brakrivier die sink van die blokhuise afgehaal en op hul onderskeie plase gebruik (Nel 2003:280). Nadat die westelike entgewel in ongeveer 1950/52 ingeval het, is die oostelike entgewel ook verwyder en die gebou het tans 'n plat sinkdak. Volgens mnr FHG (Gerhard) Boltman was dit die eerste gebou op die werf wat 'n sinkdak gekry het (2003:onderhoud).

Die hele gebou is van gepakte klip gebou en die deel van die muur wat aangrensend aan die kraal is, is op die kraalmuur gebou. Daar was eers 'n kleivloer, maar nou is daar 'n sementvloer. Daar is tans nie 'n deur in die deuropening wat noord gerig is nie. Die venster aan die suidekant kyk uit in die kalwerhok. Daar was oorspronklik 'n groot

*Figuur 14: Kraalhek (Foto: M Visser 2003)*

vuurherd binne-in die vertrek (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2003:onderhoud). Volgens die testament van Christina Sophia Hough en Petrus Lodewicus Theron wat in 1860 opgestel is, erf hul seun Thomas Petrus Arnoldus, Soutpan. Hy erf ook *de gereedschap van de smitswinkel* (KAB MOOC 7/1/250:78). Dié inligting kan impliseer dat die gebou uit die tyd voor 1860 dateer.

### 4.5.14 Palvie se kamer (O)

Die naam *Palvie se kamer* is afkomstig van die feit dat die grofsmid genaamd Palvie in die kamer gebly het (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2003:onderhoud).

Aangesien dié vertrek en die smidswinkel 'n eenheid vorm, is die dak, mure en vloer van dieselfde materiaal gemaak as dié wat in die smidswinkel gebruik is en het die vertrek dieselfde veranderinge ondergaan. Daar is 'n deur aan die oostekant van die vertrek en 'n venster aan die noordekant. Die vertrek word met 'n muur van die smidswinkel geskei. Daar was 'n sederhout bo- en onderdeur maar die onderdeur is vervang 'n greinhout deur (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2003:onderhoud).

### 4.5.15 Kafhok en perdestal (P & Q)

Die kafhok is 'n langerige gebou en is waarskynlik voor die stal gebou. Dit het 'n rietdak gehad en die gepakte klipmure het twee entgewels gehad. Later is die stal aan die noordekant aangebou en het die noordelike entmuur van die kafhok die twee dele van mekaar geskei. Met die aanbouings is die noordelike entgewel afgebreek. Na die Anglo-Boereoorlog is die rietdak met reguit gebuigde blokhuissinkplate vervang. Op 'n later stadium is die mure verhoog, die sinkplate afgehaal en die dak vervang met 'n asbes platdak. Tans word dit as 'n bergplek en skeerhok gebruik (mnr FHG (Gerhard Boltman) 2009:onderhoud).

Die perdestal is aangrensend aan die kafhok en op 'n later tydperk as die kafhok gebou. Die dak was blykbaar ook eers 'n rietdak en is ook later met blokhuisplate vervang (mnr FH Boltman 2003:onderhoud). Op die dakplate is die handelsnaam *Lysaght* sigbaar met die kenteken, 'n emu. Volgens Fransen & Cook is sinkplaat in die negentiende eeu deur bogenoemde handelsfirma gepatenteer en is dit in die Kaap vanaf ongeveer 1860 gebruik

(1965:xx). Die binnekant van die dak rus op gedisselde balke en 'n gedeelte van die rietplafon word gebruik om kaf op te berg. Die gebou het dik gepakte klipmure. Die staldeur was blykbaar dieselfde tipe as die staldeur by Sewefontein en was van sederhout (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2003:onderhoud). Die boonste deel het hortjies vir ventilasie gehad en lang handgemaakte skarniere. Volgens Van der Waal-Braaksma dateer dié tipe staldeur uit ongeveer 1840 (1986:47). Binne is daar 'n dubbelkrip (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2003:onderhoud).

Voor die kafhok is die oorblyfsels van 'n trapvloer te sien.

Die meulhuis, Boy se waenhuis, kalwerhok, perdestal, smidswinkel en Palvie se kamer is almal op dieselfde wyse en met dieselfde tipe boumateriaal gebou. Dit word met redelike sekerheid aanvaar dat Boy se waenhuis en die meulhuis deur Stoffel Briers gebou is. Die smidswinkel, Palvie se kamer, die kafhok en perdestal is waarskynlik vroeër gebou aangesien die geboue almal eers rietdakke gehad het wat na die Anglo-Boereoorlog met sinkplate afkomstig vanaf blokhuise vervang is. Indien die geboue eers na die Anglo-Boereoorlog deur Stoffel Briers gebou was, sou die oorspronklike dakke van sinkplaat, afkomstig van die blokhuise, gewees het.

## 4.6 Daaglikse lewe op Soutpan

### 4.6.1 Agtergrond

Alhoewel uitbreiding na die noorde stadig was het veeboere veeposte al hoe verder die binneland in aangelê en teen ongeveer 1725 het hulle die teenswoordige distrik Clanwilliam en reeds voor 1730, die Bokkeveld bereik (Smit 1946:2). Die meeste van die blanke pioniers van die Noordweste was afkomstig uit streke rondom Piketberg, Porterville, Tulbagh en Clanwilliam (Van der Waal-Braaksma 1986:18).

Nadat die leningsplaasstelsel afgeskaf en vervang is met die ewigdurende erfpagstelsel is heelwat plase in die omgewing in die 1820's opgemeet en teen 1830-1840 is baie van die plase op die eienaar se naam oorgedra. Plaasbewoners het hulle dus permanent op hul plase gevestig en dikwels het plase geslagte lank in besit van dieselfde familie gebly (Van der Waal-Braaksma 1986:21).

In die geval van Soutpan was dit aanvanklik die Theron-familie en daarna die Boltmans wat die plaas lewe gegee het. Uit beskikbare historiese dokumentasie en mondelinge oorlewerings sal daar gepoog word om die leefwyse van die plaasbewoners gedeeltelik te herskep.

### 4.6.2 Plaasaktiwiteite

Omdat Soutpan ver van die dorp Calvinia geleë is het die mense daar 'n selfversorgende eenheid gevorm. Gedurende die laat negentiende eeu is die plaas as 'n halfwegstasie tussen Calvinia en Clanwilliam beskou en omdat dit ook op die pad na die Ceres-Karoo geleë is, het baie reisigers daar aangedoen.

Gedurende die twintigste eeu het daar het 'n hele paar mense op die plaas gewoon wat verskillende beroepe beoefen het. Christoffel Jacobus Briers was skrynwerker en bouer, sy broer Marthinus C Briers was onderwyser en Jan Briers was helper op die plaas. Palvie was die grofsmid (Schutte gd:35).

Pos het vanaf Clanwilliam, Doornbos en Spaarbos na Soutpan gekom en is te perd vervoer (mnr FHG (Gerhard) Moltman 2009:onderhoud).

Verskillende plaasaktiwiteite is beoefen. Op die dorsvloer is die koring uitgetrap sodat die koring van die kaf geskei kon word en in die meulhuis is die koring verwerk en tot meel gemaal. By die smidswinkel is die perde se hoewe beslaan en is perdekarre en waens herstel. Die skrynwerkers het meubels gemaak en herstel en allerlei ander houtwerk is gedoen.

Wat voedselvoorsiening betref, was die plaasmense so ver as moontlik selfvoorsienend. Daar is 'n sterk standhoudende fontein naby die huis maar aangesien die water op Soutpan baie brak is, was die verbouing van groente nie so suksesvol nie. Wortels, beet en pampoen kon wel geoes word maar nie ander groentesoorte nie. Vrugtesoorte waarmee sukses behaal was, sluit die volgende in: granate, pere, vye, kwepers, appelkose, pruime, koejawels, spanspek en waatlemoen. Daar is ook dadelbome op die werf, maar dit is onbekend waar dit vandaan gekom het en wie dit geplant het. Druiwe kon nie suksesvol verbou word nie. Weens die brakwater was dit nie moontlik om 'n

blomtuin aan te lê nie en het slegs rose en asters goed in die grond geaard (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

Omdat daar met vleisskape geboer word, is skape altyd vir die pot geslag. Voordat daar 'n yskas in die huishouding was, het die plaasmense altyd in die laat middag geslag. Die vleis is in die groot peerboom wat voor die woonhuis gestaan het, opgehang. Gedurende die nag het die vleis buite gehang en vroeg die volgende dag, voor die son opkom, moes dit weer ingebring word. Gedurende die dag is dit in emalje skottels in die koelste plek in die huis gehou en is die betrokke vertrek donker gehou. Dié proses is elke dag herhaal totdat die vleis opgebruik is. Die vleis is in 'n sekere orde gebruik om te verhoed dat dit sleg word. Alle vleis wat effe bloederig is en wat murg bevat is eerste geëet, omdat dié vleis gou sleg word. Die nek en die rugstring, in die volksmond die *langwa* genoem, is dus altyd eerste gebruik. Daarna het die boudvleis, die tjops en die kookvleis gevolg. Die blaaie en die ribbes wat gewoonlik goed ingesout was, is laaste geëet (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud). Volgens mev AHJ Koekemoer is daar soms ook wild soos duikers, steenbokke en volstruise gejag en is daar ook af en toe skilpaaie geëet (2004:onderhoud).

Daar is ook met hoenders en soms met ganse en makoue geboer. 'n Paar melkkoeie is aangehou en botter is gemaak. In die tydperk vanaf 1955 - 1958 is die room per trein na Darling gestuur. Brood is gereeld gebak en in die vrugtetyd is vye, granate en kwepers gedroog vir latere gebruik (mev AHJ Koekemoer 2004:onderhoud; mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud). Volgens mnr Gerhard Boltman het sy moeder die vrugte goed benut en niks is vermors nie; van kwepers is byvoorbeeld kweperlekkers en kweperjellie gemaak. Vye is gebruik vir konfyt en rolvye en smeervye is gemaak (2009:onderhoud). Daar was 'n groot kis in die kombuis waarin sakke suiker en droë vrugte gebêre is (mev Aletta du Preez 2009:onderhoud).

Veldkos uit die omgewing is benut deur veral die skaapwagter en die trekboer wat die plantegroei van die omgewing goed ken en weet waar om dit te soek. Ernst Boltman, toe 'n skoolseun van die Hoërskool Nieuwoudtville, het in 1953 'n artikel oor veldkos van die distrik vir die jaarblad van die skool geskryf. Van die veldkos wat skaars en moeilik is om uit te grawe, is *baroe, voëlvoet* en *rapdol.* Die volopste veldkos is die verskillende soorte uintjies soos die soetuintjie (*Moraea fugax).* Kambro is van die bekendste veldkosse. Dit

word amper net soos waatlemoenstukke voorberei en gekook. Rou is dit ook smaaklik en dit les die dors. Finkels trek maklik uit die grond nadat die reën die grond saggemaak het. Hulle het 'n baie soet smaak en daar kan nie te veel op 'n keer van dit geëet word nie. Nog 'n bekende veldkos, suring, word deur die plaaswerkers gebruik. Die lang stingels van die geelsuring (*Oxalis luteola*), word met melk opgekook tot 'n smaaklike pap (Schutte gd:75).

Tans word daar met Dorperskape geboer. Graan word slegs op klein skaal verbou, omdat die deel van die plaas wat Gerhard Boltman besit baie goeie weiveld het, maar nie grond wat geskik is vir landerye nie. Mnr FHG (Gerhard) Boltman het ook vanaf 1955 tot ongeveer 2004 kommersieel met volstruise geboer (2009:onderhoud).

### 4.6.3 Anglo-Boereoorlog

Calvinia was een van die dorpe in die Noordweste wat ook direk of indirek by gevegte gedurende die Anglo-Boereoorlog betrokke was. Soutpan en sy Boltman-eienaars is ook deur verskeie insidente gedurende die Anglo Boereoorlog geraak.

Aan die Boerekant was genl Manie Maritz op 'n stadium operasioneel in die Calvinia-distrik met die Engelse offisier, lt kol T Capper, op sy spoor. So het Maritz op 1 Augustus 1901 op Soutpan aangekom waar sy kommando op die volgende eiendom van FH Boltman beslag gelê het: hawer, kaf, elf perde, twee muile met 'n kar, twee-en-sewentig skape en sewe bokke. Maritz het daarna in die rigting van Nieuwoudtville beweeg. Kort op sy hakke het Capper gevolg en hy het op 4 Augustus 1901 op Soutpan aangekom waar die Boltmans probeer het om hom te vertraag in sy poging om Maritz vas te trek. Capper het op sy beurt op die volgende eiendom van die Boltmans beslag gelê: een-en-sewentig sakke koring, twee sakke gars, twee sakke hawer, een veerwa, sewentien perde en muile, disselbome van waens, bokvelle asook ander goedere. Hy het ook 2173 skape, vyf hoenders, vyf-en-twintig osse, meel, seep en tuie geneem. Hy het 361 sakke koring wat hy nie kon vervoer nie in die water van die Soutpansrivier, wat suid van die werf vloei, laat uitgooi (Nel 2003:168).

Mev AHJ Koekemoer onthou dat haar moeder vertel het hoe die koring uit die water gehaal is en op die klipplate naby die dam droog gemaak is en ook hoe hulle koring in

klipskeure naby die rivier weggesteek het. Die plaasbewoners self het van die versteekte koring gebruik en Boere-kommandolede wat in die veld was, het ook gereeld kosvoorrade by die inwoners van Soutpan gekry (2004:onderhoud).

Op 8 Augustus 1901 het Capper weer op Soutpan aangekom en gesien dat die Boltmans van die koring wat hy in die rivier laat gooi het, uitgehaal het. Capper het dit aangeteken en ná die Anglo-Boereoorlog is FH Boltman se kompensasie-eis met vyftig persent verminder. Die dokument is tans in besit van FHG (Gerhard) Boltman (onderhoud:2003). Na die koring-insident het Capper Frederik Henricus Boltman gearresteer en is hy geboei, op sy eie ryperd, en aan een van die Engelse se perde gekoppel, na Clanwilliam geneem om verhoor te word (Nel 2003:168).

Tydens Boltman se aanhouding het sy getroue plaasarbeider *Klaas Kastrol* met slim planne dit reggekry om as boodskapper tussen Boltman en sy vrou Aletta op te tree. Hy het gereeld briewe wat hulle aan mekaar geskryf het heen en weer gesmokkel. Boltman is later as ongewenste op parool vrygelaat en moes in Clanwilliam bly tot na die oorlog. Klaas is nooit gevang nie (Nel 2003:169).

In nog ‘n insident het komdt Abraham Louw op 23 Maart 1902 ‘n vierman verkenningspatrollie voor sy kommando, wat op pad na Soutpan was, uitgestuur. Omdat die plaas in ‘n vallei lê en die Engelse daar naby op die plaas Karamoe gestasioneer was, moes die verkenners die plaas eers goed verken. Op die plaas aangekom het die plaasmense vir hulle net met hul hande in die rigting van die kafhok beduie. Binne die kafhok het hulle twee Engelse soldate vas aan die slaap gekry. Hulle is deur die verkenners gevange geneem (Nel 2003:431). Komdt Louw was onbewus daarvan dat die Britse magte al sy bewegings dopgehou het. Op sy beurt het kapt Pelham amper daarin geslaag om Louw op die plaas vas te trek nadat sy brandwagte aan die slaap geraak het. Louw se kommando kon vlug (Nel 2003:431-432).

Volgens oorlewering het van Frederik en Aletta Boltman se kinders vertel hoe hulle van die Engelse manskappe wat gereeld op die plaas aangekom het, se klere moes was en stryk. Uit wrewel het hulle die klere so hard geslaan dat van die knope afgebreek het en dan moes hulle dit maar weer gedwee optel en aan die kledingstukke aanwerk (mev AHJ Koekemoer 2004:onderhoud).

### 4.6.4 Geestelike kultuur

Slegs enkele aspekte van die geestelike kultuur word hier aangespreek, aangesien dit so ‘n wye veld dek. Die leefwyse en kultuuruitinge wat behandel word, verwys na die laat 19de en die 20ste eeu.

#### 4.6.4.1 Dood en begrafnis

Buurthulp ten opsigte van ‘n siek persoon het tot diep in die twintigste eeu op kleiner dorpe en op plase voorgekom. Bure sou help om na ‘n ernstige siek persoon om te sien of hulle sou na die huismense omsien deur hulle byvoorbeeld met kos te voorsien (Grobbelaar ea 1977:214). So het Frederik Hendricus (Frikkie) Boltman se dogter, Anna Aletta (Annie), wat ‘n opgeleide verpleegster was, hom verpleeg en versorg tydens sy siekbed tot met sy afsterwe (Schutte gd:81).

Met die dood van ‘n persoon moes die doodskis en graf van die oorledene dadelik reggekry word. Tot met die twintigste eeu het die plaasmense betyds gesorg dat hul kiste beskikbaar was omdat dit te ver en te tydrowend was om dorp toe te gaan om ‘n kis en linne te kry. Die kis het gewoonlik op die solder gestaan en het sommer as bergplek vir voedsel soos droëvrugte gedien. Kiste is óf self deur die plaasbewoners gemaak óf deur ‘n skrynwerker van die omgewing (Grobbelaar ea 1977:216).

Familiebegraafplase was tot diep in die twintigste eeu nog baie belangrik, veral op plase wat ver van die naaste dorp geleë was. Dit is gewoonlik omhein om beskadiging deur diere te voorkom en is met bome, meestal immergroen sipresbome as simbool van ewige lewe, beplant (Grobbelaar ea 1977:216).

Uit die geskiedenis van Soutpan blyk dit dat daar heelwat van die plaasbewoners op die plaas oorlede is. Daar is ‘n familiebegraafplaas ‘n entjie weg van die opstal en werf. In die begraafplaas is daar ongeveer 21 grafte waarvan sommige nie geïdentifiseer kan word nie omdat dit grafte sonder grafstene met inskripsies is. Die eerste Boltman-eienaar van die plaas, Frederik Hendricus en sy vrou, Aletta Catherina Theron, se grafte is ook in die begraafplaas.

#### 4.6.4.2 Onderwys

Gedurende die tyd van die pioniersboere het dit maar sleg gegaan met die onderwys. Daar was 'n skaarste aan onderwysers en die uitgestrektheid van die land en die yl verspreiding van die bevolking het onderwystoestande bemoeilik (Van der Waal-Braaksma 1986:35). Teen 1844 was daar nog rondreisende onderwysers en in 1891 het nog slegs 22% van alle kinders van skoolgaande ouderdom enige vorm van onderwys ontvang (Van der Waal-Braaksma 1986:35).

In 1904 het advokaat HS van Zyl 'n pleidooi gelewer vir onderwys in die Noordweste. Onderwystoestande het verder verbeter toe dominee AD Lückhoff in 1908 as 'n beampte van die Departement van Onderwys aangestel is. Deur sy toedoen het daar heelwat onderwysers na die Noordweste gegaan. Die grootste verbeteringe in die onderwys het egter eers na die Eerste Wêreldoorlog plaasgevind (Van der Waal-Braaksma 1986:36).

Op Soutpan was daar ook 'n plaasskooltjie waar kinders van die omliggende plase onderrig ontvang het van inwonende onderwysers. Die eerste keer wat die skooltjie amptelik op die lys van die Superintendent Generaal van Onderwys aangeteken is, was in 1907. Daar word gemeld dat die skool eers 'n Klas PF (*Private Farm* School) was, maar dat dit vanaf Januarie 1907 'n A3 skool is. Daar kan dus afgelei word dat die skool reeds voor 1907 bestaan het. Die skool het voorsiening gemaak vir kinders vanaf sub. A tot met standerd vyf en was onder beheer van die Nieuwoudtville Skoolraad. In 1907 is mnr JP Marais aangestel as hoof in die plek van mev Ella du Toit, maar hy verlaat weer die skool na ses maande. Aletta Catharina Briers word in sy plek as plaasvervanger aangestel, maar omdat daar geen aansoeke vir sy pos was nie, word sy verder tot einde Desember 1907 aangestel (KAB SGE 1/597:29).

Teen 1909 is daar dertien leerlinge in die skool en het daar intussen 'n nuwe hoof beheer oorgeneem, 'n *miss* M Huggett. Na aanleiding van 'n navraag van die Onderwys departement verduidelik sy dat daar so min kinders in die skool was omdat hulle hul ouers moes gaan help oes (KAB SGE 1/785:28). Teen 1911 het miss Huggett ook weer vertrek en vanaf Januarie 1911 neem AC Briers weer in haar plek waar as hoof. Saam met haar as onderwyseres is daar nou 'n Maria Cornelia van Rhyn (KAB SGE 1/966; 1/1062). Marthinus C Briers en Bettie Smit van Klawervlei, Clanwilliam, was ook van die onderwysers verbonde aan die skool (Schutte gd:35).

Uit die dokumente blyk dit dat daar 'n gedurige wisseling van personeel was. Die grootste oorsaak van die personeelwisseling was die afgesonderdheid van die plaas en die lae besoldiging van die onderwysers. In 1914 word daar deur lede van die Nieuwoudtville Skoolraad gekla dat hulle tevergeefs MC van Rhyn se pos adverteer en dat hulle geen aansoeke vir die pos kry nie omdat die plaas te afgesonderd is. Ook was 'n sekere mej Basson nie bereid om vir £90 per jaar daar te kom onderwys gee nie (KAB SGE 1/1251:31). Mej Sophia Loubser van Stellenbosch word gelukkig in Junie 1914 aangestel maar sy is ook ontevrede met haar salaris. Volgens haar het die Nieuwoudtville Skoolraad die pos vir £130 per jaar geadverteer en het hulle haar per telegram laat weet dat sy £140 per jaar sou verdien. Nou kry sy net £120 per jaar (KAB SGE 1/1251:240).

Die fisiese toestand van die skooltjie was ook nie na wense nie en dra ook daartoe by dat die onderwysers nie lank daar bly nie. Volgens 'n inspeksieverslag van 1919 het die skoolkamer 'n lae dak, kleivloer en onvoldoende lig en is dit *uiterst armzalig en kan niet anders dan een nadelige invloed uitoefenen op het gezichtsvermogen van de leerlingen* (KAB SGE 2/504).

Mej Loubser bly vir een jaar en ses maande daar en onder haar leiding vaar die skool goed. Daar is vyftien leerlinge, die skoolonderrig is puik en die kinders vorder goed in al hulle vakke. Lees, skryf en voordrag is puik, spelling en wiskunde redelik en taalonderrig en geografie, goed. Addisionele vakke is tekenonderrig asook godsdiensonderrig. Daar word ook genoeg geld bymekaar gemaak om 'n klavier te koop (KAB SGE 2/400).

Die skooltjie het teen ongeveer 1924 gesluit en al die leerlinge het toe verskuif na die skool op Sewefontein (Schutte gd:35).

#### 4.6.4.3 Volkswoordkuns

##### 4.6.4.3.1 Plekname

Name wat belangrik is in die omgewing is dié van die rivier wat op die plaas loop, asook die naam van die plaas. As die rivier nie vloei nie slaan die sout in wit kolle uit wat duidelik sigbaar is. Dit kan aanvaar word dat dit die rede is waarom die plaas Soutpan heet en die rivier die Soutpansrivier genoem word (mnr FHG (Gerhard) Boltman

2009:onderhoud). Ander beskrywende name is Kleinfonteintjie, Klipfontein, Kleinberg en Klipvlei. Volgens mnr FHG (Gerhard) Boltman het sy oupa gereeld na 'n klipkoppie naby die werf geloop en daar op 'n klip gesit om belangrike sake te oordink – vandaar die naam Sitkop vir die klipkoppie (2009:onderhoud).

Vertrekke in geboue op die werf het ook spesifieke benaminge gekry na aanleiding van bedrywe en gebeure. *Palvie se kamer* was die grofsmid Palvie se kamer waarin hy geslaap het. In die *melkkamer* is melk verwerk en *Annie se kamer* is so genoem nadat sy in die buitekamer kom woon het sodat sy haar vader kon versorg toe hy siek geword het (Schutte gd:39).

**4.6.4.3.2 Persoonsname**

Om verwarring uit te skakel tussen familielede wat dieselfde naam dra, word daar van byname gebruik gemaak. Daar is Rooi Kolie, Vaal Kolie, Rooi Frikkie en Jan Slaai (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009: onderhoud). Daar is Frikkie Boltman wat Ouswaer genoem word en Vaal Kolie van Suidwes (Schutte gd: 107, 109). Twee name met 'n interessante oorsprong was dié van tant *Girlie* en oom *Boy*. Gedurende die Anglo Boere-oorlog het die Engelse gedurig die plaas besoek. Die suster en broer was toe onderskeidelik ongeveer vyf en vyftien jaar oud. Die vyfjarige dogter is deur die Engelse as *Girlie* aangespreek en die vyftienjarige seun as *Boy.* Hulle het die byname tot die dag van hul dood behou (mev AHJ Koekemoer 2004:onderhoud).

**4.6.4.4 Geloof**

**4.6.4.4.1 Formele godsdiens**

Die huis en die kerk is die instellings wat by uitnemendheid vir die sedelike opvoeding van die enkeling verantwoordelik is (Grobbelaar ea 1977:131). Hierin het die trekboere van die noordweste onwrikbaar geglo.

Al was boeke in die negentiende eeu skaars op die platteland het omtrent elke familie 'n Bybel besit. Behalwe vir die Statebybel wat gewoonlik baie goed opgepas is, het die meeste gesinne ook die gesange van Willem Sluiter en die Heidelbergse kategismus besit

(Van der Merwe 1938:247). Alle godsdiensgebruike van die vroeë negentiende eeu op die platteland was gegrond op die Bybel. Daar is gepraat van *boekevat,* waarmee die hou van huisgodsdiens bedoel word (Van der Merwe 1938:248).

In die negentiende eeu toe die plattelandse bevolking yl verspreid was, was die nagmaalsviering en die nagmaalsnaweek 'n baie belangrike geleentheid. Reeds in 1667 het die Kaapse kerkraad besluit dat Nagmaal vier keer per jaar gevier sou word. Twee van die geleenthede moes rondom Pase en Kersdag wees (Booyens 1982:16). 'n Volwaardige nagmaal het die Sondagoggend nagmaalsdiensdiens, 'n nabetragtingsdiens op Sondagmiddag, 'n gewone diens in die aand en soms ook 'n dankseggingsdiens Maandagoggend ingesluit. Die doop van kinders en die huweliksbevestiging van jongmense het gewoonlik by die dankseggingsdiens of nabetragtingsdiens geskied (Booyens 1982:57).

Behalwe die godsdienstige verrigtinge wat die belangrikste komponent van die nagmaalsnaweek was, het die nagmaalsnaweek ook 'n sosiale en ekonomiese betekenis gehad. Vir die jongmense was die dit 'n tyd om gesellig te verkeer en ook die tyd om formeel aangeneem en voorgestel te word as nuwe lidmate van die gemeente (Booyens 1982:29). Vir die ouer persone was dié sosiale verkeer ook belangrik. Families en vriende het mekaar weer gesien en gesprekke is gevoer oor gesondheid, boerderysake, kerksake, dispute en politieke verwikkelinge (Booyens 1982:31).

Die nagmaalsnaweek het verskeie handelsgeleenthede daargestel. Vandisies was van groot belang en het die koop en verkoop van woonhuise, kerkerwe, produkte van die plase en winkelware ingesluit. Die kerkbasaar het ook 'n belangrike sosiale en ekonomiese deel van die nagmaalsnaweek gevorm (Booyens 1982:36,40).

Die Boltman-familie van Soutpan het ook 'n Statebybel met koperbeslag in besit. Met 'n groot vloed van die Soutpansrivier, wat naby die opstal en werf vloei, is daar skade aan die opstal berokken. Van die items wat deur die water meegesleur was, was die Bybel wat in 'n sakkie bewaar was. Dié Bybel is later weer gevind waar dit op die plaas Brakrivier, wat meer as veertig kilometer vanaf Soutpan geleë is, uitgespoel het (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

Op Soutpan is daar ook gereeld huisgodsdiens gehou en saans na ete is daar boekegevat. Met die koms van die radio is daar Sondae na die eredienste geluister wat oor die radio uitgesaai word aangesien dit te ver was om dorp toe te ry om eredienste by te woon. Ten spyte van die groot afstand dorp toe is tog gepoog om gereeld die Nagmaalvieringe op die dorp by te woon (mev AHJ Koekemoer 2004:onderhoud).

#### 4.6.4.4.2 Volksgeloof

Onder die bruin mense van die omgewing is daar nog baie bygelowe. Talle van die bygelowe handel oor slange. Grobbelaar meld dat dit te verstane is in 'n land soos Suid-Afrika waar slange so volop is (1977:92). Omdat die plaas Soutpan in 'n droë streek val, is die stories van die waterbas of waterslang nie van belang nie, maar die volksmense van die omgewing het wel ander bygelowe oor slange. Hulle glo dat 'n pofadder homself oprol, sy stert vasbyt en agter sy prooi aanrol, asook dat die slange koeie en bokke se uiers uitsuig. Omdat daar nie mambas in die omgewing voorkom nie maar wel geelslange, is daar ook talle gelowe oor dié slange. 'n Ou geloof is dat 'n geelslang so vinnig kan beweeg dat jy nie vir hom kan weghardloop as hy jou jaag nie. Nog 'n bygeloof is dat as 'n geelslang baie kwaad is, hy regop op sy stert staan (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

'n Ander volksgeloof is dat Bloukop koggelmanders baie giftig is en dat dit gaan reën as dié koggelmanders gedurig noord kyk (mnr FHG (Gerhard) Boltman 2009:onderhoud).

### 4.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar groot klem gelê op die genealogie en die uitleg van die Theron- en Boltman-families omdat dié twee families die grootste rol in die plaas Soutpan se geskiedenis gespeel het. Volgens historiese dokumentasie was die Therons van 1821 in besit van die plaas en het dit in 1897 oorgegaan na die Boltman-familie. Dit is tot vandag in besit van laasgenoemde familie. Talle huwelike tussen Therons en Boltmans het die bande tussen hulle versterk en albei families het 'n groot bydrae gelewer tot die ryke geskiedenis van die plaas vanaf 1821 tot vandag.

Die vraag kan gevra word van watter belang die boukuns en boumetodes van die omgewing asook die beskrywing van die geboue op die werf vir plaastoerisme het. Dit is wel van groot belang. Omdat die plaas nie meer bewoon word nie, is 'n aantal van die geboue is reeds vervalle. Ander het onsimpatieke aanbousels aan die oorspronklike gebou. Indien 'n gebou behou word, moet die eienaar besluit vir watter doeleindes hy dit gaan gebruik.

As die eienaar plaastoerisme wil bedryf, is dit uiters noodsaaklik dat die bouwerke geanaliseer word en 'n waardebepaling daarvan gedoen word aangesien hy die bouwerke sal moet restoureer of opknap alvorens hy dit sal kan benut vir plaastoerisme. Kennis van die geskiedenis, boumetodes en boumateriaal van elke gebou sal help om te besluit of 'n gebou gerestoureer of opgeknap kan word of gesloop moet word.

Die begrip *restourasie* is baie kontensieus en geen uitsluitsel kon nog daaroor gekry word nie. Restourasie is in werklikheid 'n uitvloeisel van die bewaringsbeginsel. Die bewaringsaksie omvat verskeie prosesse en tegnieke, naamlik behoud, restourasie, versterking, hersamestelling, aanpassing, rekonstruksie en nabootssing (Oberholster 1988:39-40).

Oberholster beskryf restourasie as *die proses om die kultuurvoorwerp te herstel tot die vorm wat dit in 'n bepaalde stadium van sy ontwikkeling gehad het.* Die gevaar van hierdie proses lê daarin dat die restourerende gesag, in pogings om 'n voorwerp tot 'n bepaalde periode te restoureer, die voorwerp van alle tekens van latere ontwikkeling kan stroop (1988:39).

Volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) beteken die begrip *restourasie* die volgende: *Opknapping, herstel, verbouing van die hele of 'n belangrike deel van 'n ou gebou of kunswerk om dit so presies moontlik terug te bring na die vorm wat dit oorspronklik of in 'n vorige tyd gehad het* (1985:899).

Crouts, soos vervat in Van Zyl se studie, definieer die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap se siening oor restourasie soos volg: *Restourasie is die proses van herstel of herbouing van die bestaande strukture en komponente van 'n plek, en die*

*verwydering van aanbousels met die doel om dit terug te bring na die vorm wat dit oorspronklik of in 'n vorige fase gehad het* (Van Zyl 2003:136).

Baie kenners staan dié vorm van bewaring voor, hoewel almal nie saamstem oor die metodiek en uitgangspunte nie. Volgens Van Zyl is Burden se probleem met dié standpunte dat uitdrukkings soos *vorige tyd, vorige fase* of *beste tyd* subjektief is en steeds deur 'n liggaam of persoon bepaal moet word. Die restourerende liggaam neem hierdie besluite wat noodwendig deur 'n reeks faktore, waaronder finansiële, praktiese en estetiese oorwegings, beïnvloed word (Van Zyl 2003:136).

Eaton se uitgangspunt is dat restourasie tot in die kleinste detail kultuurhistories korrek moet wees omdat die voltooide gebou die oorspronklike, asook die lewens van die inwoners, moet weerspieël (1968:41).

Ongeag watter metode van restourasie gevolg word, bly dit 'n duur proses en indien die eienaar besluit om die geboue te restoureer, is so 'n breedvoerige studie oor die geboue nodig om te weet presies hoe 'n gebou gelyk het of om te besluit tot watter tydperk die gebou gerestoureer moet word.

Uit 'n toerismeoogpunt gesien, is dit belangrik dat die geboue in 'n goeie toestand moet wees aangesien sommige vir akkommodasie gebruik sal word. Toeriste wat plaasakkommodasie verkies, hou daarvan om meer te weet van die geskiedenis van die plaas waar hulle oornag en die gebou waarin hulle slaap. Kennis van die geskiedenis van elke gebou is hier van belang en 'n uitvoerige studie van die geboue soos in die hoofstuk beskryf, is van groot nut.